# BEROEPSGERIGTE ONDERWYS AAN SPESIALE SKOLE IN TRANSVAAL

DEUR

**ANDRIES JOHANNES VAN ZYL**
(BA, B.ED., THOD, VDO (SP.O.))

SKRIPSIE GOEDGEKEUR TER GEDEELTELIKE NAKOMING
VAN DIE VEREISTES VIR DIE GRAAD

**MAGISTER EDUCATIONIS**

IN DIE DEPARTEMENT

**VOORLIGTING EN ORTOPEDAGOGIEK**

AAN DIE

**POTCHEFSTROOMSE UNIVERSITEIT**
**VIR CHRISTELIKE HOËR ONDERWYS**

STUDIELEIER : PROF. H.B. KRUGER

MEYERTON - JUNIE 1988

DANKBETUIGING

My opregte dank aan:

* Prof. H.B. Kruger, my studieleier vir die sinvolle en bekwame leiding met hierdie studie.

* My eggenote en kinders vir die wyse waarop hulle my aangemoedig en bygestaan het.

* Alle persone, wat deur deelname aan die empiriese ondersoek hierdie studie moontlik gemaak het.

* Die Transvaalse Onderwysdepartement vir die toestemming om 'n empiriese ondersoek by spesiale skole te doen.

* Mev. M. van Heerden vir die professionele tikwerk.

* My kollegas vir hulle raad en belangstelling.

* Die Almagtige God wat aan my die genade gegee het om hierdie studie te kon deurvoer.

Die Skrywer.

Meyerton - Junie 1988

OPSOMMING

# BEROEPSGERIGTE ONDERWYS AAN SPESIALE SKOLE IN TRANSVAAL

Verantwoordbare opvoedende onderwys aan verstandelik-gestremde leerlinge wat hulle onderrig aan 'n spesiale skool ontvang, behoort te lei tot selfaktualisering. Die kind kom onder andere deur 'n gepaste beroepskeuse tot selfaktualisering aangesien dit hom help om in 'n nuttige, selfonderhoudende en diensvaardige mens te ontplooi.

Die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, verleen egter nie direkte toegang tot vakleerlingopleiding nie. Leerlinge verwag dikwels dat hulle in die rigtings waarin hulle op skool in die praktiese afdelings gespesialiseer het, in diens geneem en selfs verder opgelei sal kan word. Die meeste van hierdie leerlinge word egter by skoolverlating in beroepe wat min of geen verband hou met hulle opleiding nie aangestel.

Daar is aan die hand van literatuurstudie gepoog om beroepsgerigte onderwys aan opvoedbare verstandelik-gestremde leerlinge opvoedkundig te fundeer. Die opvoeding van die kinders word bestudeer aan die hand van hulle beperkinge, moontlikhede, verwagtinge, nood en hulle aanspraak op beroepsgerigte onderwys. Die belang wat ouers by hulle verstandelik-gestremde kind se opvoeding het, die taak van die spesiale skool t.o.v. die verskaffing van beroepsgerigte onderrig en die rol wat werkgewers in die verband te vervul het, word bepaal.

Die program van opvoedende onderwys aan spesiale skole in Transvaal word aan die hand van literatuurstudie ontleed. Die identifisering van leerlinge wat verstandelik-gestremd is, die kurrikula vir spesiale skole en die sillabusse van die meeste vakke word bespreek en probleemareas word geïdentifiseer. 'n Empiriese ondersoek bevestig die aktualiteit van die geïdentifiseerde probleme. Vraelyste wat aan alle spesiale skole in Transvaal gestuur is en skedules wat deur 'n

aantal werkgewers voltooi is, is vir die ondersoek ontwerp. Die bevindinge word aangebied en geïnterpreteer.

Aanbevelings wat gemik is op meer beroepsgerigte onderwys aan leerlinge in spesiale skole, word gemaak. Enkele terreine vir verdere navorsing word geïdentifiseer.


ABSTRACT

VOCATIONAL TRAINING AT SPECIAL SCHOOLS IN THE TRANSVAAL

Accountable education for mentally handicapped pupils who receive their tuition at special schools should lead to self-actualisation. The pupil achieves self-actualisation through, among other factors, the choice of a suitable career, as this helps him to become a useful, self-supporting and competent member of society.

However, the training which a pupil attending a special school receives, does not provide him with direct access to training as an apprentice. Pupils often expect that the practical fields in which they specialised at school will lead to their obtaining employment in these fields and even to their being given further training in their chosen fields. Unfortunately, it is a fact that most of these pupils, on leaving school, are appointed in professions that have little or no bearing on their training at school.

In this study an attempt to found a pedagogically viable vocational training programme for educable mentally retarded pupils, based on literature studies, is made. The education of these pupils is studied through the perspectives of their restrictions, their potential, their expectations, their needs and their right to vocational training. The interest which parents have in the education of their mentally retarded child, the special school's responsibility in supplying suitable vocational training, as well as the role that employers should play in this regard, are identified and studied.

The programme of educational training at special schools in the Transvaal is analysed in the light of literature studies. The identification of mentally handicapped pupils, the curricula for special schools and the syllabuses for the majority of the subjects are discussed and problem areas are identified. An empirical investigation confirms the actuality of the identified problems. Questionnaires sent to all special schools in the Transvaal and schedules completed by a number of employers were designed. The findings are presented and interpreted.

Recommendations aimed at a more vocationally oriented education system for pupils at special schools are made. Possible areas for further research are identified.

INHOUD

1. INLEIDING,PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK ..... 1

1.1 Inleiding ..... 1
1.2 Probleemstelling ..... 5
1.3 Doelstelling ..... 6
1.4 Metode van ondersoek ..... 6
1.5 Begripsbepaling ..... 7
1.6 Program van studie ..... 9

2. 'n OPVOEDKUNDIGE FUNDERING VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS AAN VERSTANDELIK-GESTREMDE LEERLINGE ..... 11

2.1 Inleiding ..... 11

2.2 Die verstandelik-gestremde kind as opvoedeling. 12
2.2.1 Inleiding ..... 12
2.2.2 Beperkinge ..... 12
2.2.3 Moontlikhede ..... 14
2.2.4 Verwagtinge en nood ..... 16
2.2.5 Aanspraak op beroepsgerigte opvoedende onderwys ..... 17

2.3 Die ouers se belang by die opvoeding en onderrig van die verstandelik-gestremde kind .. 18
2.3.1 Inleiding ..... 18
2.3.2 Stadia waardeur ouers, wie se kinders vir spesiale onderwys geklassifiseer word, gaan ..... 18
2.3.3 Die opvoedingsmilieu tuis ..... 20
2.3.4 Aanspraak op gepaste opvoedende onderwys 21
2.3.5 'n Realistiese toekomsverwagting ..... 22

2.4 Die skool se taak by die opvoeding en opleiding van die verstandelik-gestremde kind ..... 23

2.4.1 Inleiding ............................ 23
2.4.2 Identifisering en steungewing .......... 24
2.4.3 Die kurrikulum: differensiasie en individualisering ..................... 25
2.4.4 Beroepsgerigte opvoedende onderwys ..... 26

2.5 Potensiële werkgewers se rol ten opsigte van beroepsgerigte opvoedende onderwys aan spesiale skole .................................. 27

2.6 Samevatting ................................ 29

3. DIE PROGRAM VAN OPVOEDENDE ONDERWYS AAN SPESIALE SKOLE IN TRANSVAAL ................................ 30

3.1 Inleiding .................................. 30

3.2 Identifisering van leerlinge wat verstandelik-gestremd is ................................ 30

3.3 Die kurrikulum van die spesiale skool ......... 33
3.3.1 Inleiding ............................ 33
3.3.2 Skolastiese vakke .................... 33
3.3.3 Praktiese vakgroepe .................. 37
3.3.4 Ander vakke .......................... 40

3.4 Probleemareas t.o.v. beroepsgerigte onderwys .. 41

3.5 Samevatting ................................ 43

4. EMPIRIESE ONDERSOEK ........................... 44

4.1 Inleiding .................................. 44

4.2 Bepaling van ondersoekmetodes ................ 45

4.3 Ongestruktureerde onderhoude .................. 45
4.4 Vraelyste aan spesiale skole .................. 46
4.4.1 Die doel met die vraelyste ............ 46
4.4.2 Konstruksie van die vraelys ........... 47

4.5 Gestruktureerde onderhoud en skedule .......... 51
4.5.1 Doel met gestruktureerde onderhoude en skedule ............................. 51
4.5.2 Samestelling van skedule .............. 52

4.6 Respondente ................................... 56
4.6.1 Skole ................................. 56
4.6.2 Werkgewers ............................ 56

4.7 Verspreiding van die vraelyse en voltooiing van die skedule ........................... 56

4.8 Response ...................................... 57

4.9 Samevatting ................................... 58

5. AANBIEDING EN INTERPRETASIE VAN DATA ............... 59

5.1 Inleiding ..................................... 59

5.2 Data verkry van spesiale skole ................ 59
5.2.1 Verspreiding van respondente .......... 59
5.2.2 Skoolverlaters en vakleerlingopleiding . 61
5.2.3 Beroepe wat deur leerlinge van spesiale skole, wat nie vir vakleerlingopleiding kwalifiseer nie, gevolg word .......... 64
5.2.4 Indiensneming van leerlinge uit spesiale skole ................................ 65

5.2.5 Die geskiktheid van die huidige kurrikula en departementele sillabusse vir spesiale skole .................... 68
5.2.6 Kurrikulering en die vasstelling van sillabusse ............................ 69
5.3 Data verkry van potensiële werkgewers ....... 73
5.3.1 Inleiding .............................. 73
5.3.2 Verspreiding van respondente ........... 74
5.3.3 Indiensneming van leerlinge uit spesiale skole ......................... 76
5.3.4 Die geskiktheid van die opleiding wat leerlinge, ten opsigte van moontlike arbeidsplasing, ontvang ................ 78
5.3.5 Skakeling tussen skole en potensiële werkgewers ............................ 79
5.3.6 Indiensnemingsvereistes ................ 80
5.3.7 'n Gewysigde skakelproses met die oog op gepaste beroepsgerigte opleiding aan spesiale skole ......................... 82
5.3.8 Reaksie van 'n potensiële werkgewer wat tans nie leerlinge uit spesiale skole in diens neem nie ................ 83

5.4 Samevatting ................................. 84

6. SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS ............ 86

6.1 Inleiding .................................. 86

6.2 Algemene oorsig ............................ 86
6.3 Samevatting van bevindinge .................. 87

6.4 Aanbevelings ............................... 89
6.4.1 Doeltreffende skakeling ................ 89

6.4.2 Hersiening van kurrikula .............. 91
6.4.3 Personeelopleiding .................... 92
6.4.4 Indiensopleiding van leerlinge ......... 93

6.5 Slot .................................... 94

7. BRONNELYS ................................. 95

8. BYLAES .................................... 105

LYS VAN TABELLE .............................. (vi)

LYS VAN FIGURE ............................... (vii)

TABELLE


5.1 Gebiede waaruit leerlinge, op wie die ondersoek gerig is, kom .......... 60

5.2 Aantal leerlinge wat spesiale skole in 1986 verlaat het om te gaan werk .......... 61

5.3 Die aantal leerlinge wat vir vakleerlingopleiding gekeur is, dié wat wel vakleerlingopleiding ontvang en die aantal werkloses in verhouding tot die aantal skoolverlaters .......... 62

5.4 Die aantal leerlinge wat vakleerlingopleiding ontvang in die spesifieke rigtings waarin op skool gespesialiseer kan word .......... 63

5.5 Beroepe waarin leerlinge wat nie vir vakleerlingskappe kwalifiseer nie, in diens geneem is .......... 65

5.6 Rangorde wat toegeken is aan sekere eienskappe, vaardighede en kwalifikasies met die oog op indiensneming van skoolverlaters .......... 66

5.7 Faktore wat probleme veroorsaak by die indiensplasing van skoolverlaters uit spesiale skole .......... 67

5.8 Die lid van die skool se bestuurspersoneel wat gewoonlik eerste met werknemers skakel .......... 70

5.9 Die lid/lede van die bestuurspersoneel wat die geskiktheid van werksgeleenthede vir leerlinge uit spesiale skole ondersoek .......... 71

5.10 Die frekwensie waarteen skole se bestuurspersoneel aanbevelings ten opsigte van kurrikulering en/of sillabusaanpassings gemaak het gedurende 1985 en 1986 .......... 72

5.11 Persone of instansies by wie die bestuurspersoneel van spesiale skole gedurende 1985 en 1986 aanbevelings ten opsigte van kurrikula en/of sillabusse gemaak het .......... 73

5.12 Gebiede waarin organisasies met wie gestruktureerde onderhoude gevoer is, geleë is .......... 74

5.13 Bedryfsaktiwiteite waarby potensiële werkgewers betrokke is .......... 75

5.14 Die aantal leerlinge uit spesiale skole wat vanaf 1 Januarie 1985 tot 31 Desember 1986 deur werkgewers wat by die ondersoek betrek is, in diens geneem is .......................................... 76
5.15 Die aantal persone uit spesiale skole wat as ingeskrewe vakleerlinge by die werkgewers wat by die ondersoek betrek is, in diens was ........... 77
5.16 Die tipe poste waarin leerlinge uit spesiale skole deur werkgewers aangestel word .................. 77
5.17 Die aantal werkgewers wat aandui of daar 'n verband is tussen die spesifieke praktiese opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang en die werk wat hulle verrig ................................. 78
5.18 Skakeling tussen werkgewers en spesiale skole in 'n bepaalde omgewing om effektiewe opleiding en indiensneming te verseker ....................... 79
5.19 Die aantal werkgewers wat aandui of hulle op enige wyse invloed op die samestelling van die kurrikula en sillabusse vir spesiale skole uitoefen ....... 79
5.20 Die aantal werkgewers wat aantoon dat hulle 'n inspraak wil he by die bepaling van kurrikula en sillabusse vir spesiale skole in hulle omgewing .. 80
5.21 Die rangorde wat werkgewers aan sekere persoonlikheidseienskappe, vaardighede en kwalifikasies met die oog op indiensneming toeken ............. 81
5.22 Die persoon of instansie met wie werkgewers, op die mees praktiese wyse wil skakel ten einde invloed uit te oefen op die beroepsgerigte opleiding van leerlinge aan spesiale skole ........ 82

FIGURE

6.1 Model vir skakeling tussen werkgewers en die onderwysdepartement ............................ 90

# BEROEPSGERIGTE ONDERWYS AAN SPESIALE SKOLE IN TRANSVAAL

## HOOFSTUK 1

## INLEIDING, PROBLEEMSTELLING, DOELSTELLING EN METODE VAN ONDERSOEK

### 1.1 INLEIDING

Spesiale onderwys aan opvoedbare verstandelik-gestremde blanke leerlinge is 'n uitvloeisel van die Suid-Afrikaanse stelsel van gedifferensieerde onderwys (RSA, 12 Nov. 1971). Vir hierdie leerlinge word daar in Transvaal deur die betrokke onderwysdepartement voorsiening gemaak in spesiale klasse by primêre skole en by spesiale skole vir leerlinge tussen die ouderdom van twaalf en twintig jaar.

Die doel van gespesialiseerde onderwys is om hierdie leerlinge in staat te stel om uit 'n geskikte kursus van onderrig voordeel te trek (Humphreys, 1985:571) en hulle aanpassing in en by die gemeenskap te vergemaklik (T.O.D. 1985:1; Mithaug et al. 1985:397). Indien daar van hierdie doelstelling uitgegaan word, moet die onderwys en opleiding van gestremde leerlinge van so 'n aard wees, dat dit hierdie kinders op die weg na volle selfaktualisering sal plaas. Verantwoordbare opvoedende onderwys bring die kind tot selfaktualisering waaruit, onder andere, 'n beroepskeuse voortvloei (Vrey, 1979:199). Ten einde tot 'n gepaste beroepskeuse te kom, sodat hulle na skoolverlating nuttige, selfonderhoudende en diensvaardige mense kan wees (T.O.D. 1985:1; Hasazi et al., 1985:468), is dit noodsaaklik dat hulle relevante beroepsgerigte onderwys sal ontvang.

Praktiese opleiding, wat uiteindelik behoort uit te loop op gepaste indiensplasing, is een van die belangrikste funksies van die spesiale skool. Goodall et al., (1983:271) definiëer indiensplasing as die proses waardeur die leerling se

vermoëns en vaardighede met die vereistes van die spesifieke werksgeleentheid vergelyk en gepas word.

Leerlinge in spesiale skole onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement, bestee daagliks die helfte van die onderrigtyd aan praktiese vakke in verskillende bedrywe, terwyl die ander helfte aan die skolastiese en ander nie-teoretiese vakke wat in die skoolkurrikulum opgeneem is, bestee word (T.O.D. 1985:24). Die feit dat leerlinge, na 'n oriënteringsperiode van twee jaar, in spesifieke praktiese vakgroepe spesialiseer en opgelei word, skep by hulle die verwagting dat hulle by skoolverlating in daárdie rigting of bedryf in diens geneem en selfs verder opgelei sal kan word (Edgar, 1985:470). Die probleem is egter dat leerlinge in spesiale skole hoogstens 'n jaarvlak vyf-sertifikaat kan verwerf. Hulle praktiese en teoretiese opleiding is nie op dieselfde vlak as die normale opleiding wat as toelating vir vakleerlingskap vereis word nie en is daarom nie 'n voorbereiding tot vakleerlingskap nie. Slegs verdienstelike leerlinge uit spesiale skole word na sorgvuldige keuring en toetsing deur die Departement van Mannekragbenutting tot vakleerlingskappe toegelaat (T.O.D. 1985:28). In die meeste gevalle word 'n standerd sewe-sertifikaat as die minimum-kwalifikasie vereis.

As gevolg van die bogenoemde probleem wat dié betrokke leerlinge ondervind ten opsigte van die toelating tot vakleerlingskappe, word die grootste persentasie van hulle deur die arbeidsmark as operateurs, handlangers, bodes, verpakkers en in ander beroepe vir halfgeskoolde persone in diens geneem (Steenkamp, 1985:254-257).

Vir hierdie leerlinge uit spesiale skole is die problematiek wat aangeraak is, wesentlik, aangesien daar in 'n bestel waarin daagliks meer getegnokratiseer word, 'n wyer-wordende gaping ontstaan tussen die skoolopleiding wat die spesiale skool aanbied en die eise en vereistes van potensiële

werkgewers (Edgar, 1985:470). Van der Stoep (1984:6) het bevind dat daar, veral in geïndustrialiseerde gebiede, 'n groeiende gaping tussen onderwys en gemeenskapsontwikkeling is, omdat die onderrig nie relevant is nie. Calitz (1986:9) meen dat die wanverhoudings wat daar tussen die onderwys en die beroepslewe bestaan, deur aangepaste onderwysstelsels reggestel sal moet word. Die spesiale skool sal moet toesien dat die basiese vaardighede - lees, skryf en reken-, sowel as die praktiese vaardighede van toepassing moet wees op die moontlike poste wat leerlinge uit die betrokke skole kan vul (Spooner, 1986:250). Werkloosheid kom in 'n groot mate voor onder persone wat hulle opleiding aan spesiale skole gehad het. Bellamy (1985:475) het bevind dat ongeveer 45% van die skoolverlaters van spesiale skole wat by 'n ondersoek betrek is, werkloos was.

Aangesien die gemeenskap en daarom ook die potensiële werkgewers, definitiewe belang het by die opvoeding en opleiding van leerlinge in hulle omgewing, kan hulle ook bepaalde verwagtinge van die onderwys hê. Die werkgewers is indirek verantwoordelik vir onderwysfinansiering en omdat hulle die potensiële verskaffers van werksgeleenthede vir leerlinge uit spesiale skole is, behoort hulle, volgens Becker (1982:7), ook op 'n streekbasis inspraak te hê op die ontwerp van kurrikula en die bepaling van die tipe onderwys wat skole aanbied. Waar leerlinge uit spesiale skole meestal sonder enige verdere opleiding in diens tree by 'n werkgewer, kan die gevaar bestaan dat hierdie leerlinge bloot in terme van ekonomiese nut en produksie beskou word (Pretorius, 1979:105). Spesiale skole en potensiële werkgewers behoort as vennote saam te werk om bogenoemde probleem vroegtydig die hoof te bied. Volgens die verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting insake 'n nasionale onderwysstelsel vir verstandelik-gestremde leerlinge (RGN, 1975:30) is daar bevind dat die voorberoepsopleiding wat die leerlinge ontvang, nie beroepsgerig genoeg is nie en dat baie verstandelik-gestremdes probleme ondervind om suksesvol by

die beroepsituasie in te skakel. In bogenoemde verslag (54) word aanbeveel dat senior verstandelik-gestremde leerlinge spesifieke beroepsgerigte onderrig moet ontvang op grond van die peil van bereikte volwassenheid, die intellektuele vermoë en skolastiese vordering.

Beroepsgerigte opvoedende onderwys is verantwoordbaar indien dit die kind in sy totaliteit voorop stel. Daar moet 'n balans wees tussen die selfaktualisering van die verstandelik-gestremde kind en eksterne behoeftes en verwagtinge (Thompson, 1973:159 & 237). Sowel die voorgeskrewe as die verborge kurrikulum moet so geïmplementeer en ontwikkel word dat dit na volwassewording en 'n positiewe selfbeeld lei (Doll, 1982:44). Hamilton (1971:51) bevind dat die verstan delik-gestremde kind stadiger as die normale kind groei en dat meeste fisiese, psigiese en geestelike ontwikkelingsvlakke ook op 'n later ouderdom bereik word. Die periode van onvolwassenheid en onvolgroeidheid duur dus langer en hierdie kinders behoort daarom langer op skool te bly ten einde meer gereed te word vir spesifieke beroepsgerigte opleiding. Die Transvaalse Onderwysordonnansie op spesiale onderwys (1968), bepaal dat 'n geklassifiseerde verstandelik-gestremde leerling skoolpligtig is tot en met die laaste dag van die jaar waarin sodanige kind die ouderdom van twintig jaar bereik het, of totdat die kind die toepaslike kursus van onderrig voltooi het en na die mening van die Direkteur van Onderwys gereed is om die skool te verlaat en hom by die buitewêreld aan te pas. Die leersituasie, waarin die gestremde kind deur opvoeding besig is om die gaping tussen wat is en wat behoort te wees te oorbrug, gaan met frustrasie en spanning gepaard (Hamilton, 1971:40). 'n Groot deel van die genoemde frustrasie kan toegeskryf word aan die feit dat die kind nie verstaan en geken word nie, dat hy onnodig gepenaliseer word en veral van te min of van nie-gepaste opvoedings-, beroeps- en sosiale geleenthede voorsien word (Kronick, 1975:22).

Die gaping tussen skoolopleiding en die vereistes wat poten-

siële werkgewers by indiensneming stel, kan nie deur beroepsleiding alleen ondervang word nie (Steenkamp, 1985:178), aangesien die departementeel-voorgeskrewe kurrikula van die spesiale skole en die sillabusinhoude nie vir vakleerlingopleiding aanvaar word nie en die spesifieke opleiding nie van toepassing is op die tipe werk wat verstandelik-gestremde persone by potensiële werkgewers kan verrig nie. Die indiensnemingsvereistes van werkgewers en die aard van ondernemings in 'n bepaalde omgewing mag verskil van dié in 'n ander gebied. Die gevolg hiervan is dat indiensnemingsprobleme moontlik gebiedsgebonde mag wees, aangesien die leerlinge se opleiding in 'n bepaalde gebied in ooreenstemming mag wees met die indiensnemingsvereistes, terwyl dit nie noodwendig vir 'n ander gebied geskik sal wees nie. 'n Algemene kurrikulum-aanpassing wat op alle betrokke skole van toepassing is, kan dus ook nie die probleem ten opsigte van die gaping tussen skoolopleiding en indiensnemingsvereistes, die hoof bied nie. Die bestuurspan van die spesiale skool het 'n besondere verantwoordelikheid ten einde toe te sien dat opleiding en onderwys aan die betrokke skole, leerlinge die geleentheid bied om hulle vaardighede te ontwikkel en kennis en begrip te hê vir die werklike wêreld waarin hulle sal moet leef (Humphreys, 1985:571).

Die onderrig wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, hou skynbaar vir hulle definitiewe probleme in wanneer hulle die skool verlaat.

## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Die probleme wat in paragraaf 1.1 na vore gekom het, word vervolgens saamgevat.

Dit wil blyk:

* asof die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole

ontvang nie geskikte voorbereiding bied vir indiensneming nie;

* dat daar 'n gaping bestaan tussen die kurrikula en die departementeel-voorgeskrewe sillabusse enersyds en die vereistes wat potensiële werkgewers andersyds stel en

* dat die probleem van indiensneming gebiedsgebonde is.

## 1.3 DOELSTELLING

Die doel met hierdie ondersoek sal daarom wees om te bepaal:

(a) of die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang hulle voldoende voorberei vir indiensneming;

(b) of daar inderdaad 'n gaping bestaan tussen die bestaande kurrikula van die betrokke spesiale skole en die vereistes wat deur die betrokke potensiële werkgewers, met betrekking tot opleiding en indiensneming, gestel word;

(c) of die probleem algemeen of gebiedsgebonde is;

(d) om aan die hand van die bevindinge aanbevelings te maak vir die moontlike oplossing van die probleme.

## 1.4 METODE VAN ONDERSOEK

Met die oog op die moontlike beantwoording van die probleemvrae en die maak van aanbevelings sal die volgende navorsingsprogram gevolg word.

1.4.1 Deur middel van literatuurstudie sal ondersoek ingestel word na die probleem, al dan nie, van beroepsgerigte opvoedende onderwys aan opvoedbare verstandelik-gestremde leerlinge. Daar sal onder andere aan die volgende aspekte

aandag gegee word:

- die verstandelik-gestremde kind se situasie in die wêreld,
- sy beperkinge en verwagtinge;
- sy opvoedingsbehoeftes en aanspraak op beroepsgerigte opvoedende onderwys.

Verder word die belang en rol van die ouers, die skool en potensiële werkgewers by die opvoeding en opleiding van dié leerlinge ondersoek.

1.4.2 'n Empiriese ondersoek waar van vraelyste, gestruktureerde onderhoude en skedules gebruik gemaak sal word, word gedoen na die bestaan van die probleme, wat in paragraaf 1.2 bespreek is.

Vraelyste sal aan alle spesiale skole in Transvaal versprei word vir voltooiing deur die hoof en topbestuur van die skole.

Gestruktureerde onderhoude, waartydens 'n skedule ook voltooi sal word, sal met werkgewers en potensiële werkgewers gevoer word om te bepaal of die geïdentifiseerde probleme ook by hulle wesentlik is.

1.4.3 Op grond van die bevindings wat verkry is uit die literatuurstudie en die empiriese ondersoek, sal aanbevelings gemaak word vir meer relevante beroepsgerigte opvoedende onderwys aan die leerlinge van spesiale skole.

## 1.5 BEGRIPSBEPALING

Vir die doel van hierdie studie word enkele begrippe kortliks beskryf.

(a) SPESIALE SKOLE: Skole vir verstandelik-gestremde leerlinge onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement, wat gestig is om uitvoering te gee aan die bepaling van Wet 39 (RSA, 1967) dat onderwys ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van leerlinge verskaf moet word. Dit vorm 'n deel van die stelsel van gedifferensieerde onderwys waardeur aan 'n bepaalde groep leerlinge se unieke onderwysbehoeftes voorsien word.

(b) VERSTANDELIK-GESTREMDE LEERLINGE: Leerlinge wat vir spesiale onderwys geklassifiseer is, omdat hulle verstandelik in so 'n mate van die meerderheid leerlinge verskil dat hulle nie baat by die hoofstroomonderwys nie. In die normale distribusiekurwe van die verstandelike vermoë van die blanke skoolbevolking in die RSA val hulle min of meer in die IK-groep 50 tot 80. Hulle is egter in staat om uit 'n geskikte kursus van onderrig voordeel te trek en is dus opvoedbaar. Hulle het spesiale onderrig nodig om hulle aanpassing in en by die gemeenskap te vergemaklik (T.O.D., 1985).

(c) BEROEPSGERIGTE ONDERWYS: Die term "beroep" word deur HAT (1979) beskryf as werkkring, vak of betrekking. Dit dui dus op die plek waar, of wyse waarop die mens sy dagtaak verrig met die doel om geld te verdien of 'n bestaan te maak (Steenkamp, 1985:15). Deur sy beroepsbeoefening kom die mens tot selfaktualisering (Niziol, 1972:159). Beroepsgerigte onderwys is onderrig en opvoeding wat sal uitloop op die indiensneming van leerlinge wanneer hulle die skool verlaat. Dit is egter nie toegespits op 'n spesifieke beroep nie, maar behoort aan die leerling geleentheid te bied om eers te leer wat werk is, voordat hy alles omtrent 'n bepaalde beroep leer (Thompson, 1973:21 & Humphreys, 1985:571).

(d) JAARVLAK: Waar die vordering van leerlinge in die gewone skool in standerds uitgedruk word, dui jaarvlakke die standaard van die vordering van leerlinge in die spesiale skool aan. Leerlinge kan vanaf jaarvlak 1 tot jaarvlak 5 in die spesiale skool vorder. Geen direkte vergelyking met standerds is moontlik nie. Indien die sillabusse vir die skolastiese vakke van spesiale skole met die van die gewone skole vergelyk word, blyk dit dat die werk in 'n groot mate ooreenstem met die werk wat in standerd een tot vyf gedoen word. Die praktiese vakke kan moeilik vergelyk word, omdat die werkswyse van die spesiale skool en die hoërskole grootliks verskil. Indien die praktiese werk van leerlinge in jaarvlak 5 egter vergelyk word met die praktiese werk van leerlinge in 'n hoërskool, vergelyk dit baie goed met ten minste standerd agt-werk.

(e) TOPBESTUUR: Die groep persone wat gesamentlik die bestuurspersoneel van 'n spesiale skool vorm en wat normaalweg bestaan uit die hoof, die adjunkhoof, die departementshoof: Opvoedkundige leiding, die departementshoof: Skolastiese vakke, die departementshoof: Praktiese vakke vir seuns en die departementshoof: Praktiese vakke vir meisies.

## 1.6 PROGRAM VAN STUDIE

In hoofstuk 1 is die agtergrond wat tot hierdie studie aanleiding gegee het, nagevors. Nadat sekere probleme geïdentifiseer is, is die doelstelling en program van studie bepaal.

Beroepsgerigte onderwys aan verstandelik-gestremde leerlinge, word in hoofstuk 2 aan die hand van literatuurstudie gefundeer. Daar word verwys na die verstandelik-gestremde kind as opvoedeling, die belang wat ouers by die opvoeding van dié kinders het, die taak van die skool by die opvoeding en opleiding van hierdie kinders en die rol wat potensiële

werkgewers ten opsigte van beroepsgerigte opvoedende onderwys aan spesiale skole, te speel het.

Die program van opvoedende onderwys aan spesiale skole in Transvaal word in hoofstuk 3 beoordeel en probleemareas word geïdentifiseer. Die aktualiteit van die geïdentifiseerde probleme word met behulp van 'n empiriese ondersoek (Hoofstuk 4) nagevors. Spesiale skole en potensiële werkgewers word by hierdie ondersoek betrek. Die data van die empiriese ondersoek, wat deur middel van 'n vraelys aan spesiale skole en die voltooiing van 'n skedule deur werkgewers, geskied het, word in hoofstuk 5 verwerk en geïnterpreteer.

Die studie word met hoofstuk 6 afgerond. Die vernaamste bevindinge word saamgevat en aanbevelings wat kan meehelp om die probleme op te los, word gemaak.

# HOOFSTUK 2

# ŉ OPVOEDKUNDIGE FUNDERING VAN BEROEPSGERIGTE ONDERWYS AAN VERSTANDELIK-GESTREMDE LEERLINGE

## 2.1 INLEIDING

Die verstandelik-gestremde kind, soos alle ander mense, beklee ŉ unieke posisie in God se Skepping. Hy moet aanvaar word soos hy deur geboorte gegee is, met sy vermoëns, kragte, aanleg en ander gawes of met die gebrek daaraan (Coetzee, 1940:17; Van der Walt en Dekker, 1978:146). Die diepste sin op aarde is om God reg te ken en ŉ dienskneg van die Allerhoogste te wees. Opvoedende onderwys aan hierdie kinders moet ten doel hê om hulle te lei tot gehoorsaamheid aan die wil van God. Hieruit vloei die enigste ware menslike vryheid waaruit die kind kan kom tot bereiking van sy Godgegewe roeping en ŉ aan-God-verantwoordelike roepingsvervulling (Stoker, 1961:130).

Opvoedende onderwys moet gerig wees op die hele kind, dit wil sê op sy in-die-wêreld-wees, maar nie van-die-wêreld-wees nie.

Die kind in die spesiale skool is, soos elke ander mens op verskillende wyses in die wêreld geplaas, naamlik in ŉ bepaalde omgewing, in sosiale verhoudinge, in ŉ veranderende wêreld en in ŉ situasie waar hy behoefte het om tot onafhanklike volwassenheid te kom (Landman en Roos, 1979:39).

In hierdie hoofstuk word daar gekyk na die verstandelik-gestremde kind se posisie in die wêreld van werk wat hy na skoolverlating moet betree. Die belang wat die ouers by hulle verstandelik-gestremde kind se opvoeding het, asook die taak van die spesiale skool en die belang wat potensiële werkgewers by spesiale onderwys het, word vasgestel.

## 2.2 DIE VERSTANDELIK-GESTREMDE KIND AS OPVOEDELING

### 2.2.1 Inleiding

Die feit dat verstandelik-gestremde kinders nie voldoende kan baat by die normale onderwysprogram nie, toon duidelik dat daar by hulle definitiewe beperkinge is waarmee in die opvoeding rekening gehou sal moet word. Die feit dat hierdie kinders wel opvoedbaar is en baat kan vind by 'n gespesialiseerde onderwysprogram impliseer dat daar by hulle definitiewe moontlikhede tot opvoedende onderwys bestaan. Hulle het ook sekere toekomsverwagtinge. 'n Onrealistiese toekomsverwagting of beperkte ontwikkelingsmoontlikhede kan egter lei tot 'n swak selfbeeld en gevoelens van minderwaardigheid (Vrey, 1979:67-68).

### 2.2.2 Beperkinge

Deur deeglik rekening te hou met die kind as unieke wese en deur hom in waarheid op te voed, kan hy van sy immanente beperktheid vrygemaak word (Schoeman, 1975:11) en kan daar sprake van opvoedende onderwys wees. Daar is reeds by wyse van 'n ondersoek (Steenkamp, 1985:225) vasgestel dat die meeste (96%) van die verstandelik-gestremde leerlinge wat by die ondersoek betrek is, geen fisiese gebreke gehad het nie en ook nie aan chroniese siektetoestande gely het nie. Dit toon dat die kinders se beperkinge veral op ander terreine lê.

(i) Beperkte verstandelike vermoë

Die Wêreldgesondheidsorganisasie (World Health Organization) gebruik die term "verstandelik-subnormaal" om die verstandsvermoë van kinders met 'n IK van 50 tot 80 te beskryf (RGN, 1981:2-3). Die term "verstandelik-subnormaal" word verder omskryf deur twee subterme, naamlik verstandelike onvermoë of gestremdheid wat toegeskryf word aan biologiese of genetiese

oorsake en verstandelike vertraagdheid wat veroorsaak word deur eksterne faktore soos milieugestremdheid, ekonomiese deprivasie en psigologiese probleme (Rothstein, 1962:5; Gearheart, 1980:20).

By die opvoeding en onderrig van verstandelik-gestremde kinders moet daar rekening gehou word met dit wat hulle as verwysingsraamwerk aanneem, hulle geestelike en verstandelike vermoëns en kragte, en die besondere individualiteit waardeur elke kind hom in afkoms, aanleg, karakter, talente en omgewing van ander kinders onderskei. Daar moet ook rekening gehou word met die liggaamlike en psigiese ontwikkelingstadia waarin die kind hom bevind en veral die algemene en besondere bestemming waartoe hy deur opvoeding en onderwys gelei moet word (Coetzee, 1940:27).

Op grond van bogenoemde beginsel moet daar erkenning verleen word aan die feit dat hierdie kinders verstandelik anders as normale kinders is. Die skool moet in sy kurrikulum voorsiening maak vir gedifferensieerde en selfs geïndividualiseerde opvoeding en onderwys met maksimale geleentheid tot selfverwerkliking.

Kurrikula wat ewigheidsgerig is en die totale ontwikkeling van die verstandelik-gestremde kind as doel het, behoort ook voorsiening te maak vir beroepsgerigte onderwys wat sal uitloop op indiensneming. Die onderwys wat deur spesiale skole verskaf word, moet altyd verband hou met die beperkte verstandelike vermoë en die natuurlike agtergrond van die leerlinge (Van Loggerenberg en Jooste, 1978: 380).

(ii) Ander beperkinge

Hoewel die mens na die beeld van God geskape is, bly hy in al sy doen en late kreatuur, begrens en in alles aan God se wetsorde onderworpe (Stoker, 1961:130). As gevolg van hierdie begrensdheid kan aanvaar word dat die verstandelik-ge-

stremde kinders, meer as verstandelik-normale kinders, beperk is in hulle kognitiewe en emosionele ontwikkeling.

Verstandelik-gestremde kinders beskik oor 'n beperkte verwysingsraamwerk; hulle het 'n beperkte taalvermoë en is daarom nie tot dieselfde mate as verstandelik-normale kinders tot kultuurskepping in staat nie (Schoeman, 1975:61). Kultuurvorming is 'n opdrag van God en kultuurdinge ontstaan wanneer die mens natuurdinge bewerk en verwerk (Van der Walt, et al., 1977:90). Hierdie kinders dra ook meestal nie kennis van 'n groter en wyer beroepswêreld as die voor-die-handliggende plaaslike moontlikhede nie.

Ten spyte van sy beperkinge, beskik die verstandelik-gestremde kind ook oor sekere moontlikhede.

### 2.2.3 Moontlikhede

Die Calvinistiese Opvoedkunde aanvaar as uitgangspunt, dat die mens 'n eiesoortige, selfstandige, deur-God-geskape wese is met 'n God-gegewe opdrag om die skepping te bewerk en daaroor te heers (Coetzee, 1940:14). Die mens wat volmaak geskape is, het egter as gevolg van die sondeval in 'n gebroke wese verval en die sonde werk totalitêr verwoestend in op al sy funksies en verhoudinge. Die mens, dit wil sê ook die verstandelik-gestremde kind, het egter nie dier geword nie en daarom is hy steeds opvoedbaar, toerekenbaar en verantwoordelik (Van der Walt en Dekker, 1978:90).

Vir die opvoeder van verstandelik-gestremde kinders wat normaalweg nie baat vind by die hoofstroom-onderrig nie, is bogenoemde uitgangspunte van groot betekenis.

Universeel is die verstandelik-gestremde 'n mens soos alle ander mense, maar ten opsigte van die partikuliere verskil ook hy van alle ander mense en maak dit hom 'n unieke mens (Gunter, 1970:75) met unieke moontlikhede. Daar moet dus

aanvaar word dat opvoedbare verstandelik-gestremde leerlinge gedifferensieerd opgelei moet word, ten einde aan elkeen se unieke vereistes te voldoen.

Vanuit 'n Christelik-opvoedkundige lewens- en wêreldbeskouing gesien, hou die temporaliteit van die kind direkte verband met sy volle persoonlikheidsontwikkeling (Strauss, 1969:335). Ten spyte van die dikwels beperkte toekomsverwagting van die verstandelik-gestremdes, is hulle tog in staat om deur opvoedende onderwys tot Christelike verantwoordelikheid en gehoorsaamheid gebring te word, sodat hulle as beskawingsvolwassenes toegerus sal wees tot diens aan God en die medemens op alle gebiede, soos in die geloofslewe, in die liefdeslewe en deur die korrekte gebruik van kultuurgoedere.

Die verstandelik-gestremde kind beskik verder oor die moontlikheid om in positiewe verhoudings met ander mense te tree. Deur tot die besef te kom dat ook hy 'n beelddraer en 'n geroepene van God is en 'n mede-arbeider in God se skepping is, kan die kind kom tot die regte verhouding met homself en sy medemens, omdat dit gegrond is in sy relasie as verloste verbondskind (Schoeman, 1975:141).

In die opvoeding-tot-volwassenheid van hierdie kinders is dit noodsaaklik dat hulle moontlikhede of talente, soos begrens deur hulle beperkinge, tot volle ontplooiing kom sodat ook die meer onmiddellike doelstellings van die onderwys en opvoeding verwesentlik kan word (Coetzee, 1965:212). Die volgende onmiddellike doelstellings van die opvoeding vorm deel van die verstandelik-gestremde se volwassewordingsproses:

(i) die aanvaarding van 'n positiewe liggaamsbeeld;

(ii) die aanvaarding van en identifikasie met die eie geslag;

(iii) die aanvaarding van die feit dat hy eendag ekonomies onafhanklik wil en kan wees;

(iv) die strewe na emosionele onafhanklikheid;
(v) identifisering met die toekomstige beroepsrol;
(vi) identifisering met die toekomstige gesinsrol;
(vii) identifisering met die toekomstige sosiale rol;
(viii) burgerlike bevoegdheid en
(ix) religieuse verantwoordbaarheid (Van Vuuren, 1985:108).

Hoewel dieselfde doelstellings met die opvoeding van verstandelik-gestremde kinders en verstandelik-normale kinders beoog word, sal daar in die geval van die eersgenoemde groep van spesiale metodes gebruik gemaak moet word en sal dit beslis teen 'n stadiger tempo bereik word.

Gedurende die skoolloopbaan van hierdie kinders ontstaan daar, op grond van hulle potensialiteite, sekere verwagtinge. Die feit dat daar egter definitiewe beperkinge teenwoordig is, skep tegelykertyd 'n noodsituasie.

### 2.2.4 Verwagtinge en nood

In die moderne geïndustrialiseerde en gediversifiseerde samelewing word dit van elke kind wat verstandelik daartoe in staat is, verwag dat hy sal skooltoe gaan. Blanke kinders in die Republiek van Suid-Afrika word verplig om die skool by te woon tot aan die einde van die jaar waarin hulle sestien jaar oud word.

Die kind is vir 'n tydperk van tien tot twaalf jaar op skool waar hy sekere doeltreffende verhoudings leer opbou. Die feit dat die skool 'n sosiale leerskool in die kleine is, skep by die kind bepaalde verwagtinge (Harmse, 1982:188).

Hy verwag onder andere dat hy by skoolverlating in die gemeenskap opgeneem sal word en dat hy 'n gepaste werk sal bekom. Die kennis wat die kind op skool versamel het op terreine soos die sosiale, die praktiese en die skolastiese, be-

hoort aan hom ŉ besliste waaghouding te gee wat hom sal aanspoor om al meer selfstandig te wil wees en die volwasse wêreld met verwagting te betree.

Steenkamp (1985:105) het egter bevind dat die verstandelikgestremde kind, ten spyte van sy toekomsverwagting, in ŉ beroepsnood verkeer wat toegeskryf kan word aan versteurde kommunikasie en beroepsonvolwassenheid. Hierdie kinders ontwikkel dikwels angsgevoelens oor hulle toekoms wat versterk word deur die feit dat oud-leerlinge van spesiale skole dikwels nie in geskikte arbeidsposisies geplaas word nie.

Verstandelik-gestremde kinders behoort daarom van geskikte beroepsgerigte opvoedende onderwys voorsien te word, wat aan hulle ŉ bepaalde arbeidstoekoms sal verseker.

### 2.2.5 Aanspraak op beroepsgerigte opvoedende onderwys

Vir die verstandelik-gestremde kind moet die skool die plek wees waar hy, naas die ewigheidswaardes wat hy hier sy eie maak, ook opgevoed word vir die lewe. Gunter (1970:80) sien differensiasie van onderwysgeleenthede in ŉ wyer sin, sodat daar ook differensiasie na buite sal wees.

Wanneer die kind die sekondêre skoolfase betree, behoort daar vir hom geleentheid te wees om te kies tussen verskillende kursusse en vakrigtings.

Leerlinge van spesiale skole kan met reg aanspraak maak op onderwys wat hulle nie net sal opvoed en vorm nie, maar hulle onder andere ook sal voorberei vir beroepe of beroepsrigtings waarin hulle, by die bereiking van ŉ beroepsvolwasse ouderdom, in diens geneem sal kan word. Aangesien die meeste van die leerlinge nie verstandelik in staat is om by skoolverlating akademies verder opgelei te word nie, behoort hulle vir bepaalde beroepsrigtings opgelei te word.

As die primêre opvoeders het ouers beslis ook belang by die korrekte opvoeding en opleiding van hulle kinders.

## 2.3 DIE OUERS SE BELANG BY DIE OPVOEDING EN ONDERRIG VAN DIE VERSTANDELIK-GESTREMDE KIND

### 2.3.1 Inleiding

Dit is vir die ouers van 'n verstandelik-gestremde kind dikwels uiters moeilik om hulle te berus in die feit dat hulle kind nie sukses kan behaal met die normale onderrigprogram wat die skool aanbied nie. Vir die meeste van dié ouers is dit dan ook traumaties om te aanvaar dat hulle kind verstandelik gestremd is. Ouers ontken in baie gevalle die kernprobleem en begaan soms opvoedingsfoute wat die kind baie skade aandoen. Pretorius (1979:131-137) bevind dat verwaarlosing ten opsigte van materiële versorging, verwenning, verharding, oorbeskerming, oorstrengheid, onstabiliteit, doodkorrigering en neurotisering, van die mees algemene foute is wat begaan word. Hierdie opvoedingsfoute lei tot affektiewe verwaarlosing, verwerping of 'n oormatige gevoelsverhouding en selfs 'n negatiewe mededingingsverhouding tussen broers en susters.

Wanneer 'n kind vir spesiale onderwys geklassifiseer word, kan daar by die ouers vier duidelike stadia waargeneem word.

### 2.3.2 Stadia waardeur ouers, wie se kinders vir spesiale onderwys geklassifiseer word, gaan

(a) Die eerste stadium is een van ontkenning van die kind se gestremdheid of geremdheid, wanneer algehele opstandigheid teen die klassifisering voorkom (T.O.D., 1985:7). Uit gesprekke met hoofde van primêre skole blyk dit dat ouers die oorsaak van hulle kind se mislukking met die gewone onderwysprogram eerder aan ander oorsake, soos 'n "onsimpatieke" onderwyseres,

luiheid van die kind en hulle eie onbetrokkenheid, wil toeskryf (Spooner, 1986:250).

(b) Hierdie eerste stadium gaan geleidelik oor in een van aanvaarding en berusting (Hamilton, 1971:155). Indien die aanvaarding uitloop op 'n positiewe ingesteldheid van die ouers en steungewing aan die kind, behoort dit die opvoeding en onderrig in 'n positiewe rigting te stuur. Kinders uit sulke ouerhuise ervaar 'n gevoel van toereikendheid en is gewoonlik bereid om te eksploreer en te waag (Vrey, 1979:67). Die kind is nou in staat om keuses uit te oefen en betree die domein van persoonlike verantwoordelikheid, gehoorsaamheid en die vervulling van 'n eie roeping (Pretorius, 1979:29). Die teenoorgestelde is egter net so waar. Indien die kind steeds verwerp word en die ouer hom aan die skool en sy aktiwiteite onttrek, ontstaan allerlei negatiewe neigings en 'n gebrekkige selfbeeld.

(c) Teen die einde van die kind se skoolloopbaan en soms selfs baie vroeër, tree 'n meer komplekse fase in wanneer die ouer hom begin bekommer oor sy kind se toekoms. Allerlei probleme ten opsigte van die kind se toekoms word nou aktueel: die jaarvlak-sertifikaat word bevraagteken; daar is kommer oor die moontlikheid van verdere opleiding, die aanpassingsvermoë van dié kind by die volwasse-beroepswereld en veral oor wat van die kind gaan word wat selfs nie eens die spesiale skoolkursus kon voltooi nie (T.O.D., 1986:1; Edgar, 1985:470).

(d) 'n Verdere fase, wat as die retrospektiewe fase beskryf kan word, toon twee uiteenlopende belewinge van ouers oor hulle verstandelik-gestremde kinders se opleiding en opvoeding aan 'n spesiale skool, naamlik:

(i) 'n Gevoel van teleurstelling en soms selfs woede word

geopenbaar wanneer die kind nie in 'n gepaste werk geplaas kan word nie. Hierdie ouers hou gewoonlik nie rekening met die sin van opvoedingswerk nie en plaas 'n eksistensiële vraag agter alles (Van der Walt et al., 1977:204; Howarth, 1985:214); of

(ii) 'n Gevoel van dankbaarheid wanneer die ouers tot die besef kom dat die skool die kind help ontwikkel het in 'n selfstandige, verantwoordelike mens wat in staat is om 'n eie plek en dus ook 'n betrekking in die samelewing te soek (Pretorius, 1979:23; Hasazi et al., 1985:456).

Ouers het op grond van hulle opvoedingstaak 'n besliste belang by die beroepsopleiding van hulle verstandelik-gestremde kind. Hulle moet toesien dat daar 'n gepaste opvoedingsmilieu tuis geskep word, sodat dit positief sal meehelp om die kind tot 'n gepaste beroepskeuse te bring. Die ouer het daarom 'n aanspraak op gepaste opvoedende onderwys wat sal voldoen aan die kind se vermoëns en verwagtinge.

### 2.3.3 Die opvoedingsmilieu tuis

Ouers is die primêre opvoeders van die kind. In die normale gesin sal daar gebalanseerde begrypings-, vertrouens- en gesagsverhoudings gestig word en sal die basis van 'n lewens- en wêreldbeskouing gelê word. Vir die Christen-ouer word alle nadere doelstellings van onderwysende opvoeding bepaal deur die uiteindelike doel, naamlik Christelike volwassenheid (Straus, 1969:86). Ouers kan dus met reg van die skool verwag dat alle verhoudings en gesindhede op grond van hierdie fundamentele beginsels verder uitgebou en verstewig sal word (Van Niekerk, 1978:41). Hierdie gefundeerde verhoudings kan deur die kind as basis gebruik word en deur die opvoeder benut word vir die skepping van opvoedkundige doelstrukture soos selfbegrip, sedelik-selfstandige besluitvorming en die sinvolheid van die aardse bestaan.

Aangesien verstandelik-gestremde leerlinge uit 'n laer sosio-ekonomiese milieu dikwels gebrekkige verhoudings openbaar, sal die skool die ouer moet bystaan ten einde die kinders tot normale verhoudingstigting te bring. Dit is veral essensiëel in die volwasse sosiale en die beroepswêreld (Van Niekerk, 1978:37).

Die ouerhuis van 'n verstandelik-gestremde kind verleen dikwels nie aan die kind 'n positiewe opvoedingsmilieu nie. Die skool is daarom baie keer vir die verstandelik-gestremde kind die veilige "basis" waaruit hy die wêreld in 'n psigiese sin sal verken ten einde 'n eie staanplek as volwassene te verower (Vrey, 1979:185). Die bestuursraad van 'n spesiale skool sal dus slegs geroepe Christen-onderwysers, wat ware insig in die wese van dié kind het, sy persoonlikheid ken en wetenskaplike verantwoordelikheid vir die opvoeding in afhanklike betrokkenheid op God aanvaar, vir aanstelling kan aanbeveel (Strauss, 1969:82). Indien die skool verder kan steun op die ouerhuis vir gesonde en gebalanseerde verhoudinge, gesindhede en sedes en norme, gebaseer op die Christelike etiek, word sy taak baie makliker.

Die opvoeding wat die kind tuis ontvang, vorm die basis van alle latere verhoudinge soos dié wat betrekking het op samelewingsgroepe, gedrag, woonplek, werkplek en ekonomiese ingesteldheid (Pretorius, 1979:45). Daarom het ouers ook die reg om definitiewe vereistes te stel aan die skool ten opsigte van hulle kind se beroepstoekoms, wat in 'n groot mate deur opleiding op skool bepaal word.

### 2.3.4 Aanspraak op gepaste opvoedende onderwys

Op grond van die beginsel dat alle kinders gelyk, maar nie eenders is nie (Becker, 1982:2) en dat elke kind 'n eie identiteit het wat aan hom 'n unieke, onherhaalbare, onherleibare persoonlikheid gee, omdat hy na die beeld van God geskape is (Van der Walt et al., 1977:134), het ouers van

opvoedbare verstandelik-gestremde kinders 'n reg op gepaste en aanvaarbare opvoedende onderwys vir hulle kinders.

Aangesien die meeste van hierdie kinders nie in staat is tot skolastiese opleiding tot op die minimumvlak wat vir ambagsopleiding vereis word nie, dit wil sê 'n standerd-sewe-kwalifikasie, kan ouers verwag dat spesiale skole 'n gedifferensieerde kurrikulum sal aanbied waarin daar vir geskikte beroepsopleiding voorsiening gemaak sal word, sodat dit aan die kinders gelykheid tot geleentheid sal bied (Becker, 1982:3).

Die verstandelik-gestremde kind bly gewoonlik, selfs nadat hy begin werk het, in 'n groot mate van sy ouers vir huisvesting en vervoer afhanklik (Dickerson, 1981:78). Die gevolg hiervan is dat ouers self redelik eng na beroepsmoontlikhede vir hulle kinders kyk. Ouers vereis dus dat die spesiale skool die kinders so sal oplei dat hulle kan voldoen aan die indiensnemingsvereistes van lokale potensiële werkgewers. Gepaste beroepsgerigte opvoedende onderwys beteken dus vir ouers dat dié kinders so opgelei sal word dat hulle plaaslik in 'n geskikte en beskikbare beroep geplaas sal kan word.

Dit is deel van die skool se taak om ouers te lei tot 'n realistiese toekomsverwagting vir hulle kind.

### 2.3.5 'n Realistiese toekomsverwagting

Die Calvinis se gedagtes, woorde en werke word deur sy lewensbeskouing bepaal (Coetzee, 1940:24). Die mens se lewensbeskouing is primêr sosiaal van aard en hy is 'n individueel sosiale wese met 'n individuele en 'n ewe fundamentele sosiale kant (Stoker, 1961:114). Dit word van die kind verwag om as 'n sosiale wese op alle lewensterreine harmonies en ewewigtig op te tree. Ouers behoort hulle verstandelik-gestremde kind hierin te ondersteun deur realistiese toekomsverwagtinge by die kind te help skep. Dit wat hulle as loopbaan vir hulle

kind beoog, sal noodwendig bepaal watter opleiding hulle van die skool sal verwag.

Die ouers moet deeglik bewus wees van hulle kind se beperkinge, sowel as sy potensiaal. Hulle moet bewus wees van die feit dat die spesiale skool se kurrikulum nie ongekwalifiseerd toelating tot vakleerlingskap verleen nie (T.O.D., 1985:27), dat die kind nie noodwendig ʼn heenkome sal vind in die vakrigting waarin hy op skool opleiding ontvang nie en dat die sertifikaat wat hy verwerf nie oral erken word nie (Steyn, 1984:14).

Ouers versoen hulle moeilik met die feit dat leerlinge die opleiding wat hulle aan ʼn spesiale skool ontvang, nie direk kan toepas op die beroepe waarin hulle by skoolverlating in diens geneem word nie. Dit blyk verder dat ouers die spesiale skool dikwels daarvan beskuldig dat dit "die kind se tyd mors", omdat baie van hulle die skool te eng evalueer as die plek waar die kind vir ʼn spesifieke loopbaan opgelei word.

As "verlengstuk" van die ouerhuis sal die skool nie net moet toesien dat die verstandelik-gestremde kind reg opgevoed word nie, maar ook dat hy opgelei sal word tot tevredenheid van die ouers.

## 2.4 DIE SKOOL SE TAAK BY DIE OPVOEDING EN OPLEIDING VAN DIE VERSTANDELIK-GESTREMDE KIND

### 2.4.1 Inleiding

Die basiese taak van die skool is om die opvoeding wat reeds by die huis ʼn aanvang geneem het, op dieselfde grondslag voort te sit. Die Christelike huisgesin vereis ʼn Christelike skool (Van der Walt et al., 1977:230). Die gesag van die onderwyser is beperk tot die opvoedende onderrig van die kind. Die onderwyser moet deur die kennisoordraging van die

voorgeskrewe, sowel as die verborge kurrikulum, die kind se opvoeding voort sit.

Hoewel dit nie die skool se primêre taak is om beroepsopleiding te gee nie, maar eerder die kind voor te berei vir die breë roeping waarin hy in die lewe gaan staan (Van der Walt et al., 1977:231), is dit tog sy taak om die verstandelik-gestremde kind die geleentheid te bied tot maksimale selfverwesentliking en verantwoordelikheidsaanvaarding.

Snyman (1985:169) beklemtoon dit dat die skool benewens al sy ander take wat die opvoeding van die kind omvat, ook verantwoordelik behoort te wees vir beroepsgerigte onderrig en arbeidsplasing ter wille van 'n ekonomiese bestaanswyse. Die skool is gemoeid met die kind in totaliteit en is daarom verplig om opvoedende onderwys aan elke individuele leerling - dus ook die verstandelik-gestremde - te verskaf na gelang van sy talente, belangstellings en besondere vermoëns, maar ook met inagneming van sy beperkinge.

Die identifisering van kinders wat nie baat by die gewone onderwysprogram nie, is noodsaaklik indien die skool reg wil laat geskied aan elke individuele leerling.

### 2.4.2 Identifisering en steungewing

Kinders wat op spesiale onderwys aangewys is, behoort so vroeg as wat dit moontlik is, geïdentifiseer te word sodat hulle vir moontlike klassifisering vir spesiale onderwys aangemeld kan word.

Onderwysers behoort op grond van deurlopende objektiewe waarneming en evaluering reeds in die primêre skool te kan bepaal watter leerlinge op skolastiese gebied opvallend swakker vaar en stadiger vorder as die meeste leerlinge van dieselfde ouderdomsgroep. Pogings om die probleem reg te stel deur die nodige didaktiese en pedagogiese steun te ver-

leen is noodsaaklik (T.O.D., 1985:3). Eers nadat intensiewe hulpverlening nie geslaag het nie en die leerlinge steeds geen vordering toon nie, behoort hulle getoets te word vir moontlike klassifisering vir spesiale onderwys.

Die spesiale skool moet in sy kurrikulum grootliks voorsiening maak vir differensiasie en individualisering om te voorsien in die behoefte van die verstandelik-gestremde leerling.

### 2.4.3 Die kurrikulum: differensiasie en individualisering

Pratt (1980:62) meen dat die basiese kriterium by die ontwerp van 'n kurrikulum moet wees of dit beantwoord aan die belangrikste behoeftes van die mens vir wie dit bedoel is. Hoewel hierdie eksistensiële uitgangspunt nie onderskryf kan word nie, behoort die mens se behoeftes - hoewel nie primêr nie - tog ook 'n plek gegun te word by die bepaling van die kurrikulum. Dooyeweerd (1963:32) stel dit dat, indien die mens se aandag slegs op die tydelike gerig word, daar 'n veranderende verskeidenheid van aspekte en funksies ontdek word. Deur die bestaansfunksies te koppel aan 'n ware verhouding met God, kom die mens tot 'n beperkte selfkennis - omdat hy steeds 'n sondige wese is.

Die uniekheid van elke individuele kind, wat enersyds gelyk is aan alle ander kinders, maar nogtans kwalitatief weer ongelyk is aan alle ander kinders (vergelyk 2.1), moet by die bepaling van die kurrikulum in aanmerking geneem word. Die kurrikulum moet voorsiening maak vir individuele talente, belangstellings en verwagtinge van die verstandelik-gestremde kind. Die skool moet toekomsgerig wees en mag daarom nie kinders opvoed asof hulle die laaste geslag is nie. Die skool moet die kind opvoed sodat hy sy algehele bestaan, met al sy tydelike aspekte en verhoudinge, op God sal rig (Dooyeweerd, 1963:29).

Skole moet by die bepaling van die kurrikula aan die kinders 'n toekomsperspektief verleen en sorg dra dat die sillabusse aanpas by 'n wêreld wat in 'n toenemende mate tegnokratiseer en rekenariseer. Berg (1971:110) toon aan dat "algemene" opleiding nie noodwendig geskik is vir indiensplasing nie.

Pratt (1980:53) beweer dat daar by die bepaling van 'n kurrikulum ook vasgestel moet word wie die eintlike "kliënte" van die produk van die onderwys sal wees en dat hulle behoeftes 'n rol moet speel in die ontwerp daarvan. Spesiale skole sal daarom moet vasstel wat hulle taak ten opsigte van beroepsgerigte onderwys behoort te wees.

2.4.4 Beroepsgerigte opvoedende onderwys

Die vernaamste taak van die skool is om leerlinge op te voed vir die lewe, en meer bepaald die ewige lewe, dit wil sê tot kennis van die waarheid (Coetzee, 1965:216). Die skool het verder 'n staatsburgerlike doelstelling wat in die RSA neerslag vind in die Christelik-nasionale onderwysbeginsels (RSA. Wet no. 39/1967). Hiervolgens word leerlinge ook opgevoed om bekwame en bruikbare landsburgers te wees wat hulle vaderland lief het en bereid is tot diens (Gunter, 1970:87).

In die aanbieding van 'n beroepsvoorligtingsprogram en die opneem van praktiese vakke in die kurrikula van spesiale skole behoort 'n deeglike studie gemaak te word van heersende tendense in die arbeidsmark wat uiteindelik die "verbruiker" van die opgeleide leerlinge se arbeid is. Volgens Greig (1985:73) behoort 'n deeglike kennis van die arbeidsmark aanleiding te gee tot suiwerder beroepsleiding, wat weer sal lei tot meer gepaste beroepskeuses.

Kennis van tegnologiese ontwikkelinge, sowel as sosiale, politieke, ideologiese en ekonomiese tendense in die land behoort as basis te dien vir die voortdurende en tydige aanpassings van vakinhoude en selfs die kurrikula van skole

(Pratt, 1980:64). Die skool mag egter nie indiensneming as die enigste bepaler van die kurrikulum aanvaar nie, aangesien dit die kind se totaliteitsopvoeding en sy uniekheid sal misken. Dit gaan immers nie net oor die mens se aardse bestaan nie, maar veel eerder is die opvoeding, en dus ook die kurrikulum, gerig op die gehoorsaamheid aan God en 'n gerigtheid op die voleinding (Strauss, 1969:82).

Die spesiale skool kan nie die taak van beroepsgerigte opvoedende onderwys negeer nie, maar mag dit ook nie oorbeklemtoon nie. Die werk wat 'n mens verrig bepaal immers sy lewenstyl, verwagtings en aardse geluk in 'n definitiewe mate (Hasazi et al., 1985:458). Die skool kan nie sy verantwoordelikheid vir die voorbereiding van verstandelik-gestremde leerlinge vir die werk of tipe betrekking wat vir hulle die geskikste sou wees, ontduik deur die blote toekenning van 'n sertifikaat nie.

Die feit dat die grootste persentasie leerlinge wat hulle skoolopleiding aan spesiale skole voltooi het, nie vir vakleerlingskap of verdere onderrig kwalifiseer nie, maar nogtans êrens 'n ekonomiese heenkome moet vind, gee aan potensiële werkgewers 'n besondere belang ten opsigte van die beroepsgerigte onderwys van die leerlinge.

## 2.5 POTENSIËLE WERKGEWERS SE ROL TEN OPSIGTE VAN BEROEPSGERIGTE OPVOEDENDE ONDERWYS AAN SPESIALE SKOLE

Opvoedende onderwys wat realiseer in onder andere die selfaktualisering van die volwassewordene, vind neerslag in die feit dat die kind ook gehelp moet word om in te skakel by sy eietydse kultuur en om volwaardig lid van sy gemeenskap te word (Boshoff en Davies, 1986:2).

Dit wil voorkom asof verstandelik-gestremde kinders dit moeilik vind om by die gemeenskap in te skakel. Om in 'n gepaste beroep of werk geplaas te word, beteken vir hulle dikwels die

begin van hierdie inskakeling. Dit is daarom opvoedkundig verantwoordbaar dat potensiële werkgewers ook 'n inspraak sal hê by die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang (Farley et al., 1985:75).

Die sillabusse van die verskillende vakke wat in die spesiale skool se kurrikulum opgeneem word, behoort relevant en aktueel te wees. Dit moet in 'n groot mate op die toekomstige werksituasie gerig wees. Potensiële werkgewers behoort inspraak te hê by die bepaling van nie net die praktiese vakke se inhoude nie, maar ook van die skolastiese vakke (Pryke, 1986:245). Hulle is per slot van rekening bekend met die terme wat in 'n spesifieke bedryf gebesig word en met die tipe wiskundige berekeninge wat in die werksituasie vereis word.

Onder die nuwe onderwysbedeling van die RSA sal die belang en invloed van potensiële werkgewers 'n nog groter rol speel by veral beroepsgerigte onderwys. Die skool aanvaar steeds verantwoordelikheid vir die formele onderwys, terwyl die private sektor, dit wil sê potensiële werkgewers, in 'n groter mate saam met die staat verantwoordelik sal wees vir die voorsiening van nie-formele onderwys. Daar word bepaal dat onderwysvoorsiening op 'n opvoedkundigverantwoordbare wyse gerig sal wees op die individu en sy behoeftes, asook op die behoeftes van die samelewing, die ekonomiese ontwikkeling van die land en spesifieke mannekragbehoeftes (RGN, 1981:15 ; Harding, 1985:68).

Die belangrikheid van die invloed en die belang wat werkgewers op veral die beroepsgerigte onderwys van die leerlinge van spesiale skole behoort te hê, kan nie misken word nie. Skakeling tussen werkgewers en die onderwys op plaaslike of streekvlak is noodsaaklik, sodat skole seker kan wees dat relevante opleiding aan die leerlinge voorsien word wat hulle meer aanvaarbaar as potensiële werkers sal maak.

## 2.6 SAMEVATTING

Verstandelik-gestremde leerlinge het 'n definitiewe aanspraak op beroepsgerigte opvoedende onderwys. Die feit dat hulle ten spyte van definitiewe beperkinge nogtans opvoedbaar is en dus ook tot op 'n sekere peil vir 'n spesifieke werk opgelei kan word, skep by hulle sekere verwagtinge oor 'n beroepstoekoms. Dit wil egter voorkom asof hierdie leerlinge in 'n sekere mate in 'n beroepsnood verkeer omdat hulle nie altyd vir werkgewers aanvaarbaar is nie. Beroepsgerigte onderwys behoort hulle voor te berei vir spesifieke en vir-hulle-geskikte beroepsrigtings.

Ouers van verstandelik-gestremde kinders verwag dat die opleiding en onderrig wat hulle kinders aan spesiale skole ontvang, relevant en beroepsgerig moet wees, sodat die kind as werker aanvaarbaar sal wees wanneer hy die skool verlaat.

Die spesiale skool behoort op grond van, onder andere samewerking met die potensiële werkgewers in sy gebied, voorsiening te maak vir gedifferensieerde en selfs geïndividualiseerde beroepsgerigte opvoedende onderwys.

Die kurrikulum van spesiale skole in Transvaal, asook die sillabusse van die verskillende vakke, behoort van so 'n aard te wees dat dit leerlinge onder andere sal voorberei as aanvaarbare werknemers. Die program van opvoedende onderwys aan spesiale skole in Transvaal word daarom in hoofstuk 3 ondersoek.

# HOOFSTUK 3

# DIE PROGRAM VAN OPVOEDENDE ONDERWYS AAN SPESIALE SKOLE IN TRANSVAAL

## 3.1 INLEIDING

In spesiale skole in Transvaal word leerlinge wat in so'n mate verstandelik-gestremd is, dat hulle nie baat by die gewone onderrigprogram nie, maar nogtans opvoedbaar is, vir spesiale onderwys geklassifiseer (T.O.D., 1985:1). 'n Program wat vir hierdie leerlinge geskik is, word voorsien sodat hulle makliker in en by die gemeenskap behoort te kan aanpas. Deur middel van gespesialiseerde onderrig behoort hierdie leerlinge onder meer so gelei te word dat hulle selfbeheersing aan die dag sal lê en kan ontwikkel in karaktervolle, nuttige en waardige mense in die samelewing, omdat hulle selfonderhoudend en diensvaardig is

Ten einde leerlinge vir spesiale onderwys te klassifiseer, is dit nodig om hulle so vroeg in hulle skooloopbaan as wat dit moontlik is, te identifiseer.

In hierdie hoofstuk word aandag gegee aan die prosdure waarvolgens verstandelik-gestremdes geïdentifiseer en vir spesiale onderwys geklassifiseer word. Die kurrikulum wat vir spesiale skole in Transvaal bepaal is, word ontleed ten einde moontlike probleemareas te identifiseer vir verdere bestudering.

## 3.2 IDENTIFISERING VAN LEERLINGE WAT VERSTANDELIK-GESTREMD IS

Die Wet op nasionale onderwysbeleid (39/1967) bepaal dat onderwys ooreenkomstig die bekwaamheid, aanleg en belangstelling van leerlinge, verskaf moet word. Dit is daarom belangrik dat leerlinge, wat op spesiale onderwys aangewys

is, so vroeg as moontlik in hulle skoolloopbaan geïdentifiseer word, ten einde in hulle unieke onderwysbehoeftes te voorsien (T.O.D., 1985:3).

Die T.O.D. bepaal dat die identifisering van hierdie leerlinge aan die hand van die volgende kriteria en gegewens moet geskied: skolastiese vordering as die eerste en belangrikste kriterium, prestasies in gestandardiseerde skolastiese toetse, sosio-ekonomiese agtergrond, mediese inligting, persoonstruktuur, resultate van aanlegtoetse en laastens verstandsvermoë (T.O.D., 1985:1). Die meeste van hierdie leerlinge val in die IK-groep 50 tot 80 op die normale verspreidingskurwe van die verstandelike vermoë. Aangesien die verstandelike vermoë nie die enigste kriterium by die bepaling van verstandelike gestremdheid is nie, kan beweer word dat verstandelike gestremdheid in 'n sekere mate eerder 'n beskrywing van 'n openbaringswyse as 'n oorsaaklike identifisering is.

Ouers kan ook self versoek dat hulle kind tot spesiale onderwys toegelaat word (T.O.D., 1985:2). Hulle moet vooraf deskundige advies inwin wat aantoon dat die kind 'n gebrekkige verstandelike vermoë het en gebrekkig vorder in die gewone skool.

'n Leerling wat nie baat vind by die gewone onderwysprogram nie, mag nie getoets word met die oog op moontlike klassifisering vir spesiale onderwys nie, tensy daar grondige bewyse is dat sowel die skool as die onderwyshulpsentrum deur middel van intensiewe individuele hulpverlening, alles moontlik probeer doen het om die kind se vordering in die gewone onderrig te verseker (T.O.D., 1985:4). Die skool se personeel, onder leiding van die hoof, die onderwyshulpsentrumpersoneel en die kind se ouers moet die nodige emosionele, didaktiese en opvoedkundige hulp verleen, voordat moontlike klassifisering en plasing in spesiale onderwys oorweeg word.

Vir die T.O.D. (1985:7) is dit van die grootste belang dat ouers betrek moet word by die hele proses van hulpverlening en indien nodig, die uiteindelike klassifisering van hulle kind vir spesiale onderwys. Die hoof van die skool moet 'n onderhoud met die ouers reël om die kind se vasgelopenheid in die gewone onderwysprogram met hulle te bespreek en die oplossing wat spesiale onderwys vir sy besondere behoefte bied, te verduidelik. Dit kom egter voor of ouers nie altyd bewus is van die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar by skoolverlating op kinders uit spesiale skole wag nie.

In geval van uitsonderlike skolastiese vordering kan dit oorweeg word om 'n verstandelik-gestremde leerling te deklassifiseer (T.O.D., 1985:20). Die skool dien 'n gemotiveerde aansoek wat verder ook die leerling se ouderdom in ag neem, by die onderwyshulpsentrum in en eers na toetsing word 'n aanbeveling aan die T.O.D. vir oorweging gedoen.

'n Leerling wat nie vir deklassifisering kwalifiseer nie, bly skoolpligtig tot en met die laaste skooldag van die jaar waarin hy die ouderdom van 20 jaar bereik het; of totdat sodanige leerling die toepaslike kursus van onderrig, soos deur die direkteur van onderwys bepaal word, voltooi het; of totdat die kind na die mening van die direkteur gereed is om die skool te verlaat en hom by die buitewêreld aan te pas (T.O.D., 1985:32 & Onderwysordonnansie 20/68, artikel 9(1)). Die feit dat leerlinge vir 'n tydperk van tot veertien jaar verplig kan word om 'n spesiale skool in Transvaal by te woon, kan by hom die verwagting laat ontstaan dat hy geskik gekwalifiseerd sal wees om 'n bepaalde beroep te kan volg.

'n Spesiale kurrikulum is nodig vir die onderrig van geklassifiseerde leerlinge om in hulle unieke behoeftes te voorsien.

## 3.3 DIE KURRIKULUM VAN DIE SPESIALE SKOOL

### 3.3.1 Inleiding

Die kurrikulum wat vir spesiale skole in Transvaal ontwerp is, maak voorsiening vir die gespesialiseerde onderrig van verstandelik-gestremde leerlinge wat sal aanpas by hulle individuele vermoëns. Die kurrikula is so beplan dat, benewens persoonlikheidsontsluiting op grond van gehoorsaamheid aan die beginsels van die Christelike religie op elke lewensterrein (Strauss, 1969:335), daar ook maksimale geleentheid vir elke leerling sal wees om skolasties en prakties volgens sy talente te ontwikkel.

Die probleem wat na vore kom, is of die bestaande kurrikulum die kind genoegsaam toerus om 'n betrekking te bekom en dit te behou. Die feit dat die vakke wat in die kurrikulum opgeneem is, nie direkte toelating tot vakleerlingskappe bied nie, beperk die beroepskeuses van hierdie leerlinge tot 'n groot mate. Slegs verdienstelike leerlinge word na sorgvuldige toetsing en keuring, deur die Departement van Mannekragbenutting, tot vakleerlingskappe toegelaat (T.O.D., 1985:28).

In die kurrikulum word daar vir verpligte onderrig in vyf skolastiese vakke, vier ander algemeen vormende vakke en 'n keuse uit praktiese vakgroepe voorsiening gemaak (T.O.D., 1985:24-26).

### 3.3.2 Skolastiese vakke

'n Minimum van nege en 'n half uur word per week aan die onderrig van die vyf skolastiese vakke bestee. Leerlinge is verplig om die vakke te neem totdat hulle die spesiale skool verlaat.

(i) Eerste taal

Die algemene doelstellings met die onderrig van die eerste taal is om dit so te onderrig dat die leerling die gesproke en geskrewe taal goed kan begryp, sy gedagtes (mondeling en skriftelik) so korrek as moontlik te kan weergee, met vrymoedigheid kan kommunikeer en om 'n liefde en trots vir sy moedertaal by die leerling aan te kweek (T.O.D., 1975:1).

Die sillabus vir Afrikaans (eerste taal) (T.O.D., 1975:2) bepaal dat die leerling gehelp moet word om die essensiële en praktiese taalvaardighede by te bring, veral met die oog op die beoefening van 'n toekomstige beroep en 'n menswaardige plek in die samelewing. Die besondere doelstellings van die sillabus lê klem op die funksionele gebruik en ontwikkeling van die taal, sodat die leerling in staat gestel kan word om korrek en met gemak in sy beroepsrigting en op 'n alledaagse gespreksvlak te kommunikeer.

Besondere aandag word in die sillabus gegee aan die onderrig van luister-, praat- en skryfvaardigheid. Luistervaardigheid moet dermate ontwikkel word dat die leerling opdragte en mededelings kan begryp en daarop kan reageer. Deur sy praatvaardigheid te ontwikkel, behoort die leerling in staat te wees om self duidelike opdragte te gee en mededelings te maak. Daar word by leesonderrig onder andere ook klem gelê op die lees van en korrek reageer op skriftelike opdragte en mededelings. Die voltooiing van vorms en skedules vorm 'n belangrike onderdeel by die onderrig van skriftelike werk.

In die kurrikulum (T.O.D., 1985:24) word drie uur per week afgestaan aan die onderrig van die moedertaal.

(ii) Tweede taal

Daar word weekliks twee uur aan die onderrig van die tweede taal bestee (T.O.D., 1985:24), een uur aan praatvaardigheid

en ŉ halfuur elk aan lees- en skriftelike werk.

Die algemene doelstellings met die onderrig van die ander amptelike taal van die land, is om by die leerling respek vir dié taal aan te leer, aan hom die vermoë te gee om dit te gebruik en te verstaan ter wille van beter kommunikasie en om die gebruik daarvan te sien as ŉ hulpmiddel tot groter sosiale toereikendheid en selfversekerdheid in sy beroep.

Die spesifieke doelwitte met die onderrig van die tweede taal is om aan die leerlinge voldoende geleentheid te gee om na die korrekte gebruik daarvan te luister en ŉ alledaagse gesprek te verstaan. Leerlinge word aangemoedig om met ŉ redelike mate van selfvertroue in die tweede taal te kommunikeer. Die aanleer van leesvaardigheid in die tweede taal is belangrik vir die verkryging van inligting, sowel as ŉ bron van genot. Skryfvaardigheid word beperk tot die huidige, sowel as die moontlike toekomstige belangstellingsveld van die kind (T.O.D., 1984:2).

Die onderrig van die tweede taal moet funksioneel van aard wees en beperk word tot die basiese elemente. Klem word gelê op die praktiese gebruik van die tweede taal.

(iii) Wiskunde

In die kurrikulum word twee en ŉ half uur per week toegeken aan die onderrig van Wiskunde (T.O.D., 1985:24).

Die onderrig van Wiskunde moet gekoppel word aan die leerling se ervaring in die alledaagse lewe. Die kennis wat die leerling verwerf moet van so'n aard wees dat hy in staat sal wees om praktiese probleme wat hy in die daaglikse lewe of in ŉ werksituasie mag teenkom, te kan oplos. Indien ŉ leerling in staat is om wiskundig, logies en sistematies te dink en te werk, sal dit positief bydra tot sy persoonlikheidsontplooiing, wat hom verder in staat sal stel om ŉ aanvaarbare

inskakeling by die maatskappy te kan maak (T.O.D., 1976a:1).

Wiskunde moet 'n bydrae maak tot die voorberoepsopleiding van die leerling, omdat hy voorberei moet word om berekenings te doen wat hy in sy toekomstige loopbaan nodig sal kry. Leerlinge moet in staat wees om berekenings akkuraat en vinnig te doen, omdat dit onder andere help om die vermoë te ontwikkel om enige ander vraagstuk in die lewe te help oplos.

Die sillabus vir die verskillende jaarvlakke maak voorsiening vir die praktiese aspekte van Wiskunde-onderrig. Die funksionele toepassing van Wiskundekennis word beklemtoon.

(iv) Wetenskap waarby Higiëne ingesluit is

Die doel met Wetenskap waarby Higiëne ingesluit is, is om die leerlinge te lei om die wonders en skoonheid van die natuur te eerbiedig en te waardeer en die almag van die Skepper daarin te sien. Kennis moet by die leerling ingeskerp word aangaande sy eie liggaam, sy gesondheid, die natuurlewe en natuurverskynsels in sy onmiddellike omgewing. Goeie fisiese werksgewoontes moet by die leerling ingeskerp word, sodat hy verantwoordelikheid sal aanvaar vir sy eie veiligheid en gesondheid, sowel as vir die van die gemeenskap waarin hy verkeer. Insig in die moderne natuurwetenskap behoort ook ontwikkel te word (T.O.D., 1976c:1).

In die sillabus word voorsiening gemaak vir die aanleer en beoefening van goeie maniere, oral en teenoor alle mense. Leerlinge moet gelei word om hulle eie liggame goed te versorg en te beskerm deur onder andere die regte voedsel in te neem, reg te oefen en voldoende te rus. Veiligheid in en om die huis word beklemtoon, sowel as die regte gesindheid ten opsigte van padgebruik en kennis van verkeersreëls. Die balans in die natuur en die benutting van alle natuurlike hulpbronne word op 'n funksionele manier aan die kind oorgedra. Klem word gelê op die praktiese ondersoek van weten-

skaplike feite deur apparaat en gereedskap wat alledaags gebruik word, te benut.

(v) Geskiedenis-Aardrykskunde

In die een uur wat in die kurrikulum (T.O.D., 1985:24) per week aan die onderrig van Geskiedenis-Aardrykskunde afgestaan word, word beoog om die leerling as 'n ekonomiese selfstandige landsburger te vorm, sodat hy sy gesin sal kan onderhou en sy verpligtinge teenoor sy gemeenskap en sy volk sal nakom. Opregte vaderlandsliefde, waardeur die leerling kom tot respek en liefde vir die eie kultuur, sowel as respek vir die kulture van ander volke, word ingeskerp. Goeie menseverhoudings word aangekweek. Leerlinge maak kennis met die produkte en nywerhede van die land en moet aangespoor word tot spaarsin en die ekonomiese benutting van lewensmiddele. In alles moet die grootheid, skoonheid en orde in God se skepping raakgesien word (T.O.D., 1976b:1).

### 3.3.3 Praktiese vakgroepe

In die kurrikulum word die helfte van die weeklikse onderrigtyd, dit wil sê ongeveer twaalf en 'n half uur, aan die onderrig van die praktiese vakke toegeken (T.O.D., 1985:24). Die sillabusse van die praktiese vakke maak voorsiening vir die onderrig van die vakke oor 'n periode van vyf jaar wat 'n oriënteringsperiode van twee jaar insluit. Seuns en meisies ontvang normaalweg afsonderlike onderrig.

Gedurende die eerste oriënteringsjaar ontvang leerlinge basiese onderrig in praktiese werk. Klem word gelê op veiligheidsmaatreëls, uitkenning van gereedskap en apparaat, hantering van veral handgereedskap en basiese praktiese werk.

Die tweede oriënteringsjaar kan beskryf word as 'n periode waarin die leerling die werklike praktiese vakke wat vanaf die derde jaar geneem kan word, ontdek. Die onderrigtyd wat

aan die praktiese werk toegeken word, word gelykop verdeel onder die aantal vakgroepe wat die skool aanbied. Die Handleiding vir gespesialiseerde onderwys (1985:27) beskryf hierdie periode as aanloop vir beroepsgerigte onderwys.

Vanaf die derde jaar in die spesiale skool moet die seuns 'n keuse uit die volgende praktiese vakgroepe maak:

- Metaalwerkdienste met Paswerk en masjinering, Sweiswerk en Plaatmetaalwerk as vakke;

- Bouwerkdienste met Houtbewerking, Steenmessel- en Pleisterwerk, Skilderwerk en Loodgieterswerk as vakke;

- Motorvoertuigherstelwerk met Duikklopwerk, Spuitverfwerk en Meganiese herstelwerk as vakke.

Seuns spesialiseer in een van die vakgroepe en sal volgens hulle persoonlike vermoë in een of meer van die komponente daarvan onderrig ontvang (T.O.D., 1985:27).

Die algemene doelstellings met die onderrig van al drie vakgroepe is presies dieselfde (T.O.D., 1976,i,j,k:1). Die kind in sy totaliteit moet opgevoed word. Karaktereienskappe soos selfvertroue, selfstandigheid, selfverantwoordelikheidsgevoel, pligsgetrouheid en selfrespek moet ontwikkel word. Leerlinge moet geoefen word in gewoontes soos ordelikheid, netheid, noukeurigheid, oplettendheid, hardwerkendheid, volharding en selfwerksaamheid. Leerlinge moet 'n begrip van die tegnologiese wêreld hê sodat hulle ook sosiaal beter kan aanpas.

Dit is opvallend dat ook die besondere doelstellings met die verskillende vakgroepe presies dieselfde is. Leerlinge moet leer om die korrekte vakterminologie te gebruik. Vakkomponente moet waar moontlik met die ander skoolvakke korreleer. Deur die leerlinge se handvaardigheid te ontwikkel, hulle

beheer oor gereedskap te verseker, hulle gewoond te maak om met masjiene te werk, hulle kennis van die gebruik van materiaal uit te brei en hulle te laat kennis maak met die beginsels, metodes, werkprosesse en produkte van die nywerheid, kan leerlinge se belangstelling in die besondere vakrigtings gestimuleer word. Hierdeur kan 'n leerling sy aanleg ontdek en kan dit dien tot ontplooiing en selfverwesenliking.

Die sillabusse vir die verskillende vakke maak voorsiening vir die onderrig van spesifieke beroepsgerigte komponente van die vakke. Dit kan by seuns die verwagting laat ontstaan dat hulle na skoolverlating in die spesifieke beroepsrigtings in diens geneem sal word en selfs verder opgelei sal kan word. Die Handleiding vir gespesialiseerde onderwys (T.O.D., 1985:27) beskou dan ook die drie-jaar-periode, wat volg op die oriënteringsjare as beroepsopleiding, hoewel dit duidelik verstaan moet word dat dié opleiding, beide prakties en teoreties, nie op dieselfde vlak as die normale opleiding vir vakleerlinge is nie, en daarom nie as voorbereiding vir vakleerlingopleiding dien nie. Sommige van hierdie leerlinge se ouers wat self vakleerlingopleiding deurloop het, beweer egter dat dié opleiding wel geskik is vir vakleerlingopleiding en kan daarom moeilik aanvaar dat hulle kinders nie tot vakleerlingskappe toegelaat kan word nie.

Na die twee oriënteringsjare, word die volgende vakgroepe vir meisies aangebied: Huishoudkundige dienste met Inrigtingsbestuur, Naaldwerk en Kleding en Huishoudkunde as vakke; Monteerwerkdienste met Monteerwerk as vak; en Handel en ander dienste met Haarkapperassistentepraktyk, Kopieertik en Winkel- en Kantoorpraktyk as vakke. Die huishoudkundige vakgroep is verpligtend vir alle meisies en hulle moet verder 'n keuse maak tussen die ander twee vakgroepe (T.O.D., 1985:25 & 27). Meisies wat daartoe in staat is, mag meer as een vak in die verskillende vakgroepe neem.

Die algemene doelstellings met die praktiese vakke vir mei-

sies is, soos in die geval van die seuns se sillabusse, algemeen opvoedkundig en vormend van aard (T.O.D., 1976d,e,f,g,h:1). Dit is opvallend dat daar geen spesifieke doelstellings in die sillabusse vir sowel Huishoudkunde as Naaldwerk en Kleding voorkom nie. Die sillabusse vir Haarkappery, Winkel- en Kantoorpraktyk en Monteerwerk se besondere doelstellings is praktyk- en beroepsgerig. Slegs in die geval van Haarkappery bestaan die moontlikheid van verdere opleiding.

Dit wil voorkom asof daar uiters beperkte praktiese opleiding wat kan uitloop op indiensneming, aan meisies gegee word. Beroepe wat voortspruit uit die huishoudkundige studierigting is uiters beperk. Monteerwerk bied toegang tot poste wat gebiedsgebonde is. Slegs die Handelstudierigting bied toegang tot die beroepswêreld aangesien heelwat skoolverlaters as assistent-haarkapsters in diens geneem kan word.

### 3.3.4 Ander vakke

Die volgende vakke wat uitsluitlik vormend van aard is, word hierby ingereken, naamlik Bybelonderrig, Liggaamlike opvoeding, Klasmusiek en Jeugweerbaarheid en Voorligting. Vir die doel van hierdie studie word verder slegs gelet op die invloed wat dit op toekomstige indiensneming mag hê. In die kurrikulum word een uur per week aan Bybelonderrig toegeken, ŉ halfuur elk aan Liggaamlike opvoeding en Klasmusiek en ŉ uur aan Jeugweerbaarheid en Voorligting.

Beroepsleiding, as deel van die voorligtingsprogram, moet help om die verstandelik-gestremde leerling so ver moontlik toe te rus vir die volwasse beroepslewe (T.O.D., 1985:38).

Die skool moet die leerling oriënteer ten opsigte van die eise wat die werksituasie aan die werker stel, die bydrae wat hy tot die welvaart van die land kan lewer en faktore wat sukses vir hom as werker sal verseker. Die leerling moet

deur selfevaluering en beroepsoriëntering, met inagneming van landsomstandighede en - behoeftes, tot ŉ beroepskeuse kom. Hierdie aspek veroorsaak vir leerlinge baie verwarring wanneer hulle tot die besef kom dat veral hulle praktiese opleiding nie toegang tot die toepaslike beroepsrigtings verleen nie (vergelyk 1.1). Leerlinge besef spoedig dat die beroepe waarin hulle tot selfverwerkliking kan kom, o.a. as gevolg van die jaarvlaksertifikaat vir hulle geslote is.

In die sillabus (T.O.D., 1985:41-42) word klem gelê op die regte arbeidsgesindheid en ŉ trotse arbeidsbeoefening. Leerlinge word aangemoedig om hulle enersyds te laat lei deur werksgeleenthede, maar andersyds tot selfstandige beroepskeuses te kom deur selfkennis en aanleg in ŉ betrokke rigting. Leerlinge moet gelei word om ŉ werk wat binne hulle vermoë val te kies. Dit wil voorkom asof leerlinge soms voel dat die skool vooraf klaar besluit het hoe ver hulle kan vorder, omdat ŉ sertifikaat wat nie uitloop op verdere opleiding nie aan hulle toegeken word en hulle prakties opgelei word in rigtings wat gewoonlik nie vir hulle toeganklik is nie.

Deur voogwerk, die jeugweerbaarheidsprogram, Bybelonderrig, Klasmusiek en Liggaamlike opvoeding word gepoog om die kind te vorm tot ŉ gebalanseerde, sosiaal-aangepaste mens wat ŉ verantwoordelike persoonlike, gesins-, gemeenskaps- en beroepslewe voer.

Hoewel die kurrikulum van die spesiale skool rekening hou met die opvoeding van die verstandelik-gestremde kind as unieke wese, wil dit tog voorkom of daar heelwat probleemareas ten opsigte van opleiding met die oog op ŉ latere beroepsbeoefening bestaan.

## 3.4 PROBLEEMAREAS T.O.V. BEROEPSGERIGTE ONDERWYS

Die kurrikula vir al die spesiale skole in Transvaal is identies, hoewel dit tog wil voorkom of die behoeftes van die

leerlinge op grond van moontlike werksgeleenthede in die verskillende gebiede grootliks kan verskil.

Die vraag ontstaan of die praktiese opleiding wat die leerlinge ontvang, nie in die meeste gevalle beroepsgerig genoeg is om toelating tot vakleerlingskap te verleen nie. Indien leerlinge nie vir vakleerlingskappe kwalifiseer nie, behoort bepaal te word of hulle reg opgelei word vir die rigtings wat vir hulle toeganklik is. 'n Evaluering van indiensnemingsvereistes kan moontlik lig op hierdie probleem werp.

Dit wil voorkom of veral meisies 'n probleem kan ondervind indien hulle na skool nog verder opgelei wil word in die praktiese rigting waarin hulle op skool gespesialiseer het. Die Handleiding vir gespesialiseerde onderwys (T.O.D., 1985:27) meld dat meisies wat hulle skoolopleiding in Haarkappery voltooi het, deur die Departement van Mannekragbenutting vir moontlike vakleerlingskappe gekeur kan word. In ander beroepsrigtings moet meisies staatmaak op indiensopleiding indien hulle hulle verder wil bekwaam. Navorsing oor die beskikbaarheid van werksgeleenthede en arbeidsplasing van veral meisies sal gedoen moet word.

Die sillabusse vir die praktiese vakke is in die meeste gevalle reeds sedert 1976 in gebruik. Dit laat twyfel oor die relevantheid van die praktiese opleiding ontstaan. Die rede waarom aanpassing nie op 'n gereelde basis geskied nie en die wyse waarop die topbestuur van skole by moontlike aanpassings betrokke is, sal nagevors word.

Onderwysers vir die skolastiese vakke is nie noodwendig op hoogte van die vereistes van die praktiese vakke nie en hulle sal moeilik kan bepaal of die werk wat hulle aanbied funksioneel van aard is en of dit aansluit by die beroepsgerigte praktiese vakke. 'n Evaluering van indiensnemingsvereistes behoort aan te toon of die skolastiese werk en die standaarde daarvan van nut is by die toekomstige beroepsbe-

oefening van leerlinge.

## 3.5 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die klassifisering van leerlinge wat nie kan baat by die onderrig wat in 'n gewone skool verskaf word nie, ondersoek. Uit 'n ontleding van die kurrikula en sillabusse wat vir spesiale skole voorgeskryf word, is sekere probleemareas geïdentifiseer. Aan die hand van 'n empiriese ondersoek sal die aktualiteit en werklike bestaan van die geïdentifiseerde probleme verder ondersoek word sodat moontlike wysigings voorgestel kan word.

# HOOFSTUK 4

# EMPIRIESE ONDERSOEK

## 4.1 INLEIDING

In hoofstuk 1 is die probleem gestel dat dit wil voorkom of die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, nie geskikte voorbereiding bied vir indiensneming nie. Daar is ook aangetoon dat daar skynbaar 'n gaping bestaan tussen die kurrikula en die departementeel-voorgeskrewe sillabusse enersyds en die vereistes wat werkgewers andersyds stel. Verder is ook verwys na die moontlikheid dat probleme met indiensneming gebiedsgebonde is. Na aanleiding van die literatuurstudie (Hoofstuk 2 & 3) wat oor die kurrikula en sillabusse vir spesiale skole gedoen is, is probleemareas geïdentifiseer wat by wyse van 'n empiriese ondersoek verder nagevors sal word.

Die empiriese ondersoek sal toegespits word op die probleemareas. Daar sal gepoog word om te bepaal of die probleme ten opsigte van indiensneming gebiedsgebonde is of nie. Daar sal bepaal word of leerlinge uit spesiale skole in die rigtings waarin hulle op skool opgelei word, in diens geneem word en watter probleme hulle by indiensneming ondervind. Die waarde wat by indiensneming aan sekere vaardighede, persoonlikheidseienskappe en kwalifikasies geheg word, sal vasgestel word. Verder sal vasgestel word of die kurrikula en sillabusse vir spesiale skole relevant is.

Soos aangetoon in paragraaf 2.4 het die spesiale skool 'n besondere taak ten opsigte van die opleiding van leerlinge. Net so het die werkgewers 'n belang by die leerlinge se opleiding (paragraaf 2.5). Hierdie twee groepe sal by die empiriese ondersoek betrek word, omdat dit veral hulle is wat by die geïdentifiseerde probleemareas betrokke is.

Geskikte ondersoekmetodes moet geïdentifiseer word ten einde die data op die mees effektiewe wyse te versamel.

## 4.2 BEPALING VAN ONDERSOEKMETODES

Ongestruktureerde onderhoude (Behr, 1973:68), gestruktureerde onderhoude (Ary et al., 1979:17), skedules en vraelyste (Cohen & Manion, 1980:243) is oorweeg vir die verkryging van data oor die probleme wat in paragraaf 3.4 geïdentifiseer is. Nadat die voordele en nadele van die verskillende ondersoekmetodes nagegaan is (Benecke, 1980:79; Steenkamp, 1985:210); Van der Westhuizen, 1985:27), is besluit om die ondersoek aan die hand van die volgende metodes te doen:

(i) ongestruktureerde onderhoude met hoofde van 'n paar spesiale skole en potensiële werkgewers wat by die ondersoek betrek word;

(ii) vraelyste wat deur die topbestuur van spesiale skole in Transvaal voltooi word;

(iii) gestruktureerde onderhoude met werkgewers en potensiële werkgewers waartydens 'n skedule voltooi word.

## 4.3 ONGESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE

Die doel met die voer van ongestruktureerde onderhoude met die hoofde van enkele spesiale skole, asook met 'n paar potensiële werkgewers, is om groter duidelikheid te kry oor die probleem wat met die opleiding van leerlinge met die oog op indiensplasing ondervind word, die geskiktheid van die spesifieke opleiding en die betrokkenheid van die hoof en sy bestuurspersoneel by beroepsgerigte onderwys (Behr, 1973:67; Steyn, 1981:28).

Uit inligting wat aan die hand van die ongestruktureerde onderhoude bekom word, kan bepaal word of die probleem (para-

graaf 1.2 & 3.4) inderdaad wesentlik is en dit kan dien as basis vir die verdere beplanning van die empiriese ondersoek. Die spesifieke nadeel wat aan die voer van ongestruktureerde onderhoude verbonde is, naamlik die feit dat 'n getroue opsomming van die data moeilik gemaak kan word (Behr, 1973:69), sal ondervang word. Notas sal tydens die onderhoude gemaak word en sal so gou moontlik daarna meer volledig verwerk word. Aangesien dié data slegs beoog word as basis vir die verdere ondersoek, is dit ook nie nodig om dit te tabuleer nie (Ary et al., 1979:17).

Vraelyste vir verspreiding aan spesiale skole in Transvaal en skedules wat tydens gestruktureerde onderhoude met werkgewers gebruik sal word, sal hierna saamgestel word.

## 4.4 VRAELYSTE AAN SPESIALE SKOLE

### 4.4.1 Die doel met die vraelyste

Die doel met die opstel en verspreiding van 'n vraelys aan spesiale skole is om data oor die geïdentifiseerde probleemareas (vergelyk paragraaf 3.4) in te samel (Benecke, 1980:79).

Vraelyste sal gebruik word, omdat die grootste moontlike aantal respondente op die wyse by die inwin van data betrek kan word. Data sal bekom word oor die geïdentifiseerde probleme, bestaande praktyke en toestande, asook om houdings en menings daaroor te peil (Van der Westhuizen, 1985:27).

Die data wat met behulp van die vraelyste ingesamel word, sal verwerk word ten einde te bepaal of die probleme (paragraaf 1.2) relevant is en om moontlike oplossings aan die hand te doen.

'n Vraelys (Bylae 1) sal met inagneming van die voor- en nadele (Behr, 1973:72; Ary et al., 1979:175; Van der

Westhuizen, 1985:27 & Steyn, 1981:28) en aan die hand van kriteria wat normaalweg by die opstel van vraelyste gebruik word (Good, 1972:231; Cohen & Manion, 1980:82-83) opgestel word. Daar sal gepoog word om die meeste van die nadele wat aan vraelyste verbonde is, in die konstruksie van die vraelys te ondervang. Verder sal die vrae so kernagtig en doelgerig as wat moontlik is, opgestel word. Respondente sal in die meeste gevalle of eksakte gegewens moet verskaf of ŉ keuse maak uit gegewe moontlikhede of antwoorde. Instruksies vir die voltooiing van die vraelys sal duidelik en bondig verstrek word. Vrae sal in verstaanbare taal geformuleer word sodat respondente dit eenders sal vertolk. Ten einde die nadeel wat keuseantwoorde teweeg bring, te voorkom, sal gepoog word om alle alternatiewe te verskaf. Respondente sal dus ŉ ware weergawe van hulle gevoel kan verstrek (Good, 1972:231).

Deur die aktualiteit van die probleem te stel en vraelyste van ŉ goeie gehalte saam te stel, sal gepoog word om terugvoering so hoog as wat moontlik is te verseker. Vraelyste sal bondig saamgestel word en sal binne ongeveer dertig minute voltooi kan word, sonder om afbreuk te doen aan die juistheid en betroubaarheid van die data (Cohen & Manion, 1980:82); Ary et al., 1979:176). Geen irriterende vrae sal ingesluit word nie en respondente sal anoniem kan bly (Good, 1972:231). Aandag sal gegee word aan die sielkundige ordening van vrae. Vrae oor die huidige aanvaarbaarheid van die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, sal opgevolg word deur vrae oor moontlike wysigings en oplossings van probleme.

### 4.4.2 Konstruksie van die vraelys (Bylae 1)

Vraag 1 van die vraelys word gevra ten einde te bepaal uit watter gebiede die skole se leerlinge afkomstig is. Die inligting is nodig sodat bepaal kan word of probleme wat moontlik met indiensneming ondervind word, algemene of ge-

biedsgebonde probleme is.

Dit is verder nodig om vas te stel hoeveel leerlinge die skool in 'n gegewe tydperk permanent verlaat het (Vraag 2) om te gaan werk, omdat dit as basis dien vir die berekening van die persentasie leerlinge wat deur die Departement van Mannekragbenutting vir vakleerlingskap gekeur word (Vraag 3). Hieruit sal dan afgelei kan word in watter mate die huidige opleiding wat leerlinge in die praktiese rigtings ontvang, uitloop op vakleerlingskappe en wat dus as beroepsgerig beskou kan word. Dit is ook nodig om vas te stel hoeveel van die gekeurde leerlinge wél vakleerlingopleiding ontvang (Vraag 4), sodat bepaal kan word of leerlinge wél as vakleerlinge in diens geneem word. Om dieselfde rede moet bepaal word of leerlinge wat nie vir vakleerlingopleiding gekeur word nie, wel vakleerlingopleiding ontvang (Vraag 5). Hieruit sal afgelei kan word in watter mate die jaarvlak-vyf-sertifikaat vir vakleerlingskap geskik is en toelating daartoe verleen.

Die data wat met die stel van vraag 6 beoog word, naamlik die aantal skoolverlaters wat werkloos is, is nodig om te bepaal wat die verhouding werkloses is teenoor die aantal skoolverlaters en die aantal leerlinge wat vir vakleerlingopleiding kwalifiseer. Uit hierdie data sal afgelei kan word of daar 'n klemverskuiwing in die opleiding van leerlinge aan spesiale skole moet wees, sodat meer van hulle toegelaat kan word tot vakleerlingskappe en, of opleiding toegespits moet word op ander nie-vakgerigte beroepe.

Vraag 7 is noodsaaklik om aan te toon of leerlinge by skoolverlating wel in diens geneem word in dié rigting waarin hulle op skool gespesialiseer het. Dit sal verder aandui of die huidige kurrikulum ten opsigte van die praktiese vakke nog relevant is.

Vraag 8 is gerig op data oor ander beroepe wat leerlinge na

skoolverlating volg, maar wat nie uitloop op vakleerlingskap nie. Hieruit sal bepaal kan word in watter mate leerlinge op skool voorberei word vir hierdie beroepsrigtings en of dit algemeen deur leerlinge gevolg word.

Met vraag 9 is daar beoog om te bepaal watter waarde, volgens rangorde, daar by die indiensplasing van leerlinge, aan sekere persoonlikheidseienskappe, vaardighede en kwalifikasies geheg word. Hierdie items word gekies op grond van die doelstellings wat vervat is in die sillabusse vir die verskillende vakke (vergelyk 3.3.2, 3.3.3, 3.3.4). Uit dié data sal afgelei kan word of sekere items nie dalk meer beklemtoon moet word met die oog op indiensneming nie.

Die feit dat dit wil voorkom of 'n eenvormige kurrikulum vir alle spesiale skole gebiedsgebonde probleme by indiensneming van leerlinge uit hierdie skole veroorsaak, word in vraag 10 nagevors. Hieruit sal afgelei kan word of probleme met indiensneming aan bepaalde faktore toegeskryf kan word. Eenvormige kurrikula vir alle spesiale skole en sillabusse wat nie tred hou met 'n wêreld wat vinnig tegnokratiseer nie en dus moontlik reeds verouderd is (vergelyk 1.1 & 3.4), is as probleemareas geïdentifiseer.

Vraag 11 bepaal die houding van spesiale skole oor beroepsgerigte opleiding, teenoor slegs voorberoepsopleiding van leerlinge.

Vrae 12 en 13 is gerig op die relevantheid van die kurrikula en sillabusse, ten einde vas te stel of dit voldoen aan die beroepsbehoeftes van die leerlinge uit spesiale skole.

Twyfel het bestaan of spesiale skole die bestaande sillabusse kan ontwikkel sodat dit kan voldoen aan die vereistes van spesifieke potensiële werkgewers. Vraag 14 word gestel om data te bekom oor sillabusontwikkeling, ten einde vas te stel of nuwe sillabusse nodig is en of skole net die huidige

sillabusse verder kan ontwikkel.

Vraag 15 bepaal of skole gebruik maak van die bestaande wyses vir kurrikulum-ontwerp, met die oog op moontlike aanpassing van die kurrikulum, sodat tred gehou kan word met veranderende omstandighede (Vraag 16).

Die feit dat ouers aanspraak maak op gepaste opvoedende onderwys vir hulle kinders (vergelyk 2.3.4) laat die vraag ontstaan of hulle bereid is om lede te word van georganiseerde ouerverenigings (vraag 17) en of hierdie verenigings die geleenthede benut om inspraak te verkry by die bepaling van die kurrikula van spesiale skole (Vraag 18). Hieruit sal afgelei kan word of ouers hulle vennootskapplig ten opsigte van die opleiding van hulle kinders nakom en of skole hierdie taak ook op hulle moet neem.

In paragraaf 2.5 is die belang en die invloed wat werkgewers op veral die beroepsgerigte onderwys van leerlinge aan spesiale skole behoort te hê, aangetoon. Met vraag 19 word data ingesamel oor skole se houding oor die moontlike inspraak wat potensiële werkgewers by die vasstelling van sillabusse behoort te hê, sodat dit sal voldoen aan die partikuliere vereistes vir ŉ spesifieke omgewing. Hierdie data sal aantoon of die betrokke skole bereid is om met werkgewers te skakel, sodat die onderrig van leerlinge in ŉ groter mate behoort uit te loop op indiensneming.

Vraag 20 bepaal watter lid of lede van ŉ skool se bestuurspersoneel gewoonlik eerste met potensiële werkgewers skakel.

Met vraag 21 word bepaal watter lid/lede van die bestuurspersoneel moontlike werksgeleenthede ondersoek om te bepaal of dit geskik is vir leerlinge uit spesiale skole.

Aan die hand van hierdie data sal riglyne gestel kan word vir die skakeling tussen potensiële werkgewers en die betrokke

onderwysdepartement met die oog op moontlike kurrikulum- of sillabusaanpassings.

In paragraaf 3.4 word die relevansie van die huidige sillabusse as 'n moontlike probleemarea geïdentifiseer. Vraag 22 bepaal die frekwensie van aanbevelings deur die skole se topbestuur met die oog op moontlike aanpassing of hersiening van die kurrikulum en/of die sillabusse. Dit is verder ook nodig om vas te stel by wie sodanige aanbevelings gemaak word (Vraag 23) en of die probleme en behoeftes van plaaslike werkgewers aan die onderwysdepartement gerapporteer word (Vraag 24). Aan die hand van data wat deur middel van vrae 22, 23 en 24 verkry word, kan bepaal word in watter mate skole betrokke is by kurrikulering en sillabusaanpassing en of voorgestelde wysigings wat tot meer beroepsgerigte onderwys behoort te lei, wél op enige wyse deur die onderwysowerhede aanvaar word.

Die data wat uit vraelyste verkry word, sal ook vergelyk word met die data wat verkry word uit skedules wat na aanleiding van gestruktureerde onderhoude met werkgewers en potensiële werkgewers van leerlinge uit spesiale skole voltooi is.

## 4.5 GESTRUKTUREERDE ONDERHOUD EN SKEDULE

### 4.5.1 Doel met gestruktureerde onderhoude en skedule

Aangesien potensiële werkgewers 'n bepaalde belang (paragraaf 2.5) het by die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, is daar besluit om hulle by die empiriese ondersoek te betrek.

Die doel met die voltooiing van die skedule is om data te verkry oor die aard van die poste waarin leerlinge uit spesiale skole aangestel word of waarvoor hulle kwalifiseer, of hulle as vakmanne opgelei word en of die opleiding wat hulle op skool ontvang, verband hou met die werk wat hulle

verrig en of werkgewers insette lewer t.o.v. kurrikulering en samestelling van sillabusse. Daar sal ook vasgestel kan word of die probleme wat in paragraaf 1.2 gestel is en wat in paragraaf 3.6 breër omskryf is, in die praktyk realiseer.

Daar is op 'n skedule besluit omdat dit minder tydrowend sal wees. Daar is rekening gehou met die nadele wat aan dataversameling met behulp van onderhoude verbonde is, soos die verskaffing van subjektiewe inligting en ongekontroleerde data (Behr, 1973:69). Indien 'n vraelys gebruik sou word, kon verwag word dat die respons moontlik laag sal wees, omdat werkgewers nie 'n direkte belang by die navorsing het nie. Terminologie wat onbekend mag wees, byvoorbeeld "jaarvlak" kan verduidelik word tydens die voltooiing van die skedule, om sodoende betroubare data te verseker.

Die kriteria wat vir die samestelling van die vraelys van toepassing is, is ook op die skedule toegepas.

Die lengte van die onderhoude behoort beperk te word, sodat dit nie te veel tyd van die betrokke persoon verg nie. Vrae moet in verstaanbare taal gestel word, ten einde die korrekte interpretasie te verseker. Moontlike antwoorde kan geantisipeer word en as keuseantwoorde op die skedule aangebring word. Tydens die onderhoud kan die meeste response dan bloot met 'n merk of syfer aangedui word. Dit sal latere tabulering vergemaklik. Geen vrae wat werkgewers kan irriteer of in die verleentheid stel, word by die skedule ingesluit nie.

4.5.2 Samestelling van die skedule (Bylae 2)

'n Vraagskedule (Bylae 2) vir gebruik tydens gestruktureerde onderhoude met werkgewers, sowel as potensiële werkgewers van leerlinge uit spesiale skole, is saamgestel.

Die vrae vir die skedule is in drie afdelings georden, naam-

lik vrae oor die werkgewer self, vrae oor die indiensneming van leerlinge uit spesiale skole en vrae aan werkgewers wat nie leerlinge uit spesiale skole in diens neem nie.

Vraag 1.1 bepaal in watter gebied die organisasie as potensiële werkverskaffer geleë is. Uit die data wat op hierdie vraag bekom word, sal later bepaal kan word of die probleem met indiensneming van leerlinge uit spesiale skole, gebiedsgebonde is. Dit kan ook vergelyk word met die data wat met vraag 1 (Bylae 1) bekom is, naamlik uit watter gebiede die leerlinge aan spesiale skole afkomstig is.

In vraag 1.2 word bepaal wat die aard van die onderneming is. Uit die data wat op die vraag verkry word, kan bepaal word in watter bedrywe leerlinge uit spesiale skole in diens geneem word en of daar sekere bedrywe is wat nie vir die betrokke leerlinge geskik is nie.

Vraag 1.3 stel vas of die betrokke werkgewer leerlinge uit spesiale skole in diens neem. Hierdie inligting is nodig, sodat die redes waarom leerlinge uit spesiale skole vir sommige werkgewers as werkers aanvaarbaar is en waarom ander werkgewers hulle nie in diens neem nie, verder nagevors kan word.

Afdeling 2 van die skedule moes slegs deur werkgewers wat wel leerlinge uit spesiale skole in diens neem voltooi word. Met vraag 2.1 word vasgestel hoeveel seuns en meisies deur die betrokke werkgewers in diens geneem word. Hieruit sal nie slegs bepaal kan word of die opleiding wat die leerlinge aan spesiale skole ontvang geskik geag is vir indiensneming nie, maar sal daar ook 'n vergelyking gemaak kan word tussen die geskiktheid van die opleiding wat die betrokke seuns en meisies onderskeidelik ontvang.

Om te bepaal of die opleiding wat leerlinge ontvang, uitloop op vakleerlingopleiding, word in vraag 2.2 vasgestel hoeveel

van die betrokke leerlinge ingeskrewe vakleerlinge is.

Met vraag 2.3 word vasgestel in watter tipe poste leerlinge wat nie kwalifiseer vir vakleerlingopleiding nie, deur werkgewers aangestel word. Uit die data wat op dié vraag verkry word, sal bepaal kan word of indiensneming van leerlinge uit spesiale skole verband hou met veral die praktiese opleiding, wat hulle op skool ontvang. Vraag 2.4 bepaal daarom ook wat werkgewers se mening in die verband is.

Om te bepaal of daar skakeling tussen werkgewers en spesiale skole se bestuurspersoneel op ŉ streekbasis plaasvind, word vraag 2.5 gevra. Hieruit kan bepaal word of moontlike leemtes by opleiding en probleme met indiensneming, nie ŉ gevolg van swak kommunikasie is nie.

Dit sal nodig wees om te bepaal of werkgewers enige invloed uitoefen op die samestelling van kurrikula en sillabusse vir spesiale skole (Vraag 2.6) en of werkgewers reken dat hulle inspraak behoort te hê by die bepaling daarvan (Vraag 2.7). Aan die hand van die data wat op die twee vrae verskaf is, sal moontlike skakelprosedures aanbeveel kan word.

Met vraag 2.8 is daar beoog om te bepaal watter waarde werkgewers aan sekere persoonlikheidseienskappe, vaardighede en kwalifikasies heg, sodat dit vergelyk kan word met data wat met ŉ ooreenstemmende vraag (Bylae 1, Vraag 9) van spesiale skole verkry is. Uit die data sal afgelei kan word of skole nie sekere aspekte meer moet beklemtoon met die oog op indiensneming nie.

Vraag 2.9 word gestel om te bepaal op watter wyse werkgewers met die onderwysowerheid wil skakel om invloed op die opleiding van leerlinge aan spesiale skole uit te oefen. Uit die data sal afgelei kan word of die skakeling, gebiedsgebonde of op ŉ breër basis behoort te geskied. Werkgewers kan ook wenke wat kan uitloop op indiensneming van die betrokke

leerlinge, aan die hand doen (Vraag 2.10).

Afdeling 3 van die skedule word voltooi vir werkgewers wat nie leerlinge uit spesiale skole in diens neem nie. Ten einde te bepaal of daar spesifieke redes is waarom hierdie werkgewers nie die betrokke leerlinge in diens neem nie, word in vraag 3.1 bepaal of hulle vertroud is met die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang. Om dieselfde rede word bepaal of die opleiding van die leerlinge voldoen aan die betrokke werkgewer se minimumvereiste vir sy laagste graad poste (Vraag 3.2) en of hy vertroud is met die jaarvlak-sertifikaat (Vraag 3.3).

Om die data op vrae 3.1, 3.2 en 3.3 te evalueer word in vraag 3.4 bepaal of die onderneming wel halfgeskoolde persone in diens neem. Indien daar op vraag 3.4 "Nee" geantwoord sou word, moes op vraag 3.5 aangedui word, wat die minimum skolastiese kwalifikasie is wat die betrokke werkgewer vir indiensneming vereis. Hierdie data behoort te lei tot voorstelle oor moontlike wysiging ten opsigte van sertifisering en kurrikulering.

Met vraag 3.6 word data beoog oor dieselfde persoonlikheidseienskappe, vaardighede en kwalifikasies as wat in vraag 2.8 (Bylae 2) en vraag 9 (Bylae 1) verkry word. Afwykings sal aantoon waarom die betrokke leerlinge nie vir sommige werkgewers aanvaarbaar mag wees nie. Vraag 3.7 stel vas of werkgewers wat nie leerlinge uit spesiale skole in diens neem nie, wel van mening sal verander indien hulle inspraak kon verkry in die opleidingsprogram wat spesiale skole aanbied.

## 4.6 RESPONDENTE

### 4.6.1 Skole

Die vraelys (Bylae 1) is opgestel met die oog op verspreiding aan al 26 spesiale skole (Bylae 3) onder beheer van die Transvaalse Onderwysdepartement.

### 4.6.2 Werkgewers

Op grond van inligting wat vooraf van spesiale skole verkry is, is vyftien werkgewers wat tans leerlinge uit spesiale skole in diens neem op 'n ewekansige basis geselekteer vir die voer van gestruktureerde onderhoude en die voltooiing van die skedule (Bylae 2)

Uit 'n aantal werkgewers, van wie skole aangedui het dat hulle nie leerlinge uit spesiale skole in diens neem nie, is ook vyf werkgewers op 'n ewekansige basis geselekteer vir die voer van onderhoude.

By die aanvanklike seleksie is daar gepoog om werkgewers wat verteenwoordigend is van die bedrywe waarin leerlinge aan spesiale skole opgelei word, by die ondersoek te betrek (vergelyk paragraaf 3.3.3). Die bestuurders of indiensnemingsbeamptes van die vyftien geselekteerde werkgewers is daarna telefonies genader om deel te neem aan die ondersoek, op voorwaarde dat hulle anoniem kon bly en dat geen onderneming se naam in die navorsing geopenbaar sou word nie.

## 4.7 VERSPREIDING VAN DIE VRAELYS EN VOLTOOIING VAN DIE SKEDULE

Vraelyste (Bylae 1) is met die toestemming van die Transvaalse Onderwysdepartement, aan die betrokke spesiale skole (vergelyk 4.6.1) gepos. Die betrokke hoofde is per brief oor die doel van die vraelys ingelig. Hulle is versoek om die

vraelys deur die skool se bestuurspersoneel te laat voltooi en dit voor 'n gegewe datum terug te stuur. 'n Geadresseerde, gefrankeerde koevert is vir die doel ingesluit.

Vir die voltooiing van die skedule is telefoniese afsprake gemaak met dié werkgewers wat ingestem het tot die voer van onderhoude. Onderhoude van vyf en veertig minute per werkgewer is aangevra en is óf met die bestuurder óf die personeelbeampte gevoer. Vrae is aan die hand van die skedule gestel en in sekere gevalle is die terminologie verduidelik.

## 4.8 RESPONSE

Twintig van die spesiale skole aan wie die vraelys gestuur is, het dit voltooi en dit voor die verlangde datum teruggestuur. Hoewel terugvoering op vraelyste wat per pos uitgestuur word dikwels swak is, is 'n respons van 76,9% verkry. 'n Respons van tussen 70% en 100% is nodig, vir die maak van geldige en betroubare afleidings (Ary et al., 1979:175; Behr, 1973:79; Van der Westhuizen, 1985:6).

In die geval van die werkgewers wat tans leerlinge uit spesiale skole in diens neem, het agt werkgewers onderhoude toegestaan en is skedules voltooi. Reaksie is van 'n verteenwoordigende groep werkgewers, wat wél leerlinge uit spesiale skole in diens neem, verkry. Die data wat van hulle verkry is, is daarom 'n goeie aanduiding van die menings en houdings van ander werkgewers.

Slegs een werkgewer wat nie leerlinge uit 'n spesiale skool in diens neem nie, was bereid om 'n onderhoud toe te staan. Hoewel hierdie data dus nie verteenwoordigend van alle nie-emplojerende werkgewers is nie, behoort dit nogtans op sekere tendense, wat vir die navorsing belangrik is, te dui.

Die data wat van skole verkry is, is vergelyk met die data

wat van werkgewers verkry en op die skedule aangedui is. Dit het gedien as basis vir aanbevelings met die oog op meer beroepsgerigte onderwys aan spesiale skole.

## 4.9 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is ondersoek ingestel na navorsingsmetodes, wat op hierdie empiriese ondersoek toegepas kon word.

'n Vraelys is ontwerp om ondersoek in te stel na die probleme wat in paragraaf 3.4 geïdentifiseer is. Vraelyste is, nadat die Transvaalse Onderwysdepartement die nodige toestemming verleen het, aan alle spesiale skole in Transvaal gestuur. Twintig skole (76%) het op die vraelys gereageer.

'n Skedule, wat tydens gestruktureerde onderhoude gebruik is, is ontwerp. Gestruktureerde onderhoude is met nege werkgewers oor die indiensneming van leerlinge uit spesiale skole en die geskiktheid van die opleiding wat hulle ontvang, gevoer.

Die data wat by wyse van die empiriese ondersoek bekom is, word in hoofstuk 5 aangebied en geïnterpreteer.

# HOOFSTUK 5

# AANBIEDING EN INTERPRETASIE VAN DIE DATA

## 5.1 INLEIDING

Die data wat met behulp van vraelyste aan spesiale skole verkry is, en die data wat uit die skedules verkry is, wat na aanleiding van die gestruktureerde onderhoude met werkgewers en potensiële werkgewers voltooi is, word in hierdie hoofstuk aangebied, ontleed, geïnterpreteer en waar moontlik vergelyk. Die data wat in die hoofstuk verstrek word, word geïnterpreteer om sodoende vas te stel of die probleme wat in die probleemstelling (vergelyk 1.2) saamgevat is en wat in hoofstuk 3 (vergelyk 3.4) verder ontleed is, aktueel is. Die data behoort aan te dui of die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, geskik is vir indiensneming; of daar inderdaad 'n gaping tussen die kurrikula en die departementeel-voorgeskrewe sillabusse enersyds en die vereistes wat potensiële werkgewers andersyds stel, is en of die probleem van indiensneming gebiedsgebonde is.

Die data wat van spesiale skole verkry is, word eerstens aangebied en geïnterpreteer. Daarna word die data wat met behulp van skedules van werkgewers en potensiële werkgewers verkry is, aangebied, geïnterpreteer en vergelyk met die data wat met behulp van vraelyste verkry is. Hierdie vergelyking was nodig om moontlike ooreenkomste, maar ook verskille tussen die twee groepe, naamlik spesiale skole en werkgewers, aan te toon.

## 5.2 DATA VERKRY VAN SPESIALE SKOLE (Bylae 1)

### 5.2.1 Verspreiding van respondente (Vraag 1)

Met vraag 1 is data beoog ten opsigte van die gebiede waaruit die skole se leerlinge afkomstig is. Tabel 5.1 toon aan dat

die twintig skole wat op die vraelys gereageer het, verteenwoordigend is van die hele spektrum en dat die data en menings wat op alle verdere vrae verskaf is, verteenwoordigend is van die opinies van alle spesiale skole se bestuurspersoneel. Die feit dat respondente verteenwoordigend van die hele groep spesiale skole is, is van belang wanneer data oor gebiedsgebonde indiensnemingsvereistes en probleme in paragrawe 5.2.4 geïnterpreteer word.

TABEL 5.1 GEBIEDE WAARUIT LEERLINGE OP WIE DIE ONDERSOEK GERIG IS, KOM

| GEBIEDSOMSKRYWING | AANTAL SKOLE |
|---|---|
| Plattelandse gebied | 2 |
| Stedelike gebied | 9 |
| Semi-stedelike gebied | 9 |
| Mynbougebied | 2 |
| Hoogs-geïndustrialiseerde gebied | 5 |
| Gebied met hoofsaaklik ligte nywerhede | 6 |
| Gebied met hoofsaaklik swaar nywerhede | 11 |
| Landbougebied | 2 |

Uit tabel 5.1 kan afgelei word dat die meeste van die leerlinge op wie hierdie ondersoek betrekking het, uit stedelike en semi-stedelike gebiede afkomstig is. Aangesien meeste verstandelik-gestremde leerlinge na skoolverlating steeds van hulle ouers vir huisvesting en vervoer afhanklik is (vergelyk 2.3.4), kan aangeneem word dat hulle ook in stedelike of semi-stedelike gebiede 'n heenkome sal vind as werkers in die plaaslike fabrieke of ander plaaslike instellings. Die twee skole wat aangedui het dat hulle leerlinge uit plattelandse gebiede afkomstig is, het aangedui dat hulle gebiede ook as landbougebiede beskryf kan word. Een van die skole het ook aangetoon dat daar ligte nywerhede in die gebied voorkom. Die vyf skole wat aangedui het dat hulle skole se leerlinge uit stedelike gebiede afkomstig is, het ook aangedui dat die

gebiede hoogs-geïndustrialiseerd is en dat sowel swaar- as ligte nywerhede voorkom. Skole wat in semi-stedelike gebiede geleë is, het aangetoon dat daar hoofsaaklik ligte nywerhede voorkom. Twee van laasgenoemde groep skole het ook aangetoon dat daar mynboubedrywighede plaasvind, terwyl twee ander aangetoon het dat daar ook swaar nywerhede is.

5.2.2 Skoolverlaters en vakleerlingopleiding (Vraag 2-7)

Die data wat spesiale skole op vraag 2 verstrek het, word in tabel 5.2 saamgevat. Die aantal leerlinge wat die skool in 1986 permanent verlaat het om te gaan werk, dien as basis vir die interpretasie van verdere data.

TABEL 5.2 AANTAL LEERLINGE WAT SPESIALE SKOLE IN 1986 VERLAAT HET OM TE GAAN WERK

| | |
|---|---|
| Seuns | 854 |
| Meisies | 524 |
| TOTAAL | 1378 |

Die data wat op vrae 3, 4, 5 en 6 verstrek is, word in tabel 5.3 saamgevat en toon die verhouding aan tussen die aantal skoolverlaters, die skoolverlaters wat vir vakleerlingopleiding deur die Departement van Mannekragbenutting gekeur is, die aantal gekeurde skoolverlaters wat wel vakleerlingopleiding ontvang, die aantal ongekeurde leerlinge wat vakleerlingopleiding ontvang en die aantal werkloses.

Die data (tabel 5.3) bevestig die feit dat leerlinge uit spesiale skole normaalweg nie kwalifiseer vir vakleerlingopleiding nie. Slegs 11% van die betrokke skoolverlaters is deur die Departement van Mannekrag vir vakleerlingopleiding gekeur (vergelyk 1.1; 2.2.4 & 3.4). Die jaarvlak vyf-sertifikaat verleen dus beslis nie direkte toegang tot vakleerlingskappe nie. Skole wat aangedui het dat daar ongekeurde leerlinge is wat vakleerlingopleiding ontvang, het by navraag aangedui dat

dit slegs geskied nadat leerlinge kursusse (byvoorbeeld N1) aan 'n tegniese kollege geslaag het. Die feit dat slegs 10,8% van die skoolverlaters vir vakleerlingopleiding gekeur is en 18,5% skoolverlaters werkloos was, dui daarop dat die opleiding aan spesiale skole nie beroepsgerig genoeg is nie. Toepaslike en geskikte opleiding is nodig om enersyds die persentasie leerlinge wat vir vakleerlingopleiding gekeur word te verhoog en andersyds die persentasie werkloses te laat daal.

TABEL 5.3 DIE AANTAL LEERLINGE WAT VIR VAKLEERLINGOPLEIDING GEKEUR IS, DIé WAT WEL VAKLEERLINGOPLEIDING ONTVANG EN DIE AANTAL WERKLOSES IN VERHOUDING TOT DIE AANTAL SKOOLVERLATERS

| | SEUNS | % | MEISIES | % | TOTAAL | % |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | N=854 | | N=524 | | N=1378 |
| Skoolverlaters wat gekeur is vir vakleerlingskap | 113 | 13,2 | 36 | 6,9 | 149 | 10,8 |
| Gekeurde leerlinge wat vakleerlingopleiding ontvang | 44 | 5,2 | 12 | 2,3 | 56 | 4,1 |
| Ongekeurde leerlinge wat vakleerlingopleiding ontvang | 15 | 1,8 | 3 | 0,6 | 18 | 1,3 |
| Skoolverlaters wat werkloos is | 146 | 17,1 | 109 | 20,8 | 255 | 18,5 |

Drie van die respondente het aangedui dat die data wat hulle ten opsigte van vakleerlingopleiding verstrek het, nie gekontroleer kon word nie en dus slegs benaderde syfers is. In die ondersoek het dit op 'n leemte gedui, naamlik dat skole nie oor getroue statistiek ten opsigte van skoolverlaters beskik nie en dat raaiwerk die wetenskaplikheid van die ondersoek kon beïnvloed.

Die data wat na aanleiding van vraag 7 bekom is, en in tabel 5.4 saamgevat word, dui daarop dat leerlinge nie algemeen in diens geneem word in die rigtings waarin hulle spesifieke praktiese opleiding op skool ontvang nie (vergelyk 1.1; 2.2.4 & 2.3.4). Die sillabusse vir die praktiese vakke is sedert 1976 nog nie aangepas nie (vergelyk 3.4). In 'n bedryfswêreld wat steeds vinniger tegnokratiseer, is dit onwaarskynlik dat werk en prosesse wat in 1976 in die sillabusse opgeneem is, nog relevant is.

Die data wat met vraag 7 bekom is (tabel 5.4), dui aan dat een en vyftig skoolverlaters (3,7%) verdere opleiding ontvang in die rigtings wat aan spesiale skole aangebied word. Indien die data (tabel 5.4) vergelyk word met tabel 5.3 blyk dit dat drie en twintig leerlinge (totale aantal leerlinge wat vakleerlingopleiding ontvang minus die aantal leerlinge wat vakleerlingopleiding ontvang in die praktiese rigtings wat op skool aangebied word: 56 + 18 - 51 = 23) in ander rigtings as waarin hulle op skool kon spesialiseer, opgelei word. Dit dui daarop dat dit nodig mag wees dat die kurrikula vir spesiale skole hersien behoort te word.

TABEL 5.4 DIE AANTAL LEERLINGE WAT VAKLEERLINGOPLEIDING ONTVANG IN DIE SPESIFIEKE RIGTINGS WAARIN OP SKOOL GESPESIALISEER KAN WORD.

| PRAKTIESE RIGTING | SEUNS | MEISIES | TOTAAL |
|---|---|---|---|
| Boubedryf | 3 | | 3 |
| Motorbedryf | 18 | | 18 |
| Metaalbedryf | 23 | | 23 |
| Handelsdienste | | 3 | 3 |
| Monteerwerk | | 0 | 0 |
| Huishoudkundige dienste | | 4 | 4 |
| TOTAAL | 44 | 7 | 51 |

### 5.2.3 Beroepe wat deur leerlinge van spesiale skole, wat nie vir vakleerlingopleiding kwalifiseer nie, gevolg word (Vraag 8)

Uit die data wat in paragraaf 5.2.2 aangebied word, kan afgelei word dat daar 74 (5,4%) leerlinge uit ŉ totaal van 1378 (100%) skoolverlaters is wat besig is met vakleerlingopleiding en dat daar 255 (18,5%) skoolverlaters is wat werkloos was. Vraag 8 verskaf data (tabel 5.5) oor die ander 1049 (76%) skoolverlaters se indiensneming.

Twee respondente het geen data ten opsigte van die afdeling verstrek nie. Twee ander respondente kon nie die aantal skoolverlaters wat in die genoemde beroepe in diens geneem is, verstrek nie en het slegs die beroepe aangedui wat leerlinge uit hulle skole normaalweg volg. Die gegewens wat in tabel 5.5 vervat is, verskaf egter ŉ duidelike beeld van die beroepsveld van skoolverlaters uit spesiale skole. In die meeste gevalle het die praktiese opleiding wat hulle op skool ontvang, min betrekking op die beroepe wat hulle volg. Dit bevestig ook die feit dat dié leerlinge in beroepe vir halfgeskooldes in diens geneem word (vergelyk 1.1 & 3.4).

Die meeste van die seuns (22% van die leerlinge wat nie ingeskrewe vakleerlinge is nie) word in diens geneem as operateurs. As in aanmerking geneem word dat 103 seuns besig was met militêre diensplig, kan aanvaar word dat heelwat van hulle ook later in dié rigtings (tabel 5.5) in diens geneem sal word.

Die opleiding wat leerlinge veral ten opsigte van die praktiese vakke aan spesiale skole ontvang, hou in die meeste gevalle geen of baie min verband met die beroepe wat hulle by skoolverlating volg.

TABEL 5.5 BEROEPE WAARIN LEERLINGE WAT NIE VIR VAKLEERLINGSKAPPE KWALIFISEER NIE, IN DIENS GENEEM IS.

| BEROEP | AANTAL |
|---|---|
| Bodes | 29 |
| Bedraders | 30 |
| Haarkapperassistente | 73 |
| Handlangers | 46 |
| Huishoudsters | 6 |
| Kassiere | 47 |
| Klerke/Winkelassistente | 31 |
| Kinderoppassers | 7 |
| Myners | 24 |
| Nutsmanne | 39 |
| Operateurs | 165 |
| Plaasassistente | 5 |
| Posmanne | 19 |
| Pompjoggies | 9 |
| Sekerheidsbeamptes | 26 |
| Slagters | 17 |
| Verpakkers | 28 |
| Spoorwegwerkers | 30 |
| Assistent-verpleegsters | 7 |
| Wasserybedieners | 0 |
| (Weermagopleiding) | 103 |
| Onbekend | 13 |
| TOTAAL | 754 |

### 5.2.4 Indiensneming van leerlinge uit spesiale skole (Vraag 9 & 10)

In tabel 5.6 word die rangorde wat die bestuurspersoneel van skole aan sekere persoonlikheidseienskappe, vaardighede en kwalifikasies, met die oog op indiensneming toeken, saamgevat (vergelyk vraag 9, Bylae 3).

ŉ Gemiddelde punt wat aan elke item toegeken is, is bereken en daarna is die rangorde bepaal met 1 die belangrikste en 15 die onbeduidendste item.

TABEL 5.6 RANGORDE WAT TOEGEKEN IS AAN SEKERE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE, VAARDIGHEDE EN KWALIFIKASIES MET DIE OOG OP INDIENSNEMING VAN SKOOLVERLATERS.

| INDIENSNEMINGSVEREISTE | GEMIDDELDE PUNT | RANG ORDE |
|---|---|---|
| Beroepsvolwassenheid | 2,74 | 1 |
| Emosionele volwassenheid | 4,00 | 2 |
| "Persoonlikheid" | 5,68 | 3 |
| Sosiale aanpassingsvermoë | 6,26 | 4 |
| Algemene handvaardigheid | 6,42 | 5 |
| Praktiese vak waarin gespesialiseer is | 7,00 | 6 |
| Vermoë om te kan kommunikeer | 7,74 | 7 |
| Jaarvlak 5-sertifikaat | 8,11 | 8 |
| Fisiese gesteldheid | 8,89 | 9 |
| Insig | 8,89 | 10 |
| Belangstelling | 9,68 | 11 |
| Algemene vakkennis | 10,42 | 12 |
| Leesvaardigheid | 10,47 | 13 |
| Syfervaardigheid & vermoë om te kan meet | 11,37 | 14 |
| Skryfvaardigheid | 12,95 | 15 |

Skole het deurgaans ŉ hoër rangorde (rangorde 1-4) aan die hoër psigiese eienskappe, wat veral in die doelstellings van die opvoedkundige leidingprogram vervat is (vergelyk 3.3.4), toegeken. Algemene handvaardigheid en die praktiese vak waarin die leerling gespesialiseer het, word ook belangrik geag (rangorde 5 & 6). Aan die meer kognitiewe vermoëns, wat hoofsaaklik vervat is in die doelstellings van die skolastiese vakke (vergelyk 3.3.2), word gemiddeld ŉ laer

rangorde toegeken (rangorde 7, 8, 12, 13, 14, 15). Hieruit kan afgelei word dat respondente persoonlikheidsontwikkeling hoër ag as die skolastiese ontwikkelingspeil wat 'n leerling bereik het wanneer dit by indiensplasing kom. Dit is verder opvallend dat daar min waarde geheg word aan syfervaardigheid, die vermoë om te kan meet en veral skryfvaardigheid, wanneer dit by indiensplasing kom. Die feit dat daar gesamentlik slegs twee periodes per week aan voorligting en geesteswerbaarheid in die kurrikulum bestee word (vergelyk 3.3.4), rym nie met dié rangorde nie.

TABEL 5.7 FAKTORE WAT PROBLEME VEROORSAAK BY DIE INDIENSPLASING VAN SKOOLVERLATERS UIT SPESIALE SKOLE.

| FAKTORE | JA | NEE |
|---|---|---|
| Die jaarvlakstelsel en- sertifikaat | 20 | 0 |
| Besondere indiensnemingsvereistes | 19 | 1 |
| Vooroordeel teenoor leerlinge uit spesiale skole | 20 | 0 |
| Beroepsvolwassenheid | 14 | 6 |
| Gebrekkige kennis van lees, skryf en reken | 7 | 12 |
| Verstandelike onvermoë van leerlinge | 10 | 10 |
| Ooraanbod van werkers op 'n sekere posvlak | 16 | 4 |
| Nie-toepaslike praktiese opleiding | 15 | 5 |
| Te gespesialiseerde opleiding | 6 | 14 |
| Streeksgebonde werksgeleenthede | 15 | 5 |

Die data wat met vraag 10 bekom is en in tabel 5.7 aangebied is, dui aan in watter mate sekere faktore probleme by die indiensplasing van leerlinge veroorsaak. Dit blyk dat die jaarvlakstelsel nie 'n aanvaarbare stelsel is vir sertifisering nie. Skole dui eenparig aan dat daar vooroordeel teenoor leerlinge uit spesiale skole as potensiële werkers is. Die feit dat negentien skole aandui dat besondere indiensnemingsvereistes 'n probleem skep wanneer leerlinge om poste aansoek doen, verklaar waarom streeksgebonde werksgeleenthede en 'n ooraanbod van werkers op die besondere posvlak ook

probleme veroorsaak. Dit val op dat tien skole aangedui het dat die verstandelike onvermoë van die leerlinge nie 'n probleem by indiensneming skep nie, terwyl dit by tien ander respondente wél probleme veroorsaak.

5.2.5 Die geskiktheid van die huidige kurrikula en departementele sillabusse vir spesiale skole (Vraag 11-16).

Al twintig respondente was die mening toegedaan dat spesiale skole 'n besliste taak ten opsigte van beroepsgerigte opleiding van leerlinge het (Vraag 11, Bylae 3).

In reaksie op vraag 12 meen sewentien respondente dat die huidige kurrikula vir spesiale skole nie voldoen aan die beroepsbehoeftes van hulle leerlinge nie (vergelyk paragrawe 3.3 & 3.4). Dieselfde sewentien respondente dui in reaksie op vraag 13 aan, dat die sillabusse vir die verskillende vakke ook nie voldoen aan streeksgebonde indiensnemingsvereistes nie.

Twaalf van die twintig respondente is van mening dat dit nie vir hulle moontlik is om die departementele sillabusse so te ontwikkel, dat dit sal voldoen aan die spesifieke indiensnemingsvereistes van werkgewers in hulle omgewing nie (Vraag 14).

Indien in aanmerking geneem word dat die grootste persentasie skoolverlaters in ander rigtings, as waarvoor hulle op skool opgelei is, in diens geneem word (vergelyk tabel 5.5), sal die kurrikulum vir spesiale skole herontwerp moet word.

In reaksie op vraag 15, dui twaalf respondente aan dat hulle gebruik maak van die bestaande wyses vir kurrikulumontwerp.

Agtien respondente was van mening dat die kurrikula vir spesiale skole nie vinnig genoeg aangepas word om tred te hou

met die veranderende omstandighede nie (Vraag 16). Dit bevestig die feit dat daar 'n gaping bestaan tussen die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang en 'n getegnokratiseerde werkbestel (vergelyk paragraaf 1.2 & 3.4).

Indien hierdie data vergelyk word met die data wat op vraag 15 verstrek is, kan die afleiding gemaak word dat skole se bestuurspersoneel self nie genoeg doen om die kurrikula en sillabusse, wat hulle as nie-relevant beskou, (vergelyk paragraaf 5.2.5) te wysig nie.

### 5.2.6 Kurrikulering en die vasstelling van sillabusse (Vraag 17-25)

Hoewel daar by dertien van die respondent-skole georganiseerde ouerverenigings bestaan (vraag 17), dui slegs twee respondente aan dat ouerverenigings deur georganiseerde ouerorganisasies inspraak het op die bepaling van die kurrikula vir spesiale skole (vraag 18). Ouers van die betrokke leerlinge kom dus, ten opsigte van die belangrike aspek van hulle kinders se opvoeding, nie hulle vennootskapplig na nie en sal daartoe gemotiveer moet word.

Die belang wat potensiële werkgewers by die beroepsgerigte opleiding van leerlinge aan spesiale skole het (vergelyk paragraaf 2.5), word met die data wat op vraag 19 verstrek is, bevestig. Sewentien respondente toon aan dat werkgewers op 'n streekbasis inspraak behoort te hê by die vasstelling van sillabusse sodat dit sal voldoen aan partikuliere indiensnemingsvereistes.

Tabel 5.8 tabuleer die data wat op vraag 20 verstrek is. Die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding skakel in die meeste gevalle eerste met potensiële werkgewers. Elf van die respondente het aangedui dat hý alleen vir die skakelwerk verantwoordelik is. Hy sal dus self moontlike leemtes in die leerlinge se opleiding moet identifiseer en moontlike

wysigings ten opsigte van die kurrikula en sillabusse aan die bestuurspersoneel van die skool, vir verdere hantering, moet voorstel.

TABEL 5.8 DIE LID VAN DIE SKOOL SE BESTUURSPERSONEEL WAT GEWOONLIK EERSTE MET WERKGEWERS SKAKEL.

| SKAKELPERSOON/PERSONE | RESPONDENTE |
|---|---|
| Hoof | 7 |
| Adjunk-hoof | 5 |
| Departementshoof: Opvoedkundige Leiding | 14 |
| Departementshoof: Praktiese vakke vir seuns | 0 |
| Departementshoof: Praktiese vakke vir meisies | 0 |
| Departementshoof: Skolastiese vakke | 0 |

Drie van die ander respondente wat aangedui het dat meer as een persoon by die aanvanklike skakeling met werkgewers betrek word, het aangedui dat die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding by die skakeling betrek word.

Dit val op dat die hoof, en in 'n minder mate die adjunk-hoof, betrek word by skakeling met potensiële werkgewers. Die vraag kan gevra word of die hoof nie 'n meer prominente rol te vervul het by die aanvanklike skakeling met potensiële werkgewers nie. Duidelike riglyne vir skakeling tussen die bestuurspersoneel van spesiale skole met die onderwysowerhede enersyds en potensiële werkgewers andersyds, behoort uit te loop op meer gepaste beroepsgerigte onderwys aan spesiale skole.

Die data in tabel 5.9 toon in reaksie op vraag 21 aan watter lid van die bestuurspersoneel, by die ondersoek na die geskiktheid van werksgeleenthede vir die indiensplasing van skoolverlaters, betrek word.

TABEL 5.9 DIE LID/LEDE VAN DIE BESTUURSPERSONEEL WAT DIE GESKIKTHEID VAN WERKSGELEENTHEDE VIR LEERLINGE UIT SPESIALE SKOLE ONDERSOEK.

| LID VAN BESTUURSPERSONEEL | RESPONDENTE |
|---|---|
| Hoof | 9 |
| Adjunkhoof | 7 |
| Departementshoof: Opvoedkundige Leiding | 20 |
| Departementshoof: Praktiese vakke vir seuns | 9 |
| Departementshoof: Praktiese vakke vir meisies | 9 |
| Departementshoof: Skolastiese vakke | 3 |

Al twintig respondente het aangedui dat die departementshoof: Opvoedkundige Leiding by sodanige ondersoek betrek word. By nege van die respondente word die hoof, die departementshoof: praktiese vakke vir seuns en die departementshoof: praktiese vakke vir meisies ook by die ondersoek, na die geskiktheid van werksgeleenthede vir leerlinge uit spesiale skole, betrek. Die adjunk-hoof word by sewe respondente ook aangedui as lid van die ondersoekgroep. Dit val op dat die departementshoof: Skolastiese vakke slegs in drie gevalle by die ondersoek na die geskiktheid van werksgeleenthede betrek word en dat hy dus nie sal kan bepaal of die akademiese onderrig steeds funksioneel en beroepsgerig is nie (vergelyk paragraaf 3.4).

Die data wat op vraag 22 verstrek is, bepaal die frekwensie (tabel 5.10) waarteen aanbevelings deur die bestuurspersoneel van die betrokke skole ten opsigte van die moontlike aanpassing of hersiening van die kurrikula en/of sillabusse vir spesiale skole gemaak is.

Uit tabel 5.10 blyk dit dat meer as die helfte van die respondente aanbevelings gemaak het met die oog op die aanpassing van kurrikula en/of sillabusse.

TABEL 5.10 DIE FREKWENSIE WAARTEEN SKOLE SE BESTUURSPERSONEEL AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN KURRIKULERING EN/OF SILLABUSAANPASSINGS GEMAAK HET GEDURENDE 1985 EN 1986.

| FREKWENSIE | RESPONDENTE |
|---|---|
| Een keer | 1 |
| Twee tot drie keer | 4 |
| Vier tot vyf keer | 1 |
| Meer as vyf keer | 5 |
| Weet nie/Onseker | 5 |
| Glad nie | 3 |

Respondente het aangetoon dat aanbevelings (vraag 23) veral by die superintendente van onderwys vir die verskillende vakke gemaak is (vergelyk tabel 5.11). Die feit dat sewentien respondente egter aangedui het dat nog die kurrikulum, nog die sillabusse geskik is vir die indiensplasing van leerlinge (vergelyk paragraaf 5.2.5), dui daarop dat die skakeling met persone of instansies wat gemoeid is met kurrikulering en sillabussamestelling, nie doeltreffend is nie.

Vyftien respondente het in reaksie op vraag 24 aangedui dat hulle die probleme wat plaaslike werkgewers met die in diensneming van leerlinge uit spesiale skole ondervind, op 'n indirekte wyse aan die betrokke onderwysdepartement rapporteer. Aangesien vyftien respondente egter aangedui het dat hulle probleme met nie-toepaslike opleiding van leerlinge ondervind (vergelyk tabel 5.7), dui dit daarop dat die probleme nie korrek hanteer word nie, of dat dit vir die onderwysowerhede nie moontlik is om die verlangde wysigings vinnig aan te bring nie.

TABEL 5.11 PERSONE OF INSTANSIES BY WIE DIE BESTUURSPERSONEEL VAN SPESIALE SKOLE GEDURENDE 1985 EN 1986 AANBEVELINGS TEN OPSIGTE VAN KURRIKULA EN/OF SILLABUSSE GEMAAK HET.

| PERSOON OF INSTANSIE BY WIE AANBEVELINGS GEMAAK IS | RESPONDENTE |
|---|---|
| Superintendent van Onderwys (Vak) | 14 |
| Superintendent van Onderwys (Streek) | 2 |
| Onderwysburo vir kurrikulering | 2 |
| Departementele navorsingskomitees | 6 |
| Departementele studiekomitees | 8 |
| Departementele vakkomitees | 8 |
| Departementele sillabuskomitees | 2 |
| Onderwysdepartement | 0 |
| Onderwysersverenigings: Belangegroepe | 11 |
| Ander instansies | 1 |
| Ander persone | 1 |
| Nie van toepassing nie | 1 |

Die feit dat al twintig respondente in reaksie op vraag 25 aangedui het dat spesiale skole meer beroepsgerigte opleiding behoort aan te bied, bevestig die vermoede (vergelyk 1.2) dat die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, nie geskikte voorbereiding vir indiensneming bied nie.

## 5.3 DATA VERKRY VAN POTENSIèLE WERKGEWERS (Bylae 2)

### 5.3.1 Inleiding

Die data wat met die vraagskedule (Bylae 2) bekom is dui ten eerste die verspreiding en aktiwiteite van die potensiële werkgewers van die betrokke leerlinge aan. Navorsing met die oog op vergelyking met die gegewens wat spesiale skole verstrek het (Bylae 1), is gedoen om te bepaal of die betrokke werkgewers wél leerlinge uit spesiale skole in diens

neem, wat die aard van die poste is waarin dié leerlinge aangestel word, die geskiktheid van die opleiding wat leerlinge op skool ontvang en moontlike skakeling met skole of die onderwysowerhede om geskikte beroepsgerigte opleiding teweeg te bring.

5.3.2 Verspreiding van respondente (Vraag 1.1, 1.2 & 1.3)

TABEL 5.12 GEBIEDE WAARIN ORGANISASIES MET WIE GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE GEVOER IS, GELEë IS.

| GEBIEDE | RESPONDENTE |
|---|---|
| Plattelandse gebied | 0 |
| Semi-stedelike gebied | 9 |
| Stedelike gebied | 0 |
| Landbougebied | 0 |
| Ligte nywerheidsgebied | 8 |
| Swaar nywerheidsgebied | 6 |
| Mynbougebied | 2 |
| Hoogs-geïdustrialiseerde gebied | 0 |
| Ander | 1 |

Die nege werkgewers wat onderhoude toegestaan en by wie skedules voltooi is, het die gebiede waarin hulle geleë is as semi-stedelik beskryf. Werkgewers uit die Vaaldriehoek, Klerksdorp, die Oos-Rand, die Wes-Rand, Pretoria en Witbank is by die ondersoek betrek. Geen werkgewers uit die meer plattelandse gebiede was bereid om onderhoude toe te staan nie, omdat hulle aktiwiteite van beperkte omvang is en hulle nie enige leerlinge uit spesiale skole in diens het nie. Dit was verder nie moontlik om 'n onderhoud te voer met enige werkgewer wat meer as een meisie uit 'n spesiale skool in diens gehad het nie. Afgesien van die feit dat dit 'n leemte in die navorsing gelaat het, dui dit op die beperkte beroepsmoontlikhede wat daar vir meisies uit spesiale skole bestaan.

Ses van die respondente het aangedui dat hulle by ligte sowel as swaar nywerhede betrokke is. Twee ander het hulle aktiwiteite as ligte nywerheidsvervaardiging beskryf en die ander potensiële werkgewer se aktiwiteite is beskryf as semi-openbare dienslewering (Vraag 1.1).

Tabel 5.13 verskaf die data wat met vraag 1.2 verkry is. Dit toon dat werkgewers oor 'n breë spektrum by die ondersoek betrek is. Vyf van die respondente het aangedui dat hulle by meer as twee van die gegewe aktiwiteite betrokke is (Vraag 1.2). Dié betrokke respondente het tydens die onderhoude aangedui dat hulle ook op indirekte wyse by die handelswese betrokke is.

TABEL 5.13 BEDRYFSAKTIWITEITE WAARBY POTENSIeLE WERKGEWERS BETROKKE IS.

| AARD VAN BEDRYF | RESPONDENTE |
|---|---|
| Staalnywerheid | 3 |
| Handelswese | 5 |
| Boerdery | 0 |
| Konstruksiebedryf | 2 |
| Sweiswerk | 2 |
| Hospitaalwese | 0 |
| Chemiese bedryf | 2 |
| Openbare sektor | 1 |
| Vervoerbedryf | 0 |
| Boubedryf | 0 |
| Meubelmakery | 1 |
| Elektriese bedryf | 0 |
| Motorbedryf | 1 |
| Huishoudkundige dienste | 0 |
| Haarkappery | 0 |
| Vervaardigingsbedryf | 3 |

Die drie respondente wat by die staalnywerheid betrek is, het vervaardiging as hulle vernaamste aktiwiteit beskryf.

Uit tabel 5.13 kan waargeneem word dat beroepsrigtings wat veral vir meisies geskik is, nie deur werkgewers aangedui is as bedrywe waarby hulle betrokke is nie. Bedrywe wat hieronder ressorteer is huishoudkundige dienste, haarkappery en die hospitaalbedryf. Dit bevestig die feit dat die praktiese opleiding wat meisies aan spesiale skole ontvang, nie geskik is vir indiensneming nie (vergelyk paragraaf 3.3.3).

In reaksie op vraag 1.3 het agt respondente aangetoon dat hulle wél leerlinge uit spesiale skole in diens neem. Slegs een respondent het aangedui dat hulle nie leelinge uit spesiale skole in diens neem nie.

### 5.3.3 Indiensneming van leerlinge uit spesiale skole (Vraag 2.1 - 2.3)

TABEL 5.14 DIE AANTAL LEERLINGE UIT SPESIALE SKOLE WAT VANAF 1 JANUARIE 1985 TOT 31 DESEMBER 1986 DEUR WERKGEWERS WAT BY DIE ONDERSOEK BETREK IS, IN DIENS GENEEM IS.

| | |
|---|---|
| Seuns | 98 |
| Meisies | 0 |
| TOTAAL | 98 |

Die data wat op vraag 2.1 (tabel 5.14) verstrek is, toon die aantal leerlinge aan wat gedurende die tydperk 1 Januarie 1985 tot 31 Desember 1986 deur werkgewers wat by die ondersoek betrek is, in diens geneem is. Dit bevestig die gegewens wat uit tabel 5.13 geblyk het, naamlik dat meisies nie geredelik poste bekom nie (vergelyk paragrawe 1.1, 2.4.4 & 3.3.3).

TABEL 5.15 DIE AANTAL PERSONE UIT SPESIALE SKOLE WAT AS INGESKREWE VAKLEERLINGE BY DIE WERKGEWERS WAT BY DIE ONDERSOEK BETREK IS, IN DIENS WAS.

| | |
|---|---|
| Seuns | 1 |
| Meisies | 0 |
| TOTAAL | 1 |

Uit die data verkry op vraag 2.2 (tabel 5.15) blyk dit dat slegs een persoon wat sy opleiding aan ŉ spesiale skool voltooi het, as ŉ vakleerling ingeskryf was. Hierdie data is in ooreenstemming met die stelling wat in paragraaf 1.1 gemaak is, naamlik dat die meeste leerlinge uit spesiale skole nie as vakleerlinge ingeskryf kan word nie. Die jaarvlak vyf-sertifikaat word beslis nie geskik geag vir vakleerlingskap nie. ŉ Standerd sewe-sertifikaat of ŉ N1-kwalifikasie aan ŉ tegniese kollege is die minimum vereiste vir toelating tot ŉ vakleerlingskap (vergelyk paragraaf 1.1). Die data wat in tabel 5.15 weergegee word, stem ooreen met die data wat spesiale skole oor vakleerlingopleiding verstrek het (tabel 5.3).

TABEL 5.16 DIE TIPE POSTE WAARIN LEERLINGE UIT SPESIALE SKOLE DEUR WERKGEWERS AANGESTEL WORD.

| TIPE POS | AANTAL WERKNEMERS |
|---|---|
| Operateur | 6 |
| Fabriekswerker | 2 |
| Posbesteller | 1 |
| Plaatmetaalwerker | 2 |
| Slagpale-assistent | 45 |
| Sweiser | 1 |
| Monteur | 1 |

Die data wat op vraag 2.3 verskaf is, word in tabel 5.16

weergegee. Die tipe poste waarin die betrokke werkgewers leerlinge uit spesiale skole aanstel, word aangetoon. Dit blyk dat hierdie leerlinge hoofsaaklk in beroepe wat vir halfgeskoolde persone geskik is, aangestel word. Verdere formele opleiding is gewoonlik nie moontlik in hierdie beroepe nie. Hierdie data stem ooreen met die data, wat in dië verband deur spesiale skole verstrek is. Die feit dat die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, nie gerig is op die beroepe wat hulle na skoolverlating beklee nie, word deur hierdie data bevestig (vergelyk 1.1 & 3.4).

5.3.4 Die geskiktheid van die opleiding wat leerlinge, ten opsigte van moontlike arbeidsplasing, ontvang (Vraag 2.4)

Sewe van die agt respondente wat vraag 2.4 (tabel 5.17) beantwoord het, is van mening dat die praktiese opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang, geen direkte verband hou met die werk wat hulle verrig nie. Die ander werkgewer het tydens die gestruktureerde onderhoud aangedui dat daar slegs 'n indirekte verband is tussen die skoolopleiding en die werk wat verrig word (vergelyk paragraaf 2.5). Hierdie data kom ooreen met die data wat uit vraelyste (tabel 5.5) aangebied is.

TABEL 5.17 AANTAL WERKGEWERS WAT AANDUI OF DAAR 'n VERBAND IS TUSSEN DIE SPESIFIEKE PRAKTIESE OPLEIDING WAT LEERLINGE AAN SPESIALE SKOLE ONTVANG EN DIE WERK WAT HULLE VERRIG.

| REAKSIE | AANTAL RESPONDENTE |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 7 |

### 5.3.5 Skakeling tussen skole en potensiële werkgewers (Vraag 2.5, 2.6 & 2.7)

TABEL 5.18 SKAKELING TUSSEN WERKGEWERS EN SPESIALE SKOLE IN 'n BEPAALDE OMGEWING OM EFFEKTIEWE OPLEIDING EN INDIENSNEMING TE VERSEKER.

| SKAKELING VIND PLAAS | AANTAL RESPONDENTE |
|---|---|
| Ja | 6 |
| Nee | 2 |

Volgens die data wat met vraag 2.5 (tabel 5.18) verkry is, blyk dit dat skakeling tussen ses van die respondente en spesiale skole in hulle omgewing plaasvind. Dit word betwyfel of hierdie skakeling effektief is, aangesien dieselfde respondente ook aangedui het (tabel 5.17) dat die betrokke leerlinge se opleiding nie verband hou met die werk wat hulle verrig nie. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat skakeling tussen die verskillende groepe, naamlik die ouers, potensiële werkgewers, spesiale skole en die onderwysowerheid noodsaaklik is om meer beroepsgerigte opleiding aan verstandelik-gestremde leerlinge te verseker.

TABEL 5.19 DIE AANTAL WERKGEWERS WAT AANDUI OF HULLE OP ENIGE WYSE INVLOED OP DIE SAMESTELLING VAN DIE KURRIKULA EN SILLABUSSE VIR SPESIALE SKOLE UITOEFEN.

| INVLOED WORD UITGEOEFEN | AANTAL RESPONDENTE |
|---|---|
| Ja | 0 |
| Nee | 8 |

Die data wat met vraag 2.6 verkry is, word in tabel 5.19 aangebied. Al agt respondente is van mening dat hulle geen direkte invloed op die samestelling van kurrikula en sillabusse

vir spesiale skole uitoefen nie. Die interpretasie kan gemaak word dat hierdie gebrek aan invloed op die samestelling van sowel kurrikula as sillabusse vir spesiale skole, die oorsaak is dat leerlinge probleme met indiensneming ondervind (vergelyk paragraaf 5.2.4).

TABEL 5.20 DIE AANTAL WERKGEWERS WAT AANTOON DAT HULLE 'n INSPRAAK WIL Hê BY DIE BEPALING VAN KURRIKULA EN SILLABUSSE VIR SPESIALE SKOLE IN HULLE OMGEWING.

| INSPRAAK WORD VERLANG | AANTAL RESPONDENTE |
|---|---|
| Ja | 8 |
| Nee | 0 |

In reaksie op vraag 2.7 (tabel 5.20) het al agt respondente aangedui dat hulle inspraak wil hê by die bepaling van kurrikula en sillabusse vir spesiale skole in hulle onderskeie omgewings.

5.3.6 Indiensnemingsvereistes (Vraag 2.8)

Respondente moes dieselfde stel persoonlikheidseienskappe, vaardighede en kwalifikasies wat deur skole in tabel 5.6 in rangorde van belangrikheid gerangskik is, ook in orde van belangrikheid plaas (vraag 2.8). In tabel 5.21 word hierdie rangorde aangebied en word dit vergelyk met die rangorde (tabel 5.6) wat deur skole aan die bepaalde items toegeken is. Dit blyk dat beide groepe 'n hoë rangorde toeken aan die fisies-psigiese indiensnemingsvereistes. Beide groepe ken aan "beroepsvolwassenheid" die hoogste rangorde toe. Werkgewers het tydens die onderhoude melding gemaak van die feit dat leerlinge nog te onvolwasse is wanneer hulle in diens geneem word.

TABEL 5.21 DIE RANGORDE WAT WERKGEWERS AAN SEKERE PERSOONLIKHEIDSEIENSKAPPE, VAARDIGHEDE EN KWALIFIKASIES MET DIE OOG OP INDIENSNEMING TOEKEN.

| INDIENSNEMINGSVEREISTE | GEMIDDELDE PUNT | RANGORDE VOLGENS WERKGEWERS | RANGORDE VOLGENS SKOLE (TABEL 5.6) |
|---|---|---|---|
| Beroepsvolwassenheid | 4,00 | 1 | 1 |
| Belangstelling | 4,00 | 1 | 11 |
| "Persoonlikheid" | 4,14 | 3 | 3 |
| Algemene handvaardigheid | 4,71 | 4 | 5 |
| Insig | 5,29 | 5 | 10 |
| Fisiese gesteldheid en gesondheid | 5,86 | 6 | 9 |
| Sosiale aanpassingsvermoë | 8,14 | 7 | 4 |
| Vermoë om te kan kommunikeer | 8,29 | 8 | 7 |
| Leesvaardigheid | 8,43 | 9 | 13 |
| Emosionele volwassenheid | 9,14 | 10 | 2 |
| Syfervaardigheid en vermoë om te kan meet | 10,29 | 11 | 14 |
| Algemene vakkennis | 10,86 | 12 | 12 |
| Jaarvlak 5-sertifikaat | 10,86 | 12 | 8 |
| Skryfvaardigheid | 12,00 | 14 | 15 |
| Praktiese vak waarin gespesialiseer word | 13,29 | 15 | 6 |

Terwyl skole die praktiese vak waarin 'n leerling gespesialiseer het, sesde in die rangorde plaas, heg werkgewers min waarde daaraan en plaas dit laagste in die rangorde. Werkgewerrespondente ag algemene handvaardigheid baie belangrik en plaas dit vierde in die rangorde. Skole ken aan algemene handvaardigheid die vyfde plek toe. Hierdie data bevestig die stelling dat hoewel leerlinge verwag om in die rigting waarin hulle op skool gespesialiseer het, in diens geneem te

word, werkgewers hulle in enige rigting waar handvaardigheid vereis word, aanwend (vergelyk paragraaf 1.1).

Die respondente uit die skole ken slegs die dertiende plek aan leesvaardigheid toe, terwyl werkgewers dit negende plaas. Skryfvaardigheid word deur geeneen van die respondente belangrik geag as indiensnemingsvereiste nie.

Uit die data wat in tabel 5.21 aangebied is, kan bepaal word dat daar sekere ooreenkomste, maar ook definitiewe verskille voorkom in die rangordes wat werkgewers en die bestuurspersoneel van spesiale skole onderskeidelik aan die gegewe indiensnemingsvereistes toeken. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die verskille as gevolg van ŉ gebrek aan skakeling tussen die twee groepe respondente voorkom.

### 5.3.7 ŉ Gewysigde skakelproses met die oog op gepaste beroepsgerigte opleiding aan spesiale skole (Vraag 2.9 & 2.10)

TABEL 5.22 DIE PERSOON OF INSTANSIE MET WIE WERKGEWERS, OP DIE MEES PRAKTIESE WYSE WIL SKAKEL TEN EINDE INVLOED UIT TE OEFEN OP DIE BEROEPSGERIGTE OPLEIDING VAN LEERLINGE AAN SPESIALE SKOLE.

| SKAKELPERSOON OF -INSTANSIE | AANTAL RESPONDENTE |
|---|---|
| Die Transvaalse Onderwysdepartement | 0 |
| Die plaaslike skoolhoof | 8 |
| Die superintendent van onderwys | 0 |
| Onderwysburo vir kurrikulering | 0 |
| Sillabuskomitees | 0 |
| Ander instansies | 0 |
| Geen skakeling is nodig nie | 0 |

In reaksie op vraag 2.9 (tabel 5.22) het al agt respondente aangedui dat die plaaslike skoolhoof die aangewese persoon is met wie hulle wou skakel. Die gevolgtrekking kan hieruit gemaak word dat die skakelproses op 'n streeksbasis georganiseer behoort te word.

Respondente het in reaksie op vraag 2.10 voorstelle aan die hand gedoen vir die wysiging van die opleiding van leerlinge aan spesiale skole, sodat dit sal uitloop op indiensneming. Daar is voorgestel dat daar wegbeweeg moet word van die tradisionele ambagsgerigte vakopleiding van dié leerlinge en dat opleiding in ander rigtings, wat beter pas by die verstandelike vermoë van dié kinders, gegee moet word.

5.3.8 Reaksie van 'n potensiële werkgewer wat tans nie leerlinge uit spesiale skole in diens neem nie

Uit die onderhoud met die indiensnemingsbeampte van die betrokke potensiële werkgewer het dit geblyk dat hulle nie op hoogte was met die aard van die opleiding (vraag 3.1) wat leerlinge aan spesiale skole ontvang nie. Die respondent was van mening dat die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang (vraag 3.2) nie voldoen aan die minimumvereistes wat vir hulle laagste poste gestel word nie.

Die respondent het op vraag 3.3 aangedui dat hulle glad nie vertroud was met die jaarvlak-sertifikaat, wat aan leerlinge uit spesiale skole toegeken word nie. Dit het geblyk dat slegs 'n standerd-sertifikaat aanvaarbaar is (vergelyk paragrawe 1.1 & 3.4).

Dit blyk dat die onderneming wel van halfgeskoolde en selfs ongeskoolde werkers gebruik maak (vraag 3.4). Blankes moet ten minste oor 'n standerd tien-sertifikaat beskik om in enige van hulle poste aangestel te word. Die korrektheid van hierdie stelling wat deur die respondent gemaak is, word

betwyfel, aangesien die respondent verder aangedui het dat hulle die Sullivan-kode onderskryf. Hiervolgens word daar, onder andere, geen onderskeid gemaak tussen rasse by die keuring vir aanstelling in poste nie.

Daar was 'n sterk negatiewe gesindheid by die betrokke respondent te bespeur. Dit kan waarskynlik toegeskryf word aan gebrekkige kennis van en vooroordeel teenoor leerlinge uit spesiale skole.

Aangesien slegs een werkgewer, wat nie leerlinge uit spesiale skole in diens neem nie, by hierdie ondersoek betrek kon word, kan daar nie veel peil getrek word op die bevindings in hierdie kategorie nie. Van die negatiewe gesindheid en die houding dat leerlinge uit spesiale skole nie geskik is vir hulle laagste posvlakke nie, moet kennis geneem word.

## 5.4 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is die data wat aan die hand van vraelyste van spesiale skole verkry is, aangebied en geïnterpreteer. Dit blyk dat leerlinge uit spesiale skole nie geredelik ingeskryf word as vakleerlinge nie. Data oor die indiensneming van leerlinge uit spesiale skole word aangebied. Die geskiktheid van die kurrikula en sillabusse van spesiale skole met die oog op indiensneming word aangebied en geïnterpreteer.

In die tweede gedeelte (paragraaf 5.3) word die data wat met behulp van 'n vraagskedule van werkgewers en potensiële werkgewers verkry is, aangebied en geïnterpreteer. Die data handel oor die verspreiding van respondente, die indiensneming van leerlinge uit spesiale skole, die geskiktheid van die opleiding wat hulle ontvang en skakeling tussen werkgewers en skole met die oog op meer beroepsgerigte onderwys aan spesiale skole.

Uit die data is dit duidelik dat die onderrig en opleiding aan spesiale skole in Transvaal gewysig sal moet word, om aan leerlinge meer beroepsmoontlikhede te verskaf.

# HOOFSTUK 6

# SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

## 6.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word die bevindinge van die studie saamgevat en word sekere aanbevelings,gedoen wat moontlik kan lei tot die oplossing van die probleme wat geïdentifiseer is, gedoen.

## 6.2 ALGEMENE OORSIG

Op grond van literatuurstudie is daar in hoofstuk 2 aangetoon dat die verstandelik-gestremde kind, sy ouers, die skool en potensiële werkgewers 'n belang het by beroepsgerigte onderwys aan spesiale skole. Die kind en sy ouers se aanspraak op doeltreffende beroepsgerigte onderwys wat sal uitloop op geskikte beroepsplasing, is bepaal. Daar is verder aandag gegee aan die taak wat die spesiale skool het ten opsigte van die opvoeding en opleiding van die verstandelik-gestremde kind. Potensiële werkgewers se belang by beroepsgerigte onderwys aan spesiale skole is vasgestel.

In hoofstuk 3 is ondersoek ingestel na die program van opvoedende onderwys aan spesiale skole in Transvaal. Aandag is veral gegee aan die kurrikulum en die doelstellings wat in die sillabusse vervat is. Aan die hand van die literatuurstudie wat in hoofstuk 2 saamgevat is, is probleemareas geïdentifiseer.

Die empiriese ondersoek wat in hoofstuk 4 gedoen is en waarvan die data in hoofstuk 5 saamgevat en geïnterpreteer is, toon aan dat die probleme wat in hoofstuk 1 geantisipeer is en in hoofstuk 3 spesifiek geïdentifiseer is, wel bestaan.

In hierdie laaste hoofstuk word die bevindinge van hierdie

studie saamgevat om te kan bepaal of die doelstellings (vergelyk 1.3) bereik is. Aanbevelings vir die oplossing van die probleme word voorgestel en moontlike verdere studieterreine word geïdentifiseer.

## 6.3 SAMEVATTING VAN BEVINDINGE

Die bevindinge van die studie, wat aan die hand van literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek verkry is, word vervolgens saamgevat.

(a) Die meeste leerlinge (76%) wat die skool verlaat om te gaan werk, word in diens geneem in poste wat vir halfgeskoolde en ongeskoolde persone geskik is. Die werk wat hulle doen hou min of geen verband met die opleiding wat hulle op skool ontvang het nie (vergelyk tabelle 5.5 en 5.16).

(b) Daar bestaan 'n gaping tussen die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang en die vereistes wat werknemers met betrekking tot opleiding en indiensneming stel (vergelyk tabel 5.6, 5.7, 5.16 & 5.17).

(c) Die jaarvlak vyf-sertifikaat verleen nie direkte toegang tot vakleerlingskap nie. Slegs 3,7% (vergelyk tabel 5.5) van die skoolverlaters wat by die ondersoek betrek is, was ingeskryf as vakleerlinge in die spesifieke praktiese rigtings wat deur spesiale skole aangebied word. Leerlinge kwalifiseer vir vakleerlingopleiding slegs nadat hulle deur die Department van Mannekragbenutting gekeur is of nadat hulle ten minste 'n N1-sertifikaat aan 'n tegniese kollege verwerf het.

(d) Daar bestaan uiters beperkte beroepsmoontlikhede vir meisies wat hulle opleiding aan spesiale skole voltooi het (vergelyk 5.2.3).

(e) Die rangorde wat skole en potensiële werkgewers aan bepaalde vaardighede kwalifikasies en persoonlikheidseienskappe toeken, met die oog op indiensneming, toon in sommige gevalle ooreenkomste, maar dui ook op groot afwykings (vergelyk tabelle 5.6 & 5.15). Dit dui verder op die gaping tussen opleiding en indiensnemingsvereistes.

(f) Die jaarvlaksertifikaat, vooroordeel teenoor leerlinge uit spesiale skole en besondere gebiedsgebonde indiensnemingsvereistes veroorsaak die grootste probleme by die indiensneming van die betrokke leerlinge (vergelyk tabel 5.7).

(g) Die kurrikula vir spesiale skole is nie relevant nie en sillabusse hou nie rekening met die vinnige veranderinge in die bedryfswêreld nie (vergelyk 5.2.5).

(h) Daar bestaan skakeling tussen potensiële werkgewers en skole. Hierdie skakeling lei egter nie tot meer beroepsgerigte onderrig en beter indiensneming van die betrokke leerlinge nie en behoort op 'n meer formele grondslag georden te word (vergelyk 5.2.6 en 5.3.4).

(i) Die Departementshoof: Opvoedkundige Leiding vervul 'n vername rol in die skakeling met potensiële werkgewers en die ondersoek van werkgeleenthede vir skoolverlaters (vergelyk tabelle 5.8 en 5.9).

(j) Die bestuurspersoneel van skole maak aanbevelings ten opsigte van kurrikulering en sillabusse op 'n ongeordende en meestal indirekte wyse. Die resultate van die aanbevelings lei egter nie tot aanpassings wat uitloop op meer beroepsgerigte indiensneming van skoolverlaters nie.

Dit blyk dat die huidige kurrikula en sillabusse nie voldoen aan die vereistes wat werkgewers by indiensneming stel nie en ook nie aan die verwagtinge van leerlinge nie. Aanbevelings sal gemaak word om 'n gewysigde stelsel, wat op meer beroepsgerigte onderwys aan spesiale skole kan uitloop, tot stand te bring.

## 6.4 AANBEVELINGS

### 6.4.1 Doeltreffende skakeling


Daar is vasgestel dat daar 'n gaping bestaan tussen die bestaande kurrikula vir spesiale skole en die vereistes wat deur werkgewers vir indiensneming gestel word. Ook is vasgestel dat leerlinge in beroepe wat nie direkte verband hou met hulle praktiese opleiding op skool nie, in diens geneem word. Daar word daarom voorgestel dat 'n geordende, gebiedsgebaseerde prosedure vir skakeling tussen werkgewers en die betrokke spesiale skole ontwikkel moet word.

Figuur 6.1 dui 'n model aan wat skakeling tussen die betrokke onderwysdepartement en die potensiële werkgewers in 'n bepaalde streek op 'n hegte grondslag behoort te orden.

Die bestuurspersoneel van elke individuele spesiale skool speel 'n kernrol in die skakelproses. Inisiatief en leiding sal van hulle moet uitgaan om die werkgewers in die bepaalde skool se voedingsarea, by die proses te betrek. Werkgewers wat by 'n bedryf betrokke is, word in 'n advieskomitee vir daardie bedryf georganiseer. Die hoof of die adjunk-hoof, die departementshoof: Opvoedkundige Leiding en die departementshoof vir die betrokke praktiese vakgroep behoort in so'n komitee opgeneem te word. Tydens periodieke vergaderings word probleme in verband met opleiding en indiensneming bespreek en kan voorstelle vir sillabusaanpassing en selfs kurrikulumwysigings gemaak word. Hierdie voorstelle word verder deur die hoof en die bestuurspersoneel van die skool

hanteer. Komitees vir die verskillende bedrywe kan egter ook op horisontale vlak met soortgelyke komitees by ander skole skakel, ten einde groter eenvormigheid in ŉ streek te bewerkstellig.

FIGUUR 6.1 ŉ MODEL VIR SKAKELING TUSSEN WERKGEWERS EN DIE ONDERWYSDEPARTEMENT



Die skool se bestuurspersoneel analiseer en evalueer die aanbevelings van die onderskeie komitees. Hierna kan die sillabusse ontwikkel word om aan te pas by die aanbevelings, of kan wysigings aan die verborge kurrikulum aangebring word.

Indien die aanbevelings nie op hierdie wyse hanteer kan word nie, word op een van die volgende wyses geskakel:

- horisontale skakeling met ander spesiale skole in dieselfde omgewing;
- vertikale skakeling met 'n streekskomitee wat uit al die hoofde in 'n spesifieke streek bestaan;
- vertikale skakeling met die superintendent van onderwys wat vir die betrokke komponent of vak verantwoordelik is;
- vertikale, regstreekse skakeling met die betrokke afdeling by die Transvaalse Onderwysdepartement.

In alle gevalle behoort die verskillende groepe wat belang het by die onderrig en opleiding van leerlinge aan spesiale skole, geken te word by enige wysigings van die kurrikula of sillabusse. Doeltreffende skakeling tussen die betrokke groepe behoort uit te loop op aanvaarbare beroepsgerigte opleiding, wat weer behoort uit te loop op gepaste indiensneming van skoolverlaters.

Indien hierdie stelsel toegepas word, behoort gebiedsgebonde probleme nie voor te kom nie. Werkgewers en skole se verteenwoordigers kan deurlopend met mekaar skakel en self probleme oplos.

### 6.4.2 Hersiening van kurrikula

Die feit dat slegs 3,7% van die skoolverlaters ingeskryf was as vakleerlinge in die rigtings waarin hulle op skool in die praktiese afdeling kon spesialiseer, terwyl 76% van die betrokke leerlinge in diens geneem is in beroepe wat min of geen verband het met hulle opleiding nie, maak aanpassing in

die kurrikula noodsaaklik. Vir seuns behoort vakke soos slagkunde en die bewerking van vleis oorweeg te word. Opleiding behoort voorsiening te maak vir beroepsrigtings soos die sekuriteitswese en die verpakkingsbedryf (vergelyk tabel 5.5 & 5.16). Aangesien 'n groot aantal van die seuns by skoolverlating as operateurs in diens geneem word, behoort verdere navorsing gedoen te word oor watter opleiding op die beroepsrigtings van toepassing is en hoe dit uitgebrei kan word.

Die kurrikulum vir meisies behoort in sy geheel aangepas te word, aangesien die beroepsgeleenthede, in die bestaande praktiese rigtings waarin hulle opgelei word, uiters beperk is. Die Huishoudkundige studierigting berei meisies eerder voor om huisvrouens as werknemers te word. Hoewel die waarde van dié studierigting besef word, behoort die ander twee studierigtings, nl. Handelsdienste en Monteerwerk, grootliks aangepas te word. Slegs 13,9% meisies wat die skool verlaat het, is in poste as haarkapper-assistente aangestel (vergelyk tabel 5.5:73 uit 524).

Beroepsrigtings, waarin sowel seuns as meisies opgelei kan word en wat vir hulle toeganklik is, behoort ondersoek en by die kurrikulum ingesluit te word.

### 6.4.3 Personeelopleiding

Die personeel wat aan spesiale skole verbonde is, maar meer spesifiek die departementshoof: Opvoedkundige Leiding, behoort spesifiek opgelei te word om werkgeleenthede vir leerlinge uit spesiale skole te evalueer en wysigings ten opsigte van die kurrikula en/of sillabusse te inisiëer (vergelyk tabel 5.8 & 5.9). Die sleutelrol wat die betrokke departementshoof vervul ten opsigte van skakelwerk met werkgewers, evaluering van werkgeleenthede en individuele beroepsbegeleiding van leerlinge behoort by sy werksbelading in aanmerking geneem te word.

Die instelling van ŉ departementshoofpos met die benaming departementshoof: Beroepsbegeleiding, behoort oorweeg te word en behoort duidelik onderskei te word van die huidige pos van die departementshoof: Opvoedkundige Leiding, wat bogenoemde funksies as deel van sy pligte vervul.

6.4.4 Indiensopleiding van leerlinge

Die moontlikheid van ŉ koöperatiewe onderwysstelsel waarin skole vir die formele onderwys verantwoordelik sal wees en werkgewers die praktiese opleiding sal behartig, behoort oorweeg te word. Barnard (1984:72) meen dat die nie-formele onderwys aanvullend behoort te wees tot die formele onderwys. So'n koöperatiewe onderwysstelsel behoort vir sowel die skool as die werkgewer verskeie voordele in te hou (Kimbrell & Vineyard, 1972:5). Die volgende aspekte behoort gekontroleer te word, voordat so'n stelsel oorweeg en in werking gestel word:

- die stadium en ouderdom waarop met indiensopleiding begin word;
- die wyse waarop en die instansie deur wie die sillabusse vir praktiese opleiding deur indiensopleiding saamgestel word;
- alle aspekte in verband met die finansiering van die indiensopleiding;
- die wyse waarop en die instansie deur wie die standaard van die praktiese werk geëvalueer sal word;
- hoe sertifisering sal geskied;
- hoe indiensopleiers geselekteer behoort te word (Okano, 1983:1-14).

ŉ Stelsel waar leerlinge vanaf die ouderdom van ongeveer sestien jaar in diens opgelei kan word, sal nie alleen lei tot beter indiensneming van leerlinge uit spesiale skole nie, maar behoort ook groot kostebesparing teweeg te bring.

## 6.5 SLOT

Die feit dat verstandelik-gestremde leerlinge se opleiding nie uitloop op gepaste indiensneming nie, kan toegeskryf word aan 'n onderwysstelsel kurrikula en sillubusse wat nie altyd relevant is nie. Aanpassings is noodsaaklik om te verseker dat leerlinge opgelei word in rigtings wat vir hulle toeganklik is. Gebiedsgebonde probleme behoort deur die aanpassing van die skakelproses, kurrikula en sillabusse daartoe te lei, dat elke leerling uit 'n spesiale skool 'n suksesvolle werker kan word wat ook sy roeping kan vervul.

BRONNELYS

ARY, D., JACOBS, L.C. & RAZAVIEH, A. 1979. Introduction to research in education. New York: Holt, Rinehart & Winston.

BARNARD, S.S. 1984. Inleiding tot die vergelykende opvoedkunde. Durban: Butterworth.

BECKER, R.J. 1982. Education and work. (In Eighty first yearbook of the National Society for the Study of Education. Chicago: University of Chicago Press.(p.131-159).

BEHR, A.L. 1973. Methods and techniques in educational and psychological research. Pretoria: Van Schaik.

BELLAMY, G.T. 1985. Transition progress: comments on Hasazi, Gordon and Roe. Exceptional children 51(6):474-477, Apr.

BENECKE, F.C. 1980. 'n Pedagogies verantwoorde ontwerp van vraelyste vir die evaluering van beroepskeuse kennis. Pretoria. (Verhandeling (M.Ed.)-Universiteit van Pretoria.)

BERG, I. 1971. The great training robbery. Boston: Beacon Press.

BOSHOFF, W.J. & DAVIES, E.H. 1986. Die verborge kurrikulum en klaskamerbestuur. (Referaat gelewer tydens 'n simposium vir hoofde.) Pretoria: T.O.D. (Ongepubliseer.)

BRUMMER, L.M. & SHOSTROM, E.L. 1982. Therapeudic psychology. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice Hall.

CALITZ, L.P. 1986. Onderwysvoorsiening vir die nie-formele onderwyssektor en die implikasies daarvan vir onderwysbestuur. Educare, 15(1):6-27, 1986.

COETZEE, J.C. 1965. Inleiding tot die algemene teoretiese opvoedkunde. Pretoria: Van Schaik.

COETZEE, J.C. 1940. Die eerste beginsels van die Calvinistiese opvoeding. Stellenbosch: Pro Ecclesia. (Die ossewareeks, nommer 2.)

CERTO, N., MEZZULO, K. & HUNDER, D. 1985. The effect of total task training on the acquisition of busperson job skills at a full service community restaurant. Education and training of the mentally retarded, 20(2):148-155, Jun.

COHEN, C. & MANION, L. 1980. Research methods in education. London: Croom-Helm.

DICKERSON, M.U. 1981. Social work practice with the mentally retarded. New York: The Free press.

DOLL, R.C. 1982. Curriculum improvement: decision making and process. Boston, Mass.: Allyn & Bacon.

DOOYEWEERD, H. 1963. Vernieuwing en beginning. Zutphen: Van den Brink.

EDGAR, E. 1985. How do special education students fare after they leave school? A response to Hasazi, Gordon and Roe. Exceptional children, 51(6):470-473, Apr.

FARLEY, M., SCHACKLETON, J. & TUXWORTH, E. 1985. Education and training: a modular approach. Education, 166(1):13, Jul.

GEARHEART, B.R. 1980. Special education for the 80's. London: Mosby.

GIBBON, J. 1981. The roll of the principal in curriculum development and innovation. Education journal, 91(3):52-57, Nov.

GOOD, C.V. 1972. Essentials of educational research. Englewood-Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

GOODALL, P.A., WEHMAN, P. & CLEVELAND, P. 1983. Job placement for mentally retarded individuals. Education and training of the mentally retarded, 11(9):271-278, Dec.

GREIG, D. 1985. The head's changing role. Education, 165(11):237, March.

GUNTER, C.F.G. 1970. 'n Christelik-georiënteerde opvoedingsfilosofie. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

HAMILTON, J.H. 1971. Die verstandelik-gestremde leerling. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

HARDING, R. 1985. How to plan work-related NAFE. Education, 166(3):68, Jul.

HARMSE, H.J. 1982. Pedagogiek (Deel 4.) Durban: Butterworth.

HASAZI, S.B., GORDON, L.R. & ROE, C.A. 1985. Factors associated with the employment status of handicapped youth exiting high school from 1979 to 1983. Exeptional children, 51(6):455-468, Apr.

HAT
kyk
ODENDAL, F.F., red.

HOWARTH, M. 1985. Culture shock. Education, 165(10):214, March.

HUMPHREYS, D. 1985. Education for life. Education, 166(25,26):571, Dec.

KIMRELL, G. & VINEYARD, B.S. 1972. Strategies for implementing work experience programs. Bloomington, Ill.: McKnight.

KRÜGER, R.A. 1980. Beginsels en kriteria vir kurrikulumontwerp. Pretoria: HAUM.

KRONICK, D. 1975. What about me? Novato: Academic Therapy Publications.

LANDMAN, W.A. 1977. Fundamentele pedagogiek en die onderwyspraktyk. Durban: Butterworth.

LANDMAN, W.A., ROOS, S.G. & VAN ROOYEN, R.P. 1974. Die praktykwording van die fundamentele pedagogiek. Johannesburg: Perskor.

LANDMAN, W.A. & ROOS, S.G. 1979. Fundamentele pedagogiek en die opvoedingswerklikheid. Durban: Butterworth.

MITHAUG, D.E., HORIUCHI, C.N. & FANNING, P.N. 1985. A report on the Colorado statewide follow-up survey of special education students. Exceptional children, 51(5):397-404, Feb.

NIETUPSKI, J.A., HAMRE-NIETUPSKI, S., WELCH, J. & ANDERSON, R.J. 1983. Establishing and maintaining vocational training sites for moderately and severely handicapped students: Studies for community vocational trainers. Education and training of the mentally retarded, 18(3):169-175, Oct.

NISBET, J. 1978. Innovation: Bandwagon or hearse? (In Harris, A., red. Curriculum innovation. London: Croom-Helm. p.1-14.)

NIZIOL, U.M. 1972. Work adjustment and the educable mentally retarded adolescent. Journal of employment counseling, 9(4):158-166, Dec.

ODENDAL, F.F. red. 1981. Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal. Johannesburg: Perskor.

OKANO, K.G. 1983. Management systems for cooperative education. Wyoming: State Departement of Education.

PRATT, D. 1980. Curriculum: design and development. New York: Harcourt, Bruce & Jovanovich.

PRETORIUS, J.W.M. 1979. Opvoeding, samelewing, jeug. Pretoria: Van Schaik.

PRYKE, R. 1986. The rocky road to better schools. Education, 167(11):245, March.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1975. Verslag van die komitee vir gedifferensieerde onderwys en voorligting in sake 'n nasionale onderwysstelsel vir leerlinge met gestremdhede op pre-primêre, primêre en sekondêre skoolvlak met verwysing na skoolvoorligting en ander hulpdienste as geintegreerde dienste van die onderwysstelsel vir die Republiek van Suid-Afrika en Suidwes-Afrika. Pretoria. (Ondersoek na gedifferensieerde Onderwys, deel III). (Voorsitter J.B. Haasbroek.)

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING. 1981. Verslag van die hoofkomitee na onderwys: onderwysvoorsienng in die RSA. Pretoria. (Voorsitter: J.P. de Lange.)

R.G.N.
kyk
RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING.

ROTHSTEIN, J.H. 1962. Mental retardation: readings and resources. New York: Holt, Rinehart & Winston.

RSA
kyk
SUID-AFRIKA (REPUBLIEK)

SCHOEMAN, P.G. 1975. Grondtrekke van fenomologiese pedagogiek in Suid-Afrika. Bloemfontein: Sacum.

SCHOFIELD, H. 1972. The philosophy of education: an introduction. London: Allen & Unwin.

SNYMAN, P.J. 1985. Die bepalers van die gees en rigting van die opvoedende skoolonderwys. Potchefstroom. (Proefskrif (D.Ed.) - PU vir CHO.)

SPOONER, B. 1986. If schools are going to help pupils with unemployment they should abandon the normal syllabus. Education, 167(11):250, March.

STEENEKAMP, C.S. 1984. Praktiese riglyne vir vraelyskonstruksie. Pretoria: R.G.N.

STEENKAMP, C.J.H. 1985. Die beroepsnood van die verstandelik-gestremde leerling van die spesiale skool. Pretoria. (Proefskrif (D.Ed.) - Unisa.)

STEYN, G.H.A. 1981. Navorsingsmetodiek in die opvoedkunde. Pretoria: Academica.

STEYN, H.J. 1984. Die opleidings- en beroepsmoontlikhede vir spesiale skoolleerlinge. (Referaat gelewer tydens streekkursusse in beroepsleiding vir spesiale skole. Pretoria: T.O.D. (Ongepubliseer.)

STEYN, H.J. & JACOBS, H. 1984. Die problematiek van indiensplasing van spesiale skoolleerlinge. (Referaat gelewer tydens die simposium vir vakadviseurs: Loopbaanaangeleenthede) Pretoria: T.O.D. (Ongepubliseer.)

STRAUSS, D.F.M. 1969a. Wysbegeerte en vakwetenskap. Bloemfontein: Sacum.

STRAUSS, D.H.J. 1969b. Christelike wetenskap en Christelike onderwys. Bloemfontein: Sacum.

STOKER, H.G. 1961. Beginsels en metodes in die wetenskap. Potchefstroom: Pro Rege.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1971. Staatskoerant, 12 November 1971. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1967. Wet op nasionale onderwysbeleid, no. 39 van 1967. Pretoria: Staatsdrukker.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1971. Goewermentskennisgewing nommer R2029, 12 November 1971. Pretoria: Staatsdrukker.

TOD
kyk
TRANSVAAL. Onderwysdepartement.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1975. Sillabus vir Afrikaans, eerste taal vir jaarvlak 1-5. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976a. Sillabus vir Wiskunde vir jaarvlak 1-5. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976b. Sillabus vir Geskiedenis-Aardrykskunde. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976c. Sillabus vir Wetenskap waarby Higiene ingelyf is. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976d. Sillabus vir Winkel-en-kantoorpraktyk vir jaarvlak 3-5. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976e. Sillabus vir Huishoudkunde vir spesiale skole. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976f. Sillabus vir Naaldwerk en Kleding. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976g. Sillabus Haarkappery vir jaarvlak 3-5. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976h. Sillabus vir Monteerwerk vir spesiale skole. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976i. Sillabus vir die motorbedryf vir spesiale skole. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976j. Sillabus vir die metaalbedryf vir jaarvlak 3-5. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1976k. Sillabus vir die boubedryf vir spesiale skole. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1984. Syllabus for English, second language for yearlevel 1-5. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1985. Handleiding vir gespesialiseerde onderwys. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria.

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1986. Ad. Hoc-komitee vir die senior spesiale kursus. Notule: 25 Junie 1986. Pretoria. (Ongepubliseer.)

TRANSVAAL. Onderwysdepartement. 1987. Organisasie, funksies en adreslys. Pretoria.

TRANSVAAL. Provinsiale administrasie. 1968. Ordonnansie op spesiale onderwys, no. 20 van 1968. Pretoria.

THOMPSON, J.F. 1973. Foundations of vocational education. Englewood Cliffs, N.J.: Prentice-Hall.

VAN DER STOEP, F. 1984. Non-formal education. Pretoria: Cordex.

VAN DER WALT, J.L., DECKER, E.I. & VAN WYK, J.H. 1977. Inleiding in die fundamentele opvoedkunde. Deel I. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WALT, J.L. & DECKER, E.I. 1978. Inleiding in die fundamentele opvoedkunde. Deel II. Potchefstroom: Pro Rege.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C. 1985. Die vraelys as navorsingsinstrument. (Referaat gelewer tydens die seminaar: Navorsingsmetodologie in die opvoedkunde vir beginnernavorsers, PU vir CHO.) Potchefstroom: PU vir CHO.

VAN LOGGERENBERG, N.T. & JOOSTE, A.J.C. 1978. Verantwoordelike opvoeding. Bloemfontein: Nasboek.

VAN NIEKERK, P.A. 1978. Die onderwyser en die kind met probleme. Stellenbosch: Universiteitsuitgewers.

VAN VUUREN, D.P. 1985. Die media en ontwikkeling by die kind (*In* Van Jaarsveld, P.E., *red*. Ontwikkelingsversteurings: behandeling en voorkoming. Potchefstroom: P.O.K. p.99-109.)

VREY, J.D. 1979. Die opvoedeling in sy selfaktualisering. Pretoria: Unisa.

BYLAE 1

VRAELYS VIR VOLTOOIING DEUR TOPBESTURE VAN SPESIALE SKOLE

BEROEPSGERIGTE ONDERWYS AAN SPESIALE SKOLE IN TRANSVAAL

INSTRUKSIES:

1. Die aangehegte vraelyste moet asseblief deur die topbestuur van die skool voltooi word en voor op of 21 April 1987 aan my teruggepos word in die gefrankeerde koevert wat ingesluit is.

2. By vrae waar u ŉ keuse tussen verskillende moontlikhede moet maak, moet u asseblief ŉ kruis teenoor die toepaslike nommer trek.

   VOORBEELD: Leerlinge wat hierdie skool bywoon is afkomstig uit die volgende gebiede:

   | | | | |
   |---|---|---|---|
   | Plattelands | | | 01 |
   | Stedelik | X | | 02 |
   | Semi-stedelik | | | 03 |

   U merk stedelik indien u skool byvoorbeeld in Johannesburg geleë is.

3. By vrae waar u meer as een antwoord mag gee, word dit aangedui dat alle toepaslike antwoorde gemerk moet word.

4. By vrae waar u ŉ getal moet verskaf, word die syfers teenoor die betrokke nommer ingevul.

   VOORBEELD: VRAAG 2

   Hoeveel van u skool se leerlinge het gedurende 1986 die skool permanent verlaat om te gaan werk?

   | | | | |
   |---|---|---|---|
   | Seuns | 20 | | 10 |
   | Meisies | 5 | | 11 |
   | Totaal | 25 | | 12 |

5. Waar van u verwag word om ŉ sekere rangorde aan te dui, word dit gedoen deur ŉ nommer in die blok agter die betrokke item te skryf. Die syfer 1 dui altyd die hoogste voorkeur of waarde aan.

   Vergelyk asseblief die instruksie met die voorbeeld by vraag 9.

U samewerking word opreg waardeer.

VRAELYS AAN SPESIALE SKOLE

1. Uit watter gebied is die meeste van u skool se leerlinge afkomstig?
(Merk alle toepaslike items met 'n kruis)

| | | |
|---|---|---|
| - Plattelands | | 01 |
| - Semi-stedelik | | 02 |
| - Stedelik | | 03 |
| - Landbou | | 04 |
| - Ligte nywerhede | | 05 |
| - Swaar nywerhede | | 06 |
| - Mynbou | | 07 |
| - Hoogs-geïndustrialiseerd | | 08 |
| - Ander | | 09 |

Indien "Ander" gemerk is, spesifiseer asseblief:

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

2. Hoeveel van u skool se leerlinge het gedurende 1986 die skool permanent verlaat om te gaan werk?

| | | |
|---|---|---|
| Seuns | | 10 |
| Meisies | | 11 |
| Totaal | | 12 |

3. Hoeveel van die bogenoemde skoolverlaters is deur die Departement van Mannekragbenutting vir vakleerlingskap gekeur?

| | | |
|---|---|---|
| Seuns | | 13 |
| Meisies | | 14 |
| Totaal | | 15 |

4. Hoeveel van die gekeurde leerlinge ontvang wél vakleerlingopleiding?

| | | |
|---|---|---|
| Seuns | | 16 |
| Meisies | | 17 |
| Totaal | | 18 |

5. Hoeveel ongekeurde leerlinge ontvang vakleerlingopleiding?

| | | |
|---|---|---|
| Seuns | | 19 |
| Meisies | | 20 |
| Totaal | | 21 |

6. Hoeveel skoolverlaters - soos vermeld in 2. - is tans werkloos?

| | | |
|---|---|---|
| Seuns | | 22 |
| Meisies | | 23 |
| Totaal | | 24 |

7. Hoeveel skoolverlaters ontvang vakleerlingopleiding in die volgende rigtings?

| | | |
|---|---|---|
| Boubedryf | | 25 |
| Motorbedryf | | 26 |
| Metaalbedryf | | 27 |
| Handelsdienste | | 28 |
| Monteerwerk | | 29 |
| Huishoudkundige dienste | | 30 |

8. Dui die aantal leerlinge aan wat die volgende beroepe volg, maar <u>nie</u> as vakleerlinge opgelei word nie.

L.W. Verdere beroepe kan bygevoeg word.

| | | |
|---|---|---|
| a) Bodes | | 31 |
| b) Bedraders | | 32 |
| c) Haarkapper-assistente | | 33 |
| d) Handlangers | | 34 |
| e) Huishoudsters | | 35 |
| f) Kassiere | | 36 |
| g) Klerke / Verkopers | | 37 |
| h) Kinderoppassers | | 38 |
| i) Myners | | 39 |
| j) Nutsmanne | | 40 |
| k) Operateurs | | 41 |
| l) Plaasassistente | | 42 |
| m) Posmanne | | 43 |
| n) Pompjoggies | | 44 |
| o) Sekerheidsbeamptes | | 45 |
| p) Slagters | | 46 |
| q) Verpakkers | | 47 |
| r) Spoorwegwerkers | | 48 |
| s) Assistent Verpleegsters | | 49 |
| t) Wasserybedieners | | 50 |
| u) Ander | | 51 |

Meld asseblief die <u>ander</u> beroepe wat gevolg word, hier:

______________________________

______________________________

______________________________

9. Watter waarde heg u skool aan die volgende items by die indiensplasing van leerlinge wat nie as vakleerling opgelei word nie?

Plaas die items in rangvolgorde (1 tot 15) deur 'n nommer in die blokkie agter die item te plaas (1 is die belangrikste en 15 die onbeduidendste).

BYVOORBEELD: Belangstelling | 3 | 64 |

indien dit vir u die derde belangrikste item is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| a) | 'n Jaarvlak 5-sertifikaat | | 52 |
| b) | Praktiese vak waarin gespesialiseer is | | 53 |
| c) | Algemene handvaardigheid | | 54 |
| d) | Vermoë om te kan kommunikeer | | 55 |
| e) | Syfer- en meetvaardigheid | | 56 |
| f) | Persoonlikheid | | 57 |
| g) | Fisiese gesteldheid en gesondheid | | 58 |
| h) | Emosionele volwassenheid | | 59 |
| i) | Sosiale aanpassingsvermoë | | 60 |
| j) | Algemene vakkennis | | 61 |
| k) | Leesvaardigheid | | 62 |
| l) | Skryfvaardigheid | | 63 |
| m) | Belangstelling | | 64 |
| n) | Beroepsvolwassenheid | | 65 |
| o) | Insig | | 66 |

10. Dui aan of die volgende faktore in u omgewing probleme veroorsaak by die indiensplasing van skoolverlaters wat nie vir vakleerlingskap kwalifiseer nie.

| | | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|---|
| i) | Die jaarvlakstelsel en -sertifikaat | | 67 | | 68 |
| ii) | Besondere indiensnemingsvereistes | | 69 | | 70 |
| iii) | Vooroordeel teenoor spesiale skoolleerlinge | | 71 | | 72 |
| iv) | Beroepsonvolwassenheid | | 73 | | 74 |
| v) | Gebrekkige kennis van lees, skryf en reken | | 75 | | 76 |
| vi) | Verstandelike onvermoë van leerlinge | | 77 | | 78 |
| vii) | Ooraanbod van werknemers op die besondere posvlak | | 79 | | 80 |

| | | JA | | NEE | |
|---|---|---|---|---|---|
| viii) | Nie-toepaslike praktiese opleiding | | 81 | | 82 |
| ix) | Te gespesialiseerde opleiding | | 83 | | 84 |
| x) | Streeksgebonde werksgeleenthede | | 85 | | 86 |

11. Behoort spesiale skole in Transvaal volgens u mening 'n taak te hê ten opsigte van beroepsgerigte opleiding van leerlinge?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 87 |
| NEE | | 88 |

12. Voldoen die huidige kurrikulum vir spesiale skole aan die beroepsbehoeftes van u leerlinge?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 89 |
| NEE | | 90 |

13. Voldoen die voorgeskrewe sillabusse aan streeksgebonde indiensnemingsvereistes?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 91 |
| NEE | | 92 |

14. Kan u skool die voorgeskrewe sillabusse ontwikkel om te voldoen aan spesifieke vereistes van potensiële werkgewers?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 93 |
| NEE | | 94 |

15. Maak u skool se bestuur gebruik van die bestaande wyses vir kurrikulumontwerp?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 95 |
| NEE | | 96 |

16. Word die kurrikula vir spesiale skole vinnig genoeg aangepas om tred te hou met veranderende omstandighede?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 97 |
| NEE | | 98 |

17. Bestaan daar by u skool georganiseerde ouerverenigings?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 99 |
| NEE | | 100 |

18. Maak die ouers gebruik van die geleentheid om deur die TAO of TEMPA inspraak te verkry by die bepaling van die kurrikula van spesiale skole?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 101 |
| NEE | | 102 |

19. Behoort potensiële werkgewers op 'n streekbasis inspraak te hê by die vasstelling van sillabusse vir die verskillende vakke soos bv. om te voldoen aan partikuliere vereistes vir u omgewing?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 103 |
| NEE | | 104 |

20. Watter lid van die bestuur by u skool skakel gewoonlik eerste met potensiële werkgewers?

| | | |
|---|---|---|
| Hoof | | 105 |
| Adjunk-hoof | | 106 |
| Departementshoof: Opvoedkundige Leiding | | 107 |
| Departementshoof: Praktiese vakke vir seuns | | 108 |
| Departementshoof: Praktiese vakke vir meisies | | 109 |
| Departementshoof: Skolastiese vakke | | 110 |

21. Watter bestuurslid/lede ondersoek moontlike werksgeleenthede om te sien of dit geskik is vir leerlinge uit u skool?

| | | |
|---|---|---|
| Hoof | | 111 |
| Adjunk-hoof | | 112 |
| Departementshoof: Opvoedkundige Leiding | | 113 |
| Departementshoof: Praktiese vakke vir seuns | | 114 |
| Departementshoof: Praktiese vakke vir meisies | | 115 |
| Departementshoof: Skolastiese vakke | | 116 |

22. Hoe dikwels het u skool se bestuur die afgelope 2 jaar aanbevelings t.o.v. kurrikulering en/of sillabuswysigings gemaak?

| | | |
|---|---|---|
| Een keer | | 117 |
| Twee of drie keer | | 118 |
| Vier of vyf keer | | 119 |
| Meer as 5 keer | | 120 |
| Weet nie / onseker | | 121 |
| Glad nie | | 122 |

23. By wie maak u skool se bestuur aanbevelings ten opsigte van kurrikula en/of sillabusse? (Merk alle toepaslike instansies en/of persone)

| | | |
|---|---|---|
| Superintendent van Onderwys (Vak) | | 123 |
| Superintendent van Onderwys (Streek) | | 124 |
| Onderwysburo vir kurrikulering | | 125 |
| Departementele Navorsingskomitee | | 126 |
| Departementele Studiekomitees | | 127 |
| Departementele Vakkomitees | | 128 |
| Departementele Sillabuskomitees | | 129 |
| Onderwysdepartement | | 130 |
| Onderwysvereniging: Belangegroepe | | 131 |
| Ander instansies | | 132 |
| Ander persone | | 133 |
| Nie van toepassing nie | | 134 |

24. Word probleme en behoeftes van plaaslike werkgewers deur die skool se bestuur aan die T.O.D. gerapporteer?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 135 |
| NEE | | 136 |

Indien "Ja" gemerk is, dui asseblief aan op watter wyse dit gedoen word?

______________________________________________

______________________________________________

25. Spesiale skole behoort meer beroepsgerigte opleiding aan te bied:

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 137 |
| NEE | | 138 |

BAIE DANKIE VIR U SAMEWERKING!

BYLAE 2

## SKEDULE VIR VOLTOOIING TYDENS GESTRUKTUREERDE ONDERHOUDE MET POTENSIëLE WERKGEWERS VAN VERSTANDELIK-GESTREMDE LEERLINGE UIT SPESIALE SKOLE

### AFDELING 1

1.1 In watter gebied is u organisasie as potensiële verskaffer van werkgeleentheid geleë?

(Merk asseblief alle toepaslike items)

| | | |
|---|---|---|
| - Plattelands | | 01 |
| - Semi-stedelik | | 02 |
| - Stedelik | | 03 |
| - Landbou | | 04 |
| - Ligte nywerhede | | 05 |
| - Swaar nywerhede | | 06 |
| - Mynbou | | 07 |
| - Hoogs-geïndustrialiseerd | | 08 |
| - Ander | | 09 |

Indien "Ander" gemerk is, spesifiseer asseblief:

________________________________________

________________________________________

________________________________________

1.2 Verstrek asseblief die aard van u onderneming, maatskappy of besigheid:

| | | |
|---|---|---|
| - Staalnywerheid | | 10 |
| - Handelswese | | 11 |
| - Boerdery | | 12 |
| - Konstruksiewerk | | 13 |
| - Sweiswerk | | 14 |
| - Hospitaalwese | | 15 |
| - Chemiese bedryf | | 16 |
| - Poskantoor | | 17 |
| - Vervoerdienste | | 18 |
| - Boubedryf | | 19 |
| - Meubelmakery | | 20 |
| - Elektriese bedryf | | 21 |
| - Motorbedryf | | 22 |
| - Huishoudkundige bedryf | | 23 |
| - Haarkappery | | 24 |
| - Ander | | 24 |

Indien u "Ander" gemerk het, spesifiseer asseblief die besondere aard van u bedryf hier:

________________________________________

1.3 Neem u leerlinge uit spesiale skole vir verstandelik-gestremdes in diens?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 26 |
| NEE | | 27 |

NOTA: i) Indien vraag 1.3 "JA" beantwoord is, beantoord nog slegs afdeling 2.

OF

ii) Indien vraag 1.3 "NEE" beantwoord is, slaan afdeling 2 oor en beantwoord slegs afdeling 3.

---

AFDELING 2

SLEGS VIR VOLTOOIING DEUR WERKGEWERS WAT WEL LEERLINGE UIT SPESIALE SKOLE IN DIENS NEEM.

2.1 Hoeveel leerlinge uit spesiale skole het u gedurende die tydperk 1 Januarie 1985 tot 31 Desember 1986 in diens geneem?

| | | |
|---|---|---|
| Seuns | | 28 |
| Meisies | | 29 |
| Totaal | | 30 |

2.2 Hoeveel van die bogenoemde leerlinge wat in u diens is, is ingeskrewe vakleerlinge?

| | | |
|---|---|---|
| Seuns | | 31 |
| Meisies | | 32 |

2.3 Dui asseblief die tipe pos(te) aan waarin leerlinge uit spesiale skole wat nie kwalifiseer vir vakleerlingopleiding nie, by u onderneming aangestel word.

(Meer as een kan gemerk word).

| | | |
|---|---|---|
| - Operateur | | 33 |
| - Bode | | 34 |
| - Klerk | | 35 |
| - Nutsman | | 36 |
| - Algemene assistent | | 37 |
| - Baanopsigter | | 38 |
| - Blokman | | 39 |
| - Konstruksiewerker | | 40 |
| - Bouwerker | | 41 |
| - Paneelklopper | | 42 |
| - Fabriekswerker | | 43 |
| - Haarkapperassistente | | 44 |
| - Portier | | 45 |
| - Huishoudelike Assistente | | 46 |
| - Huishoudster | | 47 |
| - Hyskraandrywer | | 48 |
| - Kasregisteroperatrise | | 49 |
| - Kelner | | 50 |
| - Klerk | | 51 |
| - Kookster | | 52 |
| - Lampman | | 53 |
| - Lynwerker | | 54 |
| - Nutsman | | 55 |
| - Plaatmetaalwerker | | 56 |
| - Skoonmaker | | 57 |
| - Skrynwerker | | 58 |
| - Slagpale-assistent | | 59 |
| - Stoker | | 60 |
| - Sweiser | | 61 |
| - Tuinier | | 62 |
| - Verpleeghulp | | 63 |
| - Wassery | | 64 |
| - Winkelassistent | | 65 |
| - Ander | | 66 |

Indien u "Ander" gemerk het, spesifiseer asseblief die pos(te) hier:

________________________________________

________________________________________

2.4 Het die spesifieke praktiese opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang het, direkte verband met die werk wat hulle by u verrig?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 67 |
| NEE | | 68 |

2.5 Vind daar skakeling tussen u en die spesiale skool (skole) in u omgewing plaas om effektiewe opleiding en indiensneming te verseker?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 69 |
| NEE | | 70 |

2.6 Oefen u op enige wyse invloed uit op die samestelling van die kurrikula en sillabusse van spesiale skole?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 71 |
| NEE | | 72 |

2.7 Behoort potensiële werkgewers 'n inspraak te hê by die bepaling van kurrikula en sillabusse vir spesiale skole in hulle omgewing?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 73 |
| NEE | | 74 |

2.8 Watter waarde heg u onderneming aan die volgende items by die indiensplasing van leerlinge wat nie as vakleerlinge opgelei word nie?

Plaas die items in rangvolgorde (1 tot 15) deur 'n nommer in die blokkie agter die item te plaas (1 is die belangrikste en 15 die onbeduidenste)

BYVOORBEELD: Belangstelling | 3 | 87 |

indien dit vir u die derde belangrikste item is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| a) | 'n Jaarvlak 5-sertifikaat | | 75 |
| b) | Praktiese vak waarin gespesialiseer is | | 76 |
| c) | Algemene handvaardigheid | | 77 |
| d) | Vermoë om te kan kommunikeer | | 78 |
| e) | Syfer- en meetvaardigheid | | 79 |
| f) | Persoonlikheid | | 80 |
| g) | Fisiese gesteldheid en gesondheid | | 81 |
| h) | Emosionele volwassenheid | | 82 |
| i) | Sosiale aanpassingsvermoë | | 83 |
| j) | Algemene vakkennis | | 84 |
| k) | Leesvaardigheid | | 85 |
| l) | Skryfvaardigheid | | 86 |
| m) | Belangstelling | | 87 |
| n) | Beroepsvolwassenheid | | 88 |
| o) | Insig | | 89 |

2.9 Met wie sou u op die mees praktiese wyse wou skakel ten einde invloed uit te oefen op die beroepsgerigte opleiding van leerlinge uit spesiale skole. (Merk slegs een persoon of instansie)

| | | | |
|---|---|---|---|
| a) | Die Transvaalse Onderwysdepartement | | 90 |
| b) | Die plaaslike skoolhoof | | 91 |
| c) | Die superintendent van onderwys | | 92 |
| d) | Onderwysburo vir kurrikulering | | 93 |
| e) | Sillabuskomitees | | 94 |
| f) | Ander instansies | | 95 |
| g) | Geen skakeling is nodig nie | | 96 |

2.10 Doen asseblief voorstelle vir wysigings in die skakelproses aan die hand, wat die opleiding van leerlinge uit spesiale skole meer geskik vir indiensneming sal maak.

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

______________________________________________

---

AFDELING 3

NOTA: Slegs vir beantwoording deur werkgewers wat NIE leerlinge uit spesiale skole in diens neem nie.

3.1 Is u vertroud met die opleiding wat leerlinge aan spesiale skole ontvang?

| | | |
|---|---|---|
| TEN VOLLE | | 97 |
| GEDEELTELIK | | 98 |
| GLAD NIE | | 99 |

3.2 Voldoen die opleiding van leerlinge van spesiale skole aan die minimum-vereistes vir u laagste poste?

| | | |
|---|---|---|
| TEN VOLLE | | 100 |
| GEDEELTELIK | | 101 |
| GLAD NIE | | 102 |

3.3 Is u vertroud met die jaarvlak-sertifikaat wat spesiale skole aan leerlinge toeken?

| | | |
|---|---|---|
| TEN VOLLE | | 103 |
| GEDEELTELIK | | 104 |
| GLAD NIE | | 105 |

3.4 Neem u onderneming halfgeskoolde persone in diens?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 106 |
| NEE | | 107 |

3.5 BEANTWOORD (NOG SLEGS) HIERDIE VRAAG INDIEN U VRAAG 3.4 "NEE" BEANTWOORD HET.

Wat is die minimum skolastiese kwalifikasie wat u vir u laagste pos vereis?

| | |
|---|---|
| | 108 |

NOTA: BEANTWOORD ALLE VERDERE VRAE INDIEN U VRAAG 3.4 "JA" BEANTWOORD HET.

3.6 Watter waarde heg u onderneming aan die volgende items by die indiensplasing van leerlinge wat nie as vakleerlinge opgelei word nie?

Plaas die items in rangvolgorde (1 tot 15) deur 'n nommer in die blokkie agter die item te plaas (1 is die belangrikste en 15 die onbeduidenste).

BYVOORBEELD: Belangstelling

| | |
|---|---|
| 3 | 121 |

indien dit vir u die derde belangrikste item is.

| | | | |
|---|---|---|---|
| a) | Skolastiese kwalifikasies | | 109 |
| b) | Gespesialiseerde praktiese vakkennis | | 110 |
| c) | Algemene handvaardigheid | | 111 |
| d) | Vermoë om te kan kommunikeer | | 112 |
| e) | Syfer- en meetvaardigheid | | 113 |
| f) | Persoonlikheid | | 114 |
| g) | Fisiese gesteldheid en gesondheid | | 115 |
| h) | Emosionele volwassenheid | | 116 |
| i) | Sosiale aanpassingsvermoë | | 117 |
| j) | Algemene vakkennis | | 118 |
| k) | Leesvaardigheid | | 119 |
| l) | Skryfvaardigheid | | 120 |
| m) | Belangstelling | | 121 |
| n) | Beroepsvolwassenheid | | 122 |
| o) | Insig | | 123 |

3.7 Sou u leerlinge uit spesiale skole in diens neem indien u inspraak ten opsigte van hulle opleidingsprogram verkry en opleiding sodoende meer doelmatig geskied?

| | | |
|---|---|---|
| JA | | 124 |
| NEE | | 125 |
| ONSEKER | | 126 |

BYLAE 3

## SPESIALE SKOLE ONDER BEHEER VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT WAT BY DIE ONDERSOEK BETREK IS

1. Belvedereskool, Benoni.
2. Colignyskool (spesiale afdeling), Coligny.
3. Die Ankerskool, Vanderbijlpark.
4. Edith Hindskool, Johannesburg.
5. Elandsparkskool, Bedfordview.
6. Generaal Kockskool, Potchefstroom.
7. Generaal Piet Joubertskool, Pietersburg.
8. Golfparkskool, Meyerton.
9. Goudveldskool, Langlaagte.
10. Goudwesskool, Carletonville.
11. Greswoldskool, Greswold.
12. Inspanskool, Krugersdorp.
13. Jim van Tonderskool, Bethal.
14. Kempton Panoramaskool, Kemptonpark.
15. Keurhofskool, Klerksdorp.
16. Krugerlaanskool, Vereeniging.
17. Kwaggasrandskool, Pretoria.
18. Marlandiaskool, Maraisburg.
19. Olympiaparkskool, Springs.
20. Oom Paulskool, Rustenburg.
21. Platorandskool, Belfast.
22. Rotundaparkskool, Turffontein.
23. Sonnestraalskool, Pretoria.
24. Susan Strydomskool, Nylstroom.
25. W.H. de Klerkskool, Witbank.
26. Willie Snymanskool, Pretoria.